Redze, Joubert

# DIE DOLOS GOOIER

AFRIKAANSE ROMANTIESE
— — VERHAAL — —

DEUR

J. R.

Gedruk en Uitgegee deur „HET VOLKSBLAD"-DRUKKERIJ.
Postbus 267.
BLOEMFONTEIN.

Waar ik gemeen het dat dit 'n wijsiging van node had, het ik dit gemaak. Dieselfde met eenvormigheid in spelling, met punktuasie, met die verandering in sinsbouw op verskeidene plekke, met die indeling van hoofstukke en someer.

Die werk het die vereiste aandag mijnentwege waarin die auteur mij die volste vrijheid gegee het, gewettig.

Maar dit is en blij die skrijwer J. R. se werk van begin tot end. Sij vernuf en oorspronkelikheid het dit geskep, gebouw en voltooi.

Die „DOLOS GOOIER" is 'n bepaalde vordering op die weg van Afrikaanse romantiese lettere. En dat dit 'n geweldige opgang bij die volk sal maak, betwijfel ek nie.

OOM FANIE.

Bloemfontein, 26 Oktober 1916.

# INHOUD.


| | |
|---|---|
| Diamantveld-toe | 1 |
| Die Aankoms op Bloemhof | 11 |
| Die Vergadering van Skatte | 20 |
| Die Geluk en die Bedrog | 30 |
| 'n Ster op die Lewenspad | 40 |
| Die Dolos hij Lieg nie | 49 |
| Weer die Sterretje | 59 |
| Mammon's Planne | 68 |
| Maria, Mij Sterretje | 86 |
| Naar die Hogeveld | 97 |
| Basie, die Dolos hij Lieg nie | 106 |
| Naar Sekekoen se Stad | 117 |
| In die Leeuw se Grot | 135 |
| Die Vlug | 144 |
| Collins en Frits | 153 |
| Die end Goed, alles Goed | 165 |

## HOOFSTUK I.

# DIAMANTVELD-TOE.

Geen mens wat nog nooit op die diamantvelde van die Vaalrivier gewees het, kan ooit 'n besef hê van die armoede wat daar heers. Nog sou dit nie so opvallend wees nie, was dit nie dat die mense wat daar die meeste aan armoede lij, 'n heeltemaal ander klas is als die gewone arm mens wat 'n mens in die stede, of op die platteland gewoon is te sien.

In 'n dorp raak 'n mens heel dag met arme mense deurmekaar sonder dat jij daar iets van denk, of sonder dat jij maar iets biesonders opmerk; want, soos die Bijbel sê : „Die arme is altijd met ons".

Tussen twee hakies gesê, die Bijbel het net sowel kan sê : „Daar's gewoonlik 'n paar rijkes bij ons", want ons is maar oor die algemeen arm.

Van die bedelaar in die stad neem ons bijna nie meer notisie nie, en ook nie van die fatsoenlike arme man nie, want afgesien van 'n paar boekhouers en 'n prokureur of twee, is hulle huislike lewe en private besigheid vir die meeste van ons, maar 'n geslote boek.

Maar op die diamant delwerij is dit anders. Daar is elke man se lewe en doen en late ope vir elke voorbijganger om te sien als hij maar net sij oë wil opehou. Daar word ons genoodsaak om die armoede en lijde te sien, want ons het met alle soorte van die mensdom te doen, en ook, misskien omdat daar bijna niks als armoede is.

'n Mens kan dit bijna vir 'n bewese feit aanneem, dat geen mens daar sou wees, als hij in staat was weg te gaan. Met die uitsondering van 'n paar mense wat maar daar is vir 'n paar weke vakansie, en 'n paar boerefamilies wat op die oomblik op hul plase nie werk het nie en dus hulle tijd net so goedkoop op die delwerije kan deurbreng en daarbij misskien 'n geluk kan tref is die meeste delwers daar omdat andere besighede hulle misluk het en hulle is, in wanhoop, daar gegaan, of misskien is hulle vir niks anders goed en het hulle soos kaf van die koring getrap en met die andere afsaksel van die maatskappij, daarheen gedrewe.

Een ding wat 'n groot invloed op die mense wat op die delwerije woon, ten goede en ten kwade uitoefen is die feit, dat 'n mens daar so dig bij die natuur woon, dat die wette en gebruike van die natuur bijna sonder bewussijn van die mens gehandhaaf word. Daar word die mens in sij doen en late, in sij verlange en lewe, nie gesteur nie deur die wette van die maatskappije, wat maar mensgemaakte wette en sede is en nie so sterk is als die natuurwette nie.

'n Mens leef daar vrij en onbeperk dwarsdeur dinge wat 'n mens in 'n dorp of stad eers oor sal denk of sig oor sal bekommer.

En so kom dit daar misskien meer voor dan in andere plekke, dat mense, en vooral jong mense, die natuur wat in hulle sit en wat in die mensdom sit van die tijd af dat die Paradijs bestaan het, en wat in die mensdom sal sit tot dat die wêreld sal ophou te bestaan, nie kan weerstaan nie, en, in die meeste gevalle voor die natuur beswijk voor dat hulle weet wat hulle gedaan het en sonder om daaraan te denk, wat die gevolge van hulle swakheid sal wees. En soos dit ongelukkig in die meeste gevalle is, is dit gewoonlik nie die swakke persoon self wat die meeste daaronder moet lij nie.

Dit is daar geen buitengewone ding om voor 'n oue stukkende, veelgelapte tent 'n man te sien sit, wat gekleed is in 'n

ou broek, bijna soveel gelap als die tent, 'n kakie hemp sonder kraag en wijd ope op die bors en 'n veldhoed wat al lank al sij beste dae gesien het op sij hoof, besig om 'n pot mieliepap te roer, terwijl die enige ander kos wat te sien is, 'n keteltje koffie is wat op die as staan te trek.

En als jij die man nader bekijk, sal jij sien, dat hij van 'n betere stand is, dat hij die lewe ongewoon is en dat mieliepap nie die moedermelk is waarop hij groot geword het nie.

Misskien, als jij hem nader bekijk, sal jij hem nog herken. Toe jij hem laas gesien het, was hij in 'n heeltemaal andere toestand. Misskien was dit in die teater, waar hij in die voorgestoelte was in sij dans manelletje van die laaste mode, en sij maniere en gedrag die van 'n mode-meneertje, of misskien was dit in 'n klub, waar hij met edele drinkebroers van die land geselskap hou, of misskien was dit in een of ander goewernements kantoor waar jij, met die hoed in die hand van dieselfde man 'n dokument, of 'n verlofbrief moes krij.

Alle soorte van mense is hier in die delwerije bijmekaar, en almal lewe in vrede saam, in die broederskap van armoede en swaarkrij wat almal gelijk maak en die rusie-sug verdrijf.

Glo mij, trouwe, geagte leser, jij wat misskien Sondags 'n paar sillings in die bord gooi om vir 'n heidevolk in 'n ver land, waarvan jij nie eens weet waar dat die heidene woon nie, wat jou nie interesseer nie, en kortom, met wie jij min te doen het, klere te koop, sou beter doen om dieselfde geld te bestee om klere, ja selfs kos te verskaf vir die baing landgenote wat armoedig en hongerig op die delwerij woon, en wat jou wel aangaan, want met 'n beetje hulp en simpatie kan hul weer waardige burgers word van 'n staat, wat flinke burgers en viral hulle kinders nodig het en sal krij.

Ik wil julle vertel van die lotgevalle van 'n jonge man wat sig in die begin van die jaar 1907 op die delwerije bevind het.

Frits Kok was in die tijd 'n jonge man van vijf en twintig jaar; fris gebouw, sterk en, wat nog al meermaal help om 'n

man deur die wereld te breng, hij had altijd die idee in sij kop gehad, dat hij een dag dit so ver sou breng, dat hij 'n man van fatsoen en van tel in die wereld sou wees.

Hij had 'n tamelik goeie opvoeding gehad, maar, toe hij agtien jaar oud was, het sij vader, wat 'n goewernements-beambte was, gesterf en deurdat hulle tamelik arm was, moes hij van skool om sij eie lewe te verdien en sij moeder te help. Hij is toe in 'n kantoorbesigheid gegaan op 'n heel kleine salaris, en sij moeder het kosgangers ingeneem om te kan lewe.

So het dit vir 'n paar jaar aangegaan, en toe sterf die moeder ook. Toe was Frits alleen in die wereld, want broers of susters had hij nie en hij moes verder vir hemself sorg.

In hem was daar geen eigenlike kwaad, maar so'n jong kerel wat so vroeg al sij eie baas word in 'n stad als Johannesburg, is maar van die begin af aan geneig om nie te voorsigtig te wees nie, en nie genoeg te denk aan die toekoms nie.

Hij het maar so te sê van hand tot mond gelewe sonder daaraan te denk, dat hij voorsorg moes maak vir die dag van morre.

Op 'n goeie, of vir hem 'n slegte dag, sterf sij baas, en, daar die besigheid daarmee op 'n end is, vind hij dat hij sonder werk en bijna sonder geld is. Nou, vir 'n man wat net kantoorwerk ken, is dit een van die moeilikste dinge van die wereld om in Johannesburg weer 'n betrekking te krij, en dit was 'n hele tijd voordat hij weer iets kon verdien.

Toe hij eindelik weer werk krij, was dit so'n sleg betaalde posisie, dat hij, wegens die tijd wat hij werkloos rondgeloop het, en die manier wat hij nou moes lewe, moes insien, dat als daar iets van sij lewe moes tereg kom, dan moes hij wat beters vir sigself doen, anders sou hij in die sloot van 'n arme, slegbetaalde sukkelaar val en dit sij lewe lang blij.

Een middag, in Pritchard Straat, ontmoet hij 'n maat van hem, wat ook 'n klerk en wat meer of min in dieselfde posisie was, en hul gaan saam in die "Anglo-Austrian" Koffiehuis 'n koppie koffie drink.

Onder die gesprek merk Frits op, dat sij maat, Jan de Beer, iets mankeer, en dat sij gedagte verstrooid was. Hij sê toe: Jong, wat mankeer jij? Jij lijk vir mij so kroes."

Jan sit 'n tijd stil, en toe sê hij: ,,Wel, man, ons is ou maats, en ik kan jou maar sê .Ek krij dit deksels swaar hier."

,,Hoe meen jij?"

,,Wel, ik moet mij doodwerk, en ik krij daar bijna niks voor. Kijk, hoe moet 'n man lewe. Jij het nooit iets oor vir plesier nie. En wanneer kan 'n man iets beters verwag? 'n Mens kan so aangaan tot jij stokoud is."

,,Wel!" sê Frits, ,,dit gaat met mij ook so, maar wat wil jij maak?"

,,Ek weet nog nie, maar ek sal wel 'n plan krij."

Dit was Jan de Beer se leer. Als hij in de moeilikheid was, of iets nie kon reg krij nie, dan sê hij altijd: ,,Ek sal 'n plan krij."

,,Wel", antwoord Frits toe na 'n poosje, ,,ek moet ook een van die dae 'n verandering maak want met mij gaat dit ook maar opdraand."

,,Het jij al 'n plan bedenk?" vra Jan.

,,Nee, nog nie, maar ek sal ook wel 'n plan krij."

,,Ons sal sien", sê Jan en hul gaan weg, en uitmekaar uit, huistoe.

Frits het nie veel verder die dag daaraan gedenk nie, en om die waarheid te sê, het hij die hele affêre vergeet. Hij het ook nie weer vir Jan vir 'n paar dae gesien nie, en sou misskien maar so met sij lewe deur gegaan het, het daar nie omtrent 'n week daarna, iets gebeur, iets waar Jan hoofsakelik die skuld van was, wat sij hele lewensloop verander het.

Een morre, omtrent tien uur, terwijl hij voor sij skrijfmasjien sit, om sij baas se briewe te skrijf, kom een van die ander klerke hem sê, dat iemand hem op die telefoon wil sien. Hij gaan daarna-toe en sê:

,,Ja! Kok hier! wat is dit?"

man deur die wereld te breng, hij had altijd die idee in sij kop gehad, dat hij een dag dit so ver sou breng, dat hij 'n man van fatsoen en van tel in die wereld sou wees.

Hij had 'n tamelik goeie opvoeding gehad, maar, toe hij agtien jaar oud was, het sij vader, wat 'n goewernements-beambte was, gesterf en deurdat hulle tamelik arm was, moes hij van skool om sij eie lewe te verdien en sij moeder te help. Hij is toe in 'n kantoorbesigheid gegaan op 'n heel kleine salaris, en sij moeder het kosgangers ingeneem om te kan lewe.

So het dit vir 'n paar jaar aangegaan, en toe sterf die moeder ook. Toe was Frits alleen in die wereld, want broers of susters had hij nie en hij moes verder vir hemself sorg.

In hem was daar geen eigenlike kwaad, maar so'n jong kerel wat so vroeg al sij eie baas word in 'n stad als Johannesburg, is maar van die begin af aan geneig om nie te voorsigtig te wees nie, en nie genoeg te denk aan die toekoms nie.

Hij het maar so te sê van hand tot mond gelewe sonder daaraan te denk, dat hij voorsorg moes maak vir die dag van morre.

Op 'n goeie, of vir hem 'n slegte dag, sterf sij baas, en, daar die besigheid daarmee op 'n end is, vind hij dat hij sonder werk en bijna sonder geld is. Nou, vir 'n man wat net kantoorwerk ken, is dit een van die moeilikste dinge van die wereld om in Johannesburg weer 'n betrekking te krij, en dit was 'n hele tijd voordat hij weer iets kon verdien.

Toe hij eindelik weer werk krij, was dit so'n sleg betaalde posisie, dat hij, wegens die tijd wat hij werkloos rondgeloop het, en die manier wat hij nou moes lewe, moes insien, dat als daar iets van sij lewe moes tereg kom, dan moes hij wat beters vir sigself doen, anders sou hij in die sloot van 'n arme, slegbetaalde sukkelaar val en dit sij lewe lang blij.

Een middag, in Pritchard Straat, ontmoet hij 'n maat van hem, wat ook 'n klerk en wat meer of min in dieselfde posisie was, en hul gaan saam in die "Anglo-Austrian" Koffiehuis 'n koppie koffie drink.

Onder die gesprek merk Frits op, dat sij maat, Jan de Beer, iets mankeer, en dat sij gedagte verstrooid was. Hij sê toe: Jong, wat mankeer jij? Jij lijk vir mij so kroes."

Jan sit 'n tijd stil, en toe sê hij: ,,Wel, man, ons is ou maats, en ik kan jou maar sê .Ek krij dit deksels swaar hier."

,,Hoe meen jij?"

,,Wel, ik moet mij doodwerk, en ik krij daar bijna niks voor. Kijk, hoe moet 'n man lewe. Jij het nooit iets oor vir plesier nie. En wanneer kan 'n man iets beters verwag? 'n Mens kan so aangaan tot jij stokoud is."

,,Wel!" sê Frits, ,,dit gaat met mij ook so, maar wat wil jij maak?"

,,Ek weet nog nie, maar ek sal wel 'n plan krij."

Dit was Jan de Beer se leer. Als hij in de moeilikheid was, of iets nie kon reg krij nie, dan sê hij altijd: ,,Ek sal 'n plan krij."

,,Wel", antwoord Frits toe na 'n poosje, ,,ek moet ook een van die dae 'n verandering maak want met mij gaat dit ook maar opdraand."

,,Het jij al 'n plan bedenk?" vra Jan.

,,Nee, nog nie, maar ek sal ook wel 'n plan krij."

,,Ons sal sien", sê Jan en hul gaan weg, en uitmekaar uit, huistoe.

Frits het nie veel verder die dag daaraan gedenk nie, en om die waarheid te sê, het hij die hele affêre vergeet. Hij het ook nie weer vir Jan vir 'n paar dae gesien nie, en sou misskien maar so met sij lewe deur gegaan het, het daar nie omtrent 'n week daarna, iets gebeur, iets waar Jan hoofsakelik die skuld van was, wat sij hele lewensloop verander het.

Een morre, omtrent tien uur, terwijl hij voor sij skrijfmasjien sit, om sij baas se briewe te skrijf, kom een van die ander klerke hem sê, dat iemand hem op die telefoon wil sien. Hij gaan daarna-toe en sê:

,,Ja! Kok hier! wat is dit?"

„Is dit jij, Frits de Beer?"

„Ja, wat is dit?"

„Jong" sê Jan, „kan jij elf uur uitkom om tee te drink? Ek wil jou graag sien."

„Ja. Ek denk so. Wat mankeer?"

„Ek kan jou nie oor die telefoon sê nie. Kom om elf uur naar die „Princess" Koffiehuis, dan sal ek jou sê."

„Goed, ek sal daar wees."

Frits het toe nie verder daaraan gedenk nie, en begin weer met sij werk.

Julle moet weet, julle wat nie in Johannesburg woon nie, dat dit daar sowel als in Pretoria en die Kaap, die gewoonte is om 's oggens elf uur altijd vir 'n tien minute of 'n kwartier die kantoor te verlaat om te gaan „tee drink". Dan gaat baas, sowel als klerk naar die naaste koffiehuis en drink, nie tee nie, maar koffie.

Wanneer die gewoonte begin het is in die duisternis van die verlede verlore, maar ik het 'n halwe idee dat 'n sekere Dix, wat omtrent dertig jaar tevore die eerste bekende Café in die Kaap opgerig het, daar die skuld van het. En nog nooit het 'n baas daar aan gedenk om die gewoonte af te skaf nie. Dit is een van die onbeskrewe priviliges van die klerk, en 'n poging om dit af te skaf sou 'n oproer verwek. Die man wat die gewoonte het om 's morrens elf uur 'n koppie tee of koffie te dring, is daar net so aan verslaaf, als die man wat sij whiskey en soda gewoon is. Ek het al meermaal die koffiedrinker gesien wat, als dit elf uur is, ongeduldig word als hij nie kan weg kom nie om sij koppie te geniet.

Frits se baas was 'n Skotsman en was vreeslik streng op die kantoor, maar selfs hij het hem aan die koffieuur gewoonte moet hou, maar wee die klerk wat langer dan 'n kwartier wegblij. Dit word dan dubbel weer uit hem gehaal. Dit was nie heeltemaal padlangs nie, want daar hij 'n Skot was, was hij 'n

"whiskey-en-soda" man, en partijmaal het hij langer weg gebly dan nodig was om 'n dop te steek.

Ongelukkig, of misskien gelukkig, het hij op die dag glad nie kon uitgaan nie soos Frits later uitgevinde het.

Toe Frits kort na elf uur bij die ,,Princess" koffiehuis kom, was Jan al daar. Hij moet al 'n hele tijd daar gewees hê want hij het al sij koffie klaar gedrink. Frits wis toe dat daar iets verkeerd moes wees, want als 'n man net 'n kwartier tijd het vir 'n bestelling, en hij kom bijna die helfte van die tijd te vroeg, dan moet daar iets verkeerd wees..

Frits gaan sit, order sij koffie van die meisie wat hul bedien en sê toe:

,,Wel, wat is dit nou?"

,,Jong, Frits, mij tijd is gekom, ek moet nou 'n plan krij, en dit net gou. Maar ek het al een."

,,Wat mankeer dan?"

,,Wel, sien jij, dit gaan met mij slegter dan ek jou die anderdag vertel het. Jij moet weet, 'n tijd gelede het ek vijf-en-twintig pond van 'n Jood geleen, en nou het hij mij gedagvaar."

,,Maar kan jij dan nie 'n plan maak nie om hem met beetjes af te betaal nie?" vra Frits.

,,Ek kon dit nog gedaan hê, maar ongelukkig het hulle die dagvaarding bij mij op die kantoor gebreng en ou-Burger was toe net daar. Ek sê vir jou, hij het 'n haai-waai gemaak en hij het mij ontslaan!"

,,En wat is jou plan nou?"

,,Jong! kijk, dit lê bij jou."

,,Hoe so?"

Jan haal toe 'n stuk koerant uit sij sak en terwijl hij dit voor Frits opevouw, sê hij:

,,Kijk, jij het nou die dag gesê, dat jij ook 'n plan moet maak en ik denk ons het 'n plan vir ons albei gekrij.

,,Kijk hier", sê hij en hij wijs naar die koerant, ,,lees hier wat sê dit van die Bloemhof diamante?"

En hij begin Fritz uit te lê, wat daar gebeur; hoedat arm mense daar rijkdom uit die aarde uithaal, hoedat hulle daar skielik rijk word en hoe 'n mens daar kanse het wat jij nergens anders krij.

„Kijk hier" gaan hij aan, „hier in die laaste week het 'n kerel 'n diamant gevinde, waarvoor hij vijftien honderd pond gekrij het. Hier het 'n ander een gekrij wat vier honderd pond wêrd is, en nog 'n hele klomp andere wat daar vorentoe gekom het.

Hij spiel die delwerije so mooi voor, dat Frits, teen sij wil daarin belang begin te stel en wat van meer belang is, die tijd vergeet.

„Maar hoe", vra hij, „wil jij sonder geld daar kom?"

„Wel", sê Jan. „Ek het tien pond, wat ek opgespaar het om die Jood te betaal, maar nou dat ek mij betrekking verloor het, moet ek dit vir mijself gebruik. Als jij nou ook tien pond het kan ons lekker reg kom."

Hij moes later uitvinde wat 'n fout dit is, maar uit ondervinding word 'n mens somtijds wijs.

„Kijk", sê Frits, „dis 'n ding wat 'n mens nie somaar hier kan beslis nie.Die tien pond het ek, maar dit het tijd nodig..." en toe val dit hom bij om naar die tijd te kijk.

„Alle wereld", sê hij, „dis kwart oor twaalf. Ek moet trap."

„Op die aarde" sê Jan, „hoe het die tijd gevlieg," en terwijl Frits al bij die deur van die koffiehuis uitgaan, skree hij hem nog toe : „Laat mij weet wat jij denk !"

Jan het beter geredeneer dan als hijself wis, want soos die parlementslid wat 'n mosie moet uit-praat, het hij tijd verdrijf, iets wat hem meer gehelp het dan al die praat van die wereld of al die geleerde argumente van die parlementslid.

Soos ik gesê het, Frits se baas het die dag nie kon uitgaan nie en hij was toe-al nukkerig; maar toe hij kort na elf uur Frits nodig krij om vir hem 'n stuk werk te doen en hij nie te vinde was nie, word hij woedend, en hoe langer Frits wegblij

hoe erger. Eindelik toe Frits, kort voor half-een daar aankom, was die koël deur die kerk.

Toe hij daar kom, storm Mackay op hem los.

„Jou ellendige lummel," sê hij, „denk jij ek betaal jou om rond te loop?"

„Ek vra ekskuus, mister Mackay. Ek het die tijd vergeet."

„Ja, die tijd vergeet, nê. Jij sal nie vergeet om jou geld vir die werk wat jij nie doen nie te neem."

En hij breek op Frits los met 'n streep vloeke wat in die teenwoordigheid van 'n paar meisies wat in die kantoor werk hem self in 'n kwaaie luim bring en ook maar kortvas sijnde, sê hij:

„Kijk, Mister Mackay, ek weet ek het 'n fout gemaak, maar dis nie nodig om met mij te praat of ek 'n kaffer is nie. Dis nie goed genoeg nie."

„Wat?" skree Mackay „nie goed genoeg nie? Ek sal jou wijs wat vir jou goed genoeg is. Jij gaan nou op die plek hier uit. Loop naar die boekhouer en krij jou geld tot op datum."

„Maar, Mister Mackay"! begin Frits weer, „ek het maar . . . ."

„Ja! Ja!" skree Mackay weer. „Jij het! nê? Jij het? Ha! Jij het net te doen wat ek vir jou sê"!

„Ekskuus . . . ." wil Frits weer aangaan, maar Mackay wil nie eens naar hom luister nie.

„Maak dat jij weg kom of ik sal jou nie eers betaal nie wat jij tot vandag verdien het." En, toe stap hij weg.

Frits kon toe nie anders nie. Hij gaan naar die boekhouer toe, 'n man met die naam van Harvey, met wie hij nog al goed bevriend was, en vertel hem die hele geskiedenis.

Harvey wou dit nie eers glo nie, en hij gaan self naar Mackay se kantoor om te kijk wat hij kon doen.

Maar toe hij terugkom skud hij net sij kop en sonder iets te sê, bereken hij uit wat Frits moet krij, en gee hem die geld.

,,En wat gaan jij nou doen?" vra hij vir Frits.

,,Ek weet nie" sê Frits, en voeg weer die fatale woorde daarbij: ,,Ek sal wel 'n plan krij."

En, soos nog al veel gebeur, daar gebeur op een dag meer dan een ding wat later invloed uitoefen op 'n man se lewe, sê Harvey ook nog vir Frits:

,,Ek weet dat jij niks gedaan het wat so'n ontslag verdien nie, maar ek is nie hier baas nie. Maar als ek ooit iets vir jou kan doen, moet jij nie vergeet nie om naar mij te kom. Ek kan nie veel vir jou doen nie, maar wat ek kan, sal ek doen."

,,Ek sal onthou" sê Frits, en hij druk Harvey die hand. En die feit dat hij dit later wel onthou het, het weer 'n keerpunt in sijn lewe veroorsaak.

Toe hij buitekom, staan hij 'n tijdjie op die stoep en denk: Wat nou gedaan?

'n Jong kerel in Johannesburg, met skaars twintig pond als sij hele wereldse besitting; uit sij werk gegooi, en die wa-wije wereld voor hom. Wat moet daarvan word?

Eensklaps denk hij aan Jan en sonder verder daaroor te redeneer of te beraadslaag, besluit hij met Jan saam te gaan.

Hij soek toe vir hem op en deel hem sij besluit mee.

,,Eerste klas" sê Jan ,,Ek wou nie graag alleen gaan nie, en, alhoewel ik jammer is dat jij jou werk verloor het, is ek blij om jou vir 'n maat te hê."

,,Wanneer sal ons gaan?" vra Fritz.

,,Wel morre."

,,Hoekom so gou?"

,,Wel jong, jij weet, ons het nie veel om reg te maak nie, en, soos jij weet, hoe gouer ek kan wegkom, hoe beter. Ek is bang, die Jood sal mij nog laat vang."

,,Goed. Dan neem ons die trein van morre aand."

,,Juis. Ek wonder of dit 'n goeie teken is dat ons albei op dieselfde dag ons ontslag gekrij het?" sê Jan met 'n grimlag.

Maar . . . . ons sal sien!

HOOFSTUK II.

# DIE AANKOMS OP BLOEMHOF.

Dit was 'n Saterdag aand toen die trein, wat ons twee soekers naar die fortuin naar Bloemhof-toe voer, 'n endjie van die dorp, langs die dorre noordwal van die Vaalrivier, in die skemerdonker hier en daar 'n tent of wat van 'n delwer voorbijgaan.

Jan en Frits sit uit die venster van die trein en kijk naar die kale kalkbulte, en 'n soort gevoel van bangheid kom oor hulle. Wat kan 'n mens verwag van so'n wereld waar jij vir mijle en mijle ver niks kan sien, en waar niks beweeg. Dit lijk of die wereld ewigdurend opdraend loop. Van die vroeë morre af al loop die spoor in dieselfde soort land. Skaars 'n bos of boom te sien, selfs nie eens 'n heuwel nie om die eentonigheid af te wissel. Hier en daar 'n boerewoning, sonder boom of tuin, en nou en dan 'n stasie, met 'n winkel en misskien 'n hotelletje.

Vir 'n man wat van 'n grote stad kom waar alles dag en nag, raas en lewe, is dit 'n bijna afskrikkende iets om in 'n so eensame, lewelose wereld te kom.

'n Mens voel verlate en alleen, alsof nie alleen die mensdom, maar ook alles anders wat lewe, die geluk en alles wat die lewe iets wêrd maak, verlore is. Maar dit is juis in dergelike dorre plekke van die aarde waar die minerale rijkdom van die wereld uitkom.

Selde, ja heel selde, het goud, silwer, diamante en andere

van die verborge skatte, uit die fraaie, groene, weelderige begroeide velde gekom.

Daar, waar in die vergete dae van die voorhistoriese tije die vuur van binne uitgebreek het, en die oppervlakte van die aardbol onder gloeiende, hete klip en sand verniel het; daar moet 'n mens soek naar die metale en stene waarnaar die menselike gierigheid smag.

Frits, bij wie 'n gevoel van mismoedigheid, opgekom het, het al meer dan 'n uur stil gesit bij die venster uit te kijk. Jan was van 'n meer onbesorgde, opgeruimde karakter, en skielik terwijl hij Frits op die skouer slaan, sê hij :

„Frits, jong, hoe lijk dit mij jij word bang. Jij moet moed hou man !"

„Ek is nie bang nie, maar die wereld hier lijk mij 'n beettjie drukkend. Ek hoop Bloemhof lijk nie so nie."

„Dis waar" sê Jan, „maar ons is noual so ver; ons moet nou maar aanhou. Ons sal wel reg kom."

Eindelik kom die trein bij Bloemhof stasie aan. Hier was dit weer 'n gewoel, dat onse geluksoekers weer 'n beetjie moed skep.

Die trein van die suide ontmoet hier die trein van die noorde, wat die gewoel verdubbel. Mense wat kom, mense wat weggaan, en honderde wat, daar dit Saterdag is, niks te doen het, en uit nuwsgierigheid naar die stasie-toe kom om die treine te sien virbijgaan.

Kebdrijwers, trollie-drijwers, motorkar-drijwers, amper soos in Johannesburg. Dis bijna ongelooflik, maar in die tijd ses maande na die diamant-storm naar Bloemhof, was daar in en om die dorp wat vroeër skaars honderd-vijftig inwoners had, meer dan ses duisend blanke delwers. Hoeveel kaffers daar was, weet ek nie, maar daar moet bijna soveel gewees het als daar witmense was.

Hulle twee verneem van 'n polisiedienaar, waar die beste is om te gaan blij vir die aand.

„Daar is net een plek," sê hij, „en dis die hotel. En ek denk jul sal swaar krij om daar onder dak te kom."

Hulle was moeg van die lange reis en honger, so neem hulle 'n keb naar die hotel toe, die omtrent 'n half mijl van die stasie af geleë was.

Toe hul daar aankom, was dit omtrent half-ag, en daar het hulle iets gesien wat bijna ongeloofbaar was. Dit was die enigste hotel of kantien in die dorp en als julle onthou dat dit Saterdagaand was, sal julle misskien 'n besef hê van wat moet gebeur als 'n paar duisend man vir die aand dorptoe gekom het om plesier te maak en daar is geen ander ple sier dan drink.

Voor die hotel het dit gelijk of daar 'n publieke vergadering aan die gang was. Die straat was vol mense en die stoepe was bijna onpassabel. Na baing moeite het hulle in die gebouw gekom. Hulle goed het hulle maar in die gang laat lê, en hulle gaan eetkamer toe, maar hier was dit ook stampvol. Partij plekke staan nog mense te wag, om, so gou een klaar ge-eet het sij plek in te neem. Die twee bediendes hardloop rond met borde kos en bottels, en het nie tijd gehad nie om vrae te beantwoord. En dit raas dat dit 'n naarheid is. Hier skree een vir die bediendes iets, daar lag 'n paar saam, hier word 'n prop getrek en daar val 'n bord of 'n lepel met 'n rinkink op die vloer. So 'n gewoel en wirwar het Frits nog nooit in die volste hotel of koffiehuis van Johannesburg gesien.

Hulle besluit toe ook maar om te staan en wag totdat hulle 'n plek kon krij, en toe kon hulle nie eens bijmekaar sit nie.

Die kos was goed, maar die bediendes was te besig om om te gee wat jij wil hê, die nuwe gaste moes maar eet wat hul voorgeset word.

Maar eindelik was dit klaar en hulle gaan uit om die Hotelhouer te soek. Daar was soveel mense, dat hulle nie wis waar om vir hem te soek nie. Eindelik vertel iemand hulle, hij is in

die drinkplek. Dit was of 'n mens naar 'n naald in 'n hawermiet soek. Die kantien was stampvol. Tiendiep staan hulle voor die toonbank, die meeste half-besope, en baing so beskonke dat hul nie sou kan staan nie, was dit nie, dat hulle weerskante so van mense toegepak was dat hulle nie kon geval het nie al sou hulle probeer hê.

Nou en dan, als een van die vrolike klante deur die gewoel verder en verder van die toonbank raak, tot hij uit kom uit die gedrang, dan slinger hij teen die muur neer, of op 'n bank van waar hij later deur sij maters weggedra word, of vanwaar die man wat die Hotel vir die doel aanhou, hem wegsleep en in die straat neergooi waar hij kan bijkom so vroeg of so laat als hij verkies of glad nie als hij dit die voorkeur gee.

Die kantien was vol rook. Dit was warm en die reuk van bijna 'n honderd wasemende, rasende, mense was bijna onuithoudbaar en met die getrap en geskuif van hulle voete, hulle gelag en geskree, was die geraas so onstuimig dat 'n mens se hoor en sien vergaan. Dit was bijna onmogelik om iets te hoor of te verstaan wat die man langs jou praat, en al kon jij hoor wat jou buurman sê, word jij nou en dan gesteur deur iemand wat vir jou absoluut 'n vreemdeling is, maar wat, in sij dronkenskap van iedereen 'n vriend wil maak, en vir jou vra: „Wat wil jij drink?" Baing laat hulle dit welgevalle, en drink saam, maar als iemand nie met 'n vreemde wil saam drink nie, of hij wil nie meer hê nie, gaan dit moelik om van so'n gasvrije vreemdeling ontslae te raak.

Eindelik geluk dit hulle iemand in die hande te krij wat hulle kan aanwijs waar die Hotelhouer is. Hij was aan die anderkant van die toonbank besig met 'n dronk man om die hoogste wijsbegeerte, kantien wijsbegeerte bloot te lê. Frits en Jan beur nader, vorentoe.

„Kom kerel" sê die Hotelhouer aan die praatsieke held, „wat is dit nou? Waarom raas jij so?"

„Daardie Barman wil mij nie 'n dop laat krij nie."

„Nou ja! Jij het al genoeg nefie!"

„Wat!" sê die nefie. „Wie sê ek het genoeg? Wie sê ek is nie 'n gentleman met geld nie?"

„Ag! kom, kom, kerel, niemand het gesê, jij is nie passabel nie, 'n gentleman wat nie skatrijk is nie, maar dis genoeg nou."

„Ja, maar ek is nie dronk nie."

„Die man wat sê, ek wat 'n gentleman is ,is dronk moet uitstaan. Somaar nou, en—enne— ek sal vir hom wijs hoedat hij vir—virre sij pape moet roep om hulp."

„Nonsens nefie! Niemand sê jij is dronk. Maar dis nie mooi om hier so te raas nie. Netnou het ik moeilikheid met die polisie." Dit was 'n swak ekskuus, want daar was nooit meer dan een poliesman op Bloemhof op diens, en al wat hij kon doen was, om die spektakels wat daar gebeur in onmag aan te kijk.

„Wel," sê die nefie „als jij so praat sal ek stil blij, maar ek moet nog 'n regmakertje hê voordat ek loop. Kom neem 'n slukkie saam met mij."

„Nou ja, als jij belowe om te gaan slaap nefie, goed en wel."

„Nou goed oubaas!"

Hulle gaan naar die toonbank toe en order hulle sopies. Julle moet weet, dat 'n hotelhouer, viral op so'n ruwe plek als 'n delwerij, honderdmaal op 'n dag gevra word om te drink, en dit val hom partij maal moeilik om te weier.

Met 'n nugter man kan hij dit doen en die rede uitlê, maar met 'n man wat reeds katswink is gaan dit nie. Hij dwing gewoonlik dat hij moet saamdrink en in die meeste gevalle, als hij aanhou met weier, dan het hij 'n bakkleislag op hande.

Daarom word gewoonlik 'n spesiale bottel agter die toonbank vir die Hotelhouer gehou waarin net koue tee is en als hij „sherry" vra dan krij hij koue tee. Dit lijk misskien skelm

dat hij 'n man 'n silling uit die sak in sij eie, injaag vir 'n beetjie tee, maar Wat moet so'n man doen? 'n Stukvat is hij nie. Hij kan net so min heeldag baklei als wat hij heeldag kan drink. Dit is een van die moeilikste punte in 'n nie al te makkelike besigheid nie, en 'n man die dronk genoeg is om 'n ander te wil dwing om te drink, verdien om sij geld kwijt te wees. Hij soek daarna. Sij wije pad word altijd bree-er.

Nietteenstaade die dronk man se belofte om weg te gaan als hij nog 'n sopie gehad het, het dit nog 'n kwartier geduur voordat die hotelhouer hem buite krij en van hem kon ontslaë raak, en al die tijd moes Jan en Frits maar geduldig wag. Eindelik, tog krij hulle hem in die hande, en vra of hulle vir die nag 'n kamer kan krij.

,,'n Kamer'', sê hij, ,,mijn liewe man, daar is nie 'n kamer in die hele Bloemhof te krij nie. Als ek nog 'n honderd kamers had, sou hul almal vol wees.''

,,Wat moet ons dan doen?''

,,Nee, ou-neef, dit weet ek nie. Julle moet maar buite ergens slaap: Dit spijt mij maar ek kan dit nie help nie.''

,,Wel'', sê Jan, ,,ons sal dit maar moet doen. Dit sal nie die laaste maal wees nie.''

,,Nou ja!'' voeg Frits daarbij, ,,kom, ons gaan 'n plek soek.''

,,Laat ek vir julle raad gee'', sê die hotelhouer. ,,Gaan net hier agter die hotel. Daar is 'n goeie plek daar, en daar kom nie mense nie. Dit sal daar stil wees.''

,,Dankie'' antwoord Frits, ,,maar ons kan seker hier kom-eet morre?''

,,O ja! morre sal dit stil wees hier. Dis Sondag, en dan sal hier nie so baing mense wees nie.''

Hulle het toe vir hulle agter die waenhuis 'n geskikte plekkie gekrij, en het daar hulle komberse opgegegooi. Met hulle skoene vir 'n kussing en met die heldere droewige, heimwee maan in die verte oor hulle als dak, het hulle tog beter geslaap dan hulle verwag het. Na die vermoeienisse van die lange reis, en

van die gewoel en ongewoonheid van die aand, het hulle gou aan die slaap geraak, en dit was nie lang nie, of hulle snork teen mekaar op dat dit 'n pret was om daarnaar te luister.

Die son het net sij kop bo die rand van ons ou wereld uitgesteek, toe hulle die volgende morre wakker skrik. En, O ! wat 'n heerlike, sielverheffende verandering van die vorige aand. Deur die heerlike, frisse, morrelug skijn die eerste strale van die son oor die douwbedekte gras. En wat 'n verrassing !
Frits het verwag, dat hij rondom hem sou sien huise, tente en die woonplase van die mense wat gisteraand so geraas en gewoel het. Maar daar was niks daarvan nie. Agter hulle, agter die waenhuis, en buite sig, was die dorp met al sij naarheid van blikgebouwe en koeliewinkels, maar vóór hulle, nie meer dan een honderd tree ver nie, was die pragtige stroom van die Vaalrivier, in volle vloed na die somer reens in die hoëveld, en anderkant die rivier, 'n pragtige bos van elands en mimosa doringbome sover als die oog kon sien.

Dit was alsof God in Sij almag 'n onpassabele, want die Vaalrivier was daar onpassabel, skeidingslijn getrek het tussen 'n land van vrede en geluk, waar die boer stil en rustig leef met sij vee, en die oproerige land waar die dwaasheid en ligsinnigheid van onverdiende en ligbekome rijkdom gepaard gaan met dronkenskap, huigelarij en bedrog.

Frits, hoewel 'n jonge, onervare man, terwijl hij nog onder sij komberse half-sit, half-lê, naar die pragtige natuurprent kijk, gedronge om die natuurskoon in oëskouw te neem en, daar hij 'n dorpenaar was, moes tot die konklusie kom, dat, in 'n grote stad soos Johannesburg, dit onmoontlik was om 'n besef te krij van wat 'n heerlike werk die skepping van God was en wat 'n totale mislukking die handewerk van die mens is.

Frits en Jan gaan, nadat hulle opgestaan het, naar die hotel om te kijk of hulle daar kon koffie krij. Hier was ook 'n groot verandering. Waar dit gisteraand gewemel het van mense, was

dit nou doodstil. Selfs in die straat was geen mens te sien nie, en die enigste wese wat hulle kon krij, was die kaffer wat in die kombuis besig was om koffie te maak. Die res van die hotel was toe, maar hulle het op een van die banke op die stoep gaan sit en wag vir die koffie, wat nog nie klaar was nie.

Nou kan hulle sien wat vir 'n plek of Bloemhof was. 'n Mens kon ook duidelik sien hoe die dorp gelijk het vóór die ontdekking van die diamante. Daar was maar één straat en ek denk dis die breeedst straat in Suid Afrika. Dit moet goed 'n honderd tree breed wees. Daar was vroeër buite die hotel en twee kerke, maar omtrent twintig gebouwe, waarvan vier of vijf winkels, en in een waarvan die goewernementskantore was. Maar tussenin en rondom die, het, in die paar maande na die diamant-stroom, 'n tamelik groot dorp soos 'n paddestoel opgegroei, maar alles was van hout en sink.

Alles was nuwt, alles was haastig inmekaar getimmer, en niks was van duursame aard nie. Vroeër was Bloemhof bijna nie meer dan 'n plaas nie, maar nou was dit 'n tamelike woelige dorp. En rondom die dorp kon hulle die tente van die delwers sien staan tussen die hope diamant-dragende gruis en tijlings soos die gruis genoem word nadat dit gewas en die diamante daar uitgehaal is.

En in die verte, omtrent twee mijl anderkant die spoorlijn, kon hulle 'n tweede dorp van sink huise en tente sien, waar die eintlike beste delwerije was, en wat bekend was als die „Racecourse", en bijna so groot was als Bloemhof self.

Maar nou op die Sondagmorre was alles stil en rustig, en niemand wat nie die gewoel en geraas van die aand tevore gesien en gehoor het nie, sou kon glo, dat dit dieselfde plek was.

Nadat hulle koffie gedrink het gaan hulle naar die rivier toe om te swem en die stof van die reis van hulle af te was en hulle te verfris vir die dag wat moet kom.

„Jan" sê Frits, nadat hulle terug was, „ons moet nou bedenk wat ons te doen staan."

„Ja, dis reg, en die eerste ding wat ons moet doen is om 'n tent te krij. Ons kan nie in die hotel woon nie. Ons het net knap twintig pond, en ons moet 'n plan maak."

„Wel, ons is nuwt in die werk, en ons weet geen van beië daar iets van. Ek denk ons moet iemand krij wat al lang al hier is, om ons raad te gee."

„Ja, ons kan die hotelhouer vra."

„Ek denk ook so. In elk geval kan ons niks doen. Ons sal maar vandag moet aansukkel tot morre toe ,want vandag is Sondag."

„Wat sal ons vandag doen?"

„Ons kan oor die delwerije gaan rondloop om te kijk hoe dit lijk."

„Goed. Kom ons gaan nou kijk of die ete klaar is."

„Ja, die swem en die ope lug het mij net honger gemaak. Kom dan."

En hulle gaan voort. Hulle goed het hulle saam geneem en, met verlof van die hotelhouer, het hulle dit in die stoorkamers vir die dag geberre.

---

kom, is skraps van geld. Anders sou hulle nie hier wees nie. En, als ek mag vra, waar gaan jul grawe?"

„Ons weet nog nie."

„Nou kijk, laat ek julle kereltjes 'n beetje raad gee. Julle sal 'n heel boel mense krij wat hulle kleims aan julle wil verkoop. Julle moet julle nie daarmee inlaat nie. Een kleim is net so goed als 'n ander, totdat hij bewerk is, want daar is geen mens op die aarde wat met sekerheid kan sê, waar dat jij diamante sal krij, en waar nie. Pen julle eie kleim af, en dan het julle hem virniet en is julle kanse net so goed als die van 'n man wat 'n honderd pond vir sij kleim betaal het.

Diamant delwerij is die grootste dobbelspel op aarde. Ek het hier mense gesien, wat honderde ponde gespandeer, en maande lang laat gewerk het en hulle het nie eens die kleur van 'n diamant gesien nie.

Dan weer, herinner ek mij van 'n geval van 'n arme ou boer wat hier te voet aangekom het met drie pond in sij sak. Hij het 'n pik, 'n graaf en 'n liksens gekoop en 'n beetje kos. Toe pen hij somaar in die vlakte waar geen ander mens werk nie, 'n kleim af en begin te werk.

Hij was, wat diamante aangaan, heeltemaal onnosel, en het van niks afgeweet. Nadat hij omtrent 'n uur gewerk het, kap hij 'n klippie los wat naar 'n stukkie glas lijk. Hij wis nie wat dit was nie maar hij bring dit dorp toe en wijs dit vir een van die diamantkopers.

Die kerel gee hem ses honderd pond daarvoor, want dit was 'n pragtige diamant. Die wonderlike ding daarvan was, dat toe die mense daarvan hoor, hulle die plek onmiddelik gestorm het, maar daar het nooit weer 'n kleur van 'n diamant uitgekom.

„Dus, luister naar mij raad. Pen julle eie kleim af en steur julle aan geen mens."

„Dankie", sê Frits; „ons sal jou raad volg, maar waar moet ons gaan afpen?"

,,Wel" antwoord hij, ,,solang als daar gruis is, is die een plek net so goed als die andere. Julle moet maar julle eige kop volg."

Nadat hulle nog 'n tijdje het sit gesels en 'n glasie wijn saam gedrink het, staan hulle op om te loop en net toe hulle die deur wou uitgaan sê die hotelhouer nog :

,,Nog één raad, pas op vir die Griek Kupolos. Julle kan die goed van hem koop en betaal en verder met hem handel als julle wil, maar wees met hem verder voorsigtig. Ek weet niks teen hem persoonlik, maar partij mense sê dat hij 'n I. D. B. is."

Dit was onnodig om uit te lê wat dit beteken, soos dit trouwens vir die geagte leser ook is, en hulle besluit om voorsigtig te wees met mense wat sig aan 'n onwettige diamanthandel skuldig maak.

Die hotel was nog vol en hulle kon die aand nog nie 'n kamer krij nie, maar dit het hulle nie bekommer nie. Hulle het hulle goed van die stoorkamer gekrij en weer agter die waenhuis gaan slaap, waar hulle net so goed uitgerus het, als dat hulle in die beste kamer van die hotel dit sou gedaan hê.

Die anderdag morre, nadat hulle vir 'n paar pond provisies, soos meel, koffie, suiker en so voorts gekoop, en 'n liksens uitgeneem het, neem hulle 'n keb en gaan met hulle goed naar Kupolos se café toe. Nadat hulle 'n tijdjie met hem onderhandel het koop hulle die hele uitrusting vir sewe pond.

Dit was waar wat die hotelhouer hulle vertel het. Hulle was skaars daar, of dit was bekend dat daar vreemde aangekom het en dit was nie te lang nie, of daar kom al 'n paar kerels wat hulle allerhande wonderlike rijke kleims wil verkoop, ware De Beers mijne wat hul anders nie sou verkoop nie vir 'n duisend pond, maar hulle moes weggaan of hulle had nie meer geld om dit te bewerk nie.

Frits en Jan het hulle almal afgewijs, en het vir hulle self 'n kleim gaan soek. Dit was 'n moeilike ding om 'n plek te kies.

maar hulle het die hotelhouer se advies onthou en maar hulle kop gevolg.

So na als hulle kon aan die groot klomp kleims waar andere mense werk en in die rigting wat die gruis loop, want betaalbare gruis loop gewoonlik in strepe,—het hulle toe 'n kleim afgepen. Daarna het hulle hulle tent gaan haal en dit opgeslaan en bring hulle ander goed en gereedskap daarheen. Toe maak hulle vuur, het kos aangemaak en hulle eerste ete in die veld genuttig. Dit was nie veel van 'n maaltijd nie, maar dit was veel beter dan hulle menigmaal daarna moes eet.

Na die ete besluit hulle om die middag deur te bring met te gaan kijk, hoedat die andere delwers werk, en hulle gaan naar 'n kleim toe waar hulle besig was om te was.

Als 'n delwer praat van „was'' dan meen hij om gruis te was. Die gruis nadat dit deur die bybie gegooi en die groot klippers uitgehaal is, word dan in 'n wasmasjien gewas. Die masjien, die 'n „rotasie-masjien'' heet, is 'n ronde bak, omtrent vijf voet deursnede en omtrent nege duim diep.

Hier word die gruis ingegooi met net genoeg water om dit slijm te maak. Binne in die bak draai stange rond, wat só geplaas is, dat hulle altijd die gruis naar buite-toe werk. So kom die swaarste klippe en gruis onder, om die rand van die bak, terwijl die ligte goed wat niks werd is nie bo uitloop deur 'n oorloopgat, wat dan teilings genoem word.

Die swaar gruis wat meesal uit „bantoms'' bestaan, so genaamd omdat die klippe gewoonlik rond en glad, met sirkels of bande om hulle is en nou en dan, helaas, hoe selde! uit diamante bestaan, word dan deur 'n daarvoor bestemde gaatje, met 'n luikie voorsien in 'n emmer getap.

Dan word die „bantoms'' weer in 'n vat skoon water, in 'n sif geset om die slijm en fijn grond weg te was. Die sif word in die water met 'n biesondere beweging gewerk; op en neer beweeg, en altijd rond en rond gedraai, wat veroorsaak dat die

swaarste klippé, en dus, natuurlik, die diamante, als daar soiets is, onder in die middel van die sif kom lê.

Dan word die sif op die sorteertafel omgekeer, en, als die man, wat die sif hanteer, sij werk verstaan, en daar is 'n diamant in, dan lê die gewoonlik mooi in die middel bô-op die hopie gruis wat op die tafel lê wanneer die sif opgetel word.

Voorsigtigheidshalwe word die ,,bantoms'' nog met 'n blik skrapertje uitgekrap, en goed deursoek om te sien of daar nie misskien 'n verlope diamant in is wat nie mooi bo-op in die middel kom lê het nie. Dit gebeur ook maar selde. Dit is 'n interessante en verleidelike werk en ek het mense die ganse dag bij 'n sorteertafel sien staan te kijk, net soos 'n dobbelaar wat nie van die kaarttafel wil weg gaan nie, alsof hij bang is, dat die gelukkige kaart sal opdraai net omdat hij nie daar is nie.

Als daar nou en dan 'n diamant gevind word, en die publiek kom dit agter, dan storm hulle die plek om te kom kijk, maar gewoonlik word dit waar maar mogelik, stil gehou, want, waar so veel duisende arme mense rondloop, moet uit die aard van die saak, banja booswigte wees, en dit is nie onder die omstandighede goed nie om andere te laat weet, dat jij iets van waarde bij jou het.

Daarbij moet ek daarom sê, dat dit wonderbaarlik is, hoe min misdade behalwe I. D. B. daar teenswoordig op die delwerije gepleeg word, en algemeen is die delwer 'n mens wat met sij buurman in vrede leef, sig binne die wetsbepalinge hou en in wie geen eigenlike kwaad steek.

Frits en sij maat het, na die werk van die dag virbij was met 'n paar van die delwers aan die praat geraak, en toe vind hulle eers uit, hoe sleg dat sake met hulle staan.

,,Hoe lang neem dit jul om so'n hoop gruis uit te haal?'' vra Frits. ,,Wel'', antwoord een van die delwers, ,,daardie hoop het ons al 'n klomp van gewas, maar ons werk in vier dae met ag man genoeg uit vir 'n was.''

,,Met ag man, nê? En hoe lang neem dit dan om dit te was?
,,Twee dae'' antwoord hij.''

Frits bedenk sig 'n bietje en toe vra hij weer: ,,En wat kos 'n masjien?''

,,Ek weet nie'', sê die man. ,,Dis nie ons masjien nie, ons huur dit vir vijf shilling op 'n dag.''

,,En die water, waar krij julle die?''

,,Dit kom uit die Vaalrivier, en ons koop dit van die mense wat dit aanrij vir 'n silling 'n vat. Dit neem omtrent vijf en twintig vate vir 'n was.''

,,En wat betaal julle die volk?''

,,Julle moet niet meer dan twaalf en ses 'n week en hul kos gee nie, anders bederf julle die mark.''

Frits sit weer 'n tijd stil. Hij was besig om in sij gedagte uit te reken, wat dit sal kos om hulle eerste was uit te krij.''

,,Dan'' sê hij eindelik, ,,grof geskat kos dit omtrent sewe pond om 'n was uit te haal en omtrent vijf pond om dit te was.''

,,Ja! meer of min. So in daardie koers van twaalf tot vijftien pond, naar omstandighede.''

Na 'n tijdjie gaan Jan en Frits naar hulle tent terug om hulle aandete klaar te maak, iets wat hulle in stilte gedoen het, want vir 'n besigheid wat skaars tien pond vir kapitaal oor had, was dit geen glansende vooruitsig.

Nadat hulle ge-eet het, sê Jan, die al sij gees en moed skijn verlore te hê op mismoedige toon:

,,Frits, jong! dit lijk vir mij ons geluk is uit. Ek het nooit geweet nie, dat dinge so gelijk het nie, wat vang ons nou aan?''

,,Wel'', antwoord Frits, die gedurende die ete die toestand van sake diep oordenk het, ,,ons is nou hier en ons moet die beste doen wat ons kan. Dis nou breek of bars. Ek denk, ek het 'n plan.''

,,Wat is dit?'' vra Jan.

,,Dis dit. Booysen, die delwer wat ons die informasie verskaf

het, sê vir mij, dat, als 'n mens jou gruis daaruit gehaal en gesif het, is daar mense wat aanneem om dit om die helfte te was.

Hulle gee die masjien, die water, en betaal die volk, en dan neem hulle die helfte van wat gevinde word. Als daar niks gekrij word, dan krij hul niks. Ek het die saak bedenk, en ons het net geld genoeg om uit te kom. Ek stel voor ons huur drie kaffers. Een moet naar die tent kijk en vir die kos sorre. Hij kan 'n jong kaffertje wees, en misskien krij ons hem vir daardie soort werk goedkoop.

Dan, met die ander volk, is ons vier man om die kleim te werk. Als ag man in vier dae 'n was uithaal, sal ons in twee weke 'n tamelike een kan maak en dan laat ons dit om die helfte was. Wat denk jij?"

„Ek denk dis 'n goeie plan", antwoord Jan mismoedig. Hij was in die stemming om enige plan wat 'n mens kan maak, aan te neem. „Maar", sê hij verder, „als ons niks krij nie, wat dan?"

„Krij ons iets, goed, maar krij ons niks dan weet die hemel alleen wat van ons moet word. Maar ek is nou nie in die luim om daaraan te denk nie. Kom ons gaan slaap."

Alhoewel hulle nie lê gesels het nie, was dit daarom lang voordat hulle aan die slaap raak. Maar hulle het albei tot diep in die nag lê te denk, totdat hulle eindelik aan die slaap val. So moeg was hulle en diep was hulle slaap na die vermoeienis van die dag tevore en van die kopbrekens wat hulle toestand hulle besorg het, dat hulle die anderdag morre, met dagbreek, nog so vas geslaap het, dat hulle nooit gewaar geworde het, dat daar iemand in hulle tent gewerkskaf en rondgeloop het.

So omtrent 'n halfuur na son-op, 'n tijd wanneer elke delwer al moet op wees, trek iemand aan Frits se kombers en maak hem wakker.

„Wat is dit?" vra Frits.

„Koffie baas", sê 'n kaffer.

Frits sit pen oorend en kijk hem aan.

,,En wie die duiwel is jij en waar kom die koffie vandaan?''

,,Ek het gemaak, baas.''

,,Gemaak, hoe meen jij, waar krij jij die ketel en die koffie?''

,,Dis basie s'n. Ek krij dit hier in die tent.''

Jan, die inmiddels wakker geword het, maar daarom die koffie drink, sê toe: ,,Wel, wel, dis die grootste parmantigheid wat ek nog ooit gesien het. Waarom het jij dit gedoen?''

,,Ek werk tog nou bij die baas.''

,,So, en van wanneer af?''

,,Van vandaag af, Basie.''

,,En wie het jou gehuur?''

,,Nee, Basie, ek is nog nie gehuur nie, maar ons sal regkom. Ek weet baas het volk nodig, so het ek gereken, ek sal bij die basies kom werk, want hulle lijk mij die basies hulle is goeie basies.''

Frits en Jan die gaan aan die lag oor die jong, en hulle sê vir hem hij moet wag; hulle sal sien.

Toe hulle buite kom, was daar twee kaffers. Dit blijk toe, dat hulle broers was en albei werk soek. Hulle heet Jonas en April. En daar hulle frisse, sterke jonge mans en tevrede met die voorgestelde loon was, het die twee hulle gehuur.

Frits sê toe aan Jonas, dat hulle nog 'n jong moet soek, en dit was nie te lang nie, of hij bring nog 'n kaffer, 'n jong van omtrent veertig jaar oud bij name Petrus, en toe was hulle besigheid in orde.

Hulle het toe aan die werk gegaan. Ek wil nie vertel nie van al die moeilikhede en teleurstellinge wat hulle gehad het, maar hulle het vir 6 of 7 maande daar gewerk, nooit met enig biesondere sukses, maar het hulle daarom altijd soveel gekrij, dat hulle kon lewe, hulle volk aanhou en nou en dan 'n beetje oor hou vir aankoop van wat hulle die meeste nodig had.

So het hulle aangesukkel, tot op 'n goeie dag, terwijl hulle met Jonas en Petrus besig was om gruis in die kleim los te kap

—April moes vir die tent en kos sorre—let Frits op dat daar 'n witman 'n eindje van die kleim naar hulle staan en kijk.

Petrus werk met sijn rug naar Frits toe en met sij gesig in die rigting van die witman.

Frits wou net weer aan sij werk begin, toe hij bemerk, dat Petrus, alhoewel hij nog in 'n buigende houding oor sij pik staan, met sij hand 'n teken maak, waarna die witman omdraai en wegloop.

Frits sê toe niks, maar na die werk van die dag, het hij met Jan daaroor geraadpleeg en hulle besluit om die saak te ondersoek.

Die witman, alhoewel hulle wis wie hij was, was hulle onbekend. Sij naam was James Collins en hij was 'n man van nog nie middelbare leeftijd nie en goed van aansien, goed gekleed en so ver als hulle weet, 'n fatsoenlike kêrel.

Hulle was gewoon om hem te sien bij die koffiehuis van Kupolos als hulle partijmaal daar gaan tee drink met 'n geldjie wat hulle nog oor gehou het.

Sover hulle bekend was, was hij 'n delwer net soos hulle self, maar hij was bekend als een wat nogal veel sukses had.

Hulle was op niks biesonders verdag nie, maar 'n verstandhouding tussen 'n witman en 'n kaffer wat sover gaan als om tekens te gebruik, is tog 'n beetje opmerkelik en hulle besluit om Petrus en desnoods Collins ook, goed onder die oë te hou. Wat hul 'n beetje meer oor die saak het laat nadenk was verdwijning van Petrus na die ete en dat hij nog nie te vinde was nie.

## HOOFSTUK IV.

# DIE GELUK EN DIE BEDROG.

,,Jan'', sê Frits, ,,ek vertrouw die vrede nie hier nie. Hier is iets verkeerd. Ek voel dit aan mij lijf.''

,,Dit lijk vir mij ook so. Jonas'', sê Jan verder, ,,kom hier.''

Toe Jonas daar was, vra hij : ,,Waar is Petrus vanaand heen?''

,,Ek weet nie, Baas. Hij gaat banja aande weg. Maar hij sê nie vir ons waar hij gaan nie. Baas moet weet ons is Shangaans en hij is van Sekekoen se kaffers. Ons hou nie bijmekaar nie.''

,,H'm'' sê Frits, en na die jong weg is, voeg hij daarbij : ,,Ek denk ons moet 'n beetje van aand naar Kupolos se Koffiehuis gaan en kijk of ons iets van Collins kan uitvinde. Kom ons loop. Ek het nog 'n paar sillings oor.''

,,Ja, goed. Kom dan.'' En hulle gaat voort.

Toe hulle bij die Koffiehuis gekom het, was dit nog vroeg en daarin was niemand. Hulle gaan sit en wag vir Kupolos, en terwijl hulle op die oomblik niks biesonders had waaroor te gesels, was daar in die Koffiehuis stilte.

Skielik hoor hulle mense buitekant praat, maar hulle hoor net die stemme, maar kan nie uitmaak nie waaroor die stemme praat nie. Hulle het eers nie daarvan notisie geneem nie, maar na so'n rukkie sê 'n derde stem, tamelik luid : ,,Ja baas, dankie baas'', en Frits en Jan kijk mekaar aan.

Dit was Petrus se stem. Wat maak hij hier en met wie praat

hij ? Sonder twijfel, die ding lijk snaaks. Daar moet iets agter sit.

Hul sit nog stil om te sien wat gebeur. Na 'n tijdje stilte gaat die deur ope en Kupolos, deur Collins gevolg, kom binne. Hulle lijk 'n beetje verskrik toe hul Frits en Jan sien, maar Collins gaat sit en order limonade. Die twee vra koffie en maak verder of hulle niks gemerk het.

Maar dit was daarom vir hulle 'n openbaring. Hulle onthou wat die Hotelhouer hulle van Kupolos gesê het, en dit, met wat Frits die middag gesien het, was, hoewel geen duidelike bewijs nie, tog 'n aanduiding, dat daar so iets aan die gang was en wat erger is, een van hulle volk was daarin betrokke.

Ongetwijfeld, die ding had ondersoek nodig. Nadat hulle koffie gedrink en betaal het, gaan hulle uit. So'n endje van die Koffiehuis gekom sê Frits :—

„Jong, ons moet 'n beetje meer weet van die kêrel Collins. Ek sal jou sê wat maak ons. Kom ons gaan naar Botha, en dan sal ek perbeer om onder die gesels iets uit te vinde. Misskien ken hij hem en kan ons iets hoor wat ons kan help."

Hulle gaan toe daarheen. Toe hulle daar kom, was daar twee andere kêrels wat daar sit en gesels. Hulle word toe ingenooi en hulle sit daar en rook en koffie drink. Na 'n tijd so terloops onder die gesels, vra Frits vir Botha of hij Collins ken. Botha sê : „Nee". Maar een van die ander kerels sê : „Ja ! ek ken hem. Hij het 'n kleim nie ver van mijne nie, en 'n rijke ook. Hij het nog nooit gewas nie, of hij krij goeie diamante, en dit lijk of hij elke slag beter doen. Uit sij laaste was het hij driehonderd pond gehaal. Ek wens ek kon sij geluk hê."

„So", sê Frits, „en watter soort van kerel is hij ?"

„Ek weet nie bra nie. Hij is 'n baing stil soort van 'n kêrel. Hij praat bijna nooit met 'n ander, en hij gaat nooit naar ander mense toe."

„Was jij bij sij was toe hij die driehonderd pond gemaak het ?"

„Nee. Hij laat nooit 'n ander daarbij kom als hij was. Hij ja gewoonlik die mense weg wat wil kom kijk. Hij sê hij wil nie andere laat weet wat hij krij nie."

„Dis snaaks."

„Nee, dis nie snaaks nie. Ek wil ook nie graag laat weet als ek iets krij nie, en hoewel ek niemand wegja nie, hou ek nie daarvan nie dat mense om mij kom staan als ek die sorteerwerk doen."

„Wel", antwoord Frits, „bij mij maak dit nou niks, want ek krij nooit iets wat vir ander mense van belang kan wees."

„Dit kan bij jou so wees, maar bij partij mense nie. Nog 'n ding wat ek jou kan sê. Als 'n man met baing of skelm volk moet werk, is dit ook nie goed om te laat weet wat jij krij nie."

„Hoekom nie?" vra Frits.


„Omdat die kaffers wat diamante steel, ook nie dom is nie. Hulle let op wie die gelukkigste is en dan gaan hulle bij hem werk soek. Als soeen bij jou werk, dan krij die Onwettige Handelaar (I. D. B.) meer diamante dan die delwer self."

„Is dit so", sê Frits, terwijl hij diep nadenk. Dit was vir hem snaaks, vooral, na wat hij nou van Collins weet, dat hij altijd so gelukkig is en hulle, hij en Jan, gedurig ongeluk het. Die delwerij is selde voortdurend gelukkig en die affêre van Collins begin te lijk of hul suspisie op goeie grond gebaseer is.

Na nog 'n tijd oor dit en dat gesels te hê, gaan hul voort.

„Jan", sê Frits, „ik is nou daarvan seker, dat Petrus van middag 'n diamant gekrij en dit aan Collins en Kupolos verkoop het. Maar ons kan niks bewijs. Die soort van ding is nie goed genoeg nie en ek wil 'n plan maak om hulle te vang. Ek sien nie in nie, waarom ons vir sulke skurke moet werk. Ek wil nie vir Petrus ontslaan nie, want ek wil hem dop hou. Als ons hem laat loop dan sal ons nooit iets uitvinde.

Mij plan is nou dit. Ek denk, hoewel ek nie seker is nie, dat Collins altijd, als hij kan, gedurende die dag bij die kleims



OP DIE DIAMANTVELDE.

ronddwaal waar die kaffers wat vir hem steel, werk, en dan, als een 'n diamant gekrij het, gee hij hem 'n teken.

Die teken wil sê dat hulle mekaar die aand bij Kupolos ontmoet en dan word die besigheid gedaan. Nou! ons moet Petrus oplet en als hij ooit die teken gee, moet ons hem in die tent breng en ondersoek. Wat denk jij?"

„Ja", antwoord Jan, „dis 'n goeie plan. Dit maak 'n mens siek om te denk dat jij misskien al honderde ponde los gewerk het en daar niks van gekrij het."

„Ek word lui vir die lewe. Ek gaat aan 'n oom van mij, wat in Johannesburg woon skrijwe, om vir mij werk te krij, en als hij dit krij, of ek krij 'n beetje geld in die hande met 'n geluk, dan gaat ek weg.

„Nee Jong!" sê Frits, „ek is nou eenmaal hier, en ek gaat blij tot mij geluk kom. Ek glo aan mij geluk. Ek sal daarvoor wag."

„Wel, jij kan maak soos jij wil, maar ek sal teruggaan."

„Ek wil jou ook nie keer nie", antwoord Fritz. „Maar ek blij hier."

So het hulle loop en gesels totdat hulle nabij hulle tent kom. So omtrent 30 tree van hulle tent af was 'n kleim van 'n ander kerel, waar die gruis tamelik diep loop, en hij het dit uitgewerk tot op 'n diepte van sowat sestien voet. Daar was geen wet of regulasie wat 'n man verplig om sijn kleims te omhein of te beskerm, en hulle was maar so ope gelaat, tot gevaar van die publiek. Dit was altijd gevaarlik om in die donker op die delwerije rond te loop, en, als jij die pad nie ken nie, is dit beter om saans tuis te blij.

Nou, met die voorbij gaan was dit of daar 'n geluid uit die gat uitkom, en hul staan stil om te luister. En, werkelik, daar kom weer so iets, half 'n sug, half 'n steun.

„Jong, hier het iemand ingeval", sê Jan. „Wat sal ons maak?"

„Ja," sê Frits. „Jan! gaan haal gou die lantern in die tent.

Jan het toe gou die lantern gaan haal en opgesteek. Toe hulle

met die flouwe liggie wat die lantern gooi in die gat in kijk, kon hulle net 'n hoop goed sien, wat lijk naar 'n bondel komberse, of 'n klomp klere op 'n hoop gegooi.

Hulle het 'n tijdjie staan en kijk in die gat voordat hulle kon sien wat dit was, en toe sê Jan: „Mij hemel, Frits, dis 'n vrouw."

Hulle klim toe in die gat af en krij daar 'n meisie van omtrent twintig jaar. Sij was bewusteloos en daar was 'n bloedmerk aan haar voorhoof. Hulle kon somaar sien aan die manier wat sij lê dat haar been gebreek is. Hulle het haar toe sorgvuldig opgetel en naar hulle tent toe gedra, en haar gesteun en gekerm van pijn, hoewel sij bewusteloos skijn te wees, was hartverskeurend om te hoor.

Jan, lui-lekker die hij altijd was, het 'n paar dage te vore 'n kampbed vir hemself gemaak, en hierop het hulle haar neergelê.

Wat nou gemaak? Hier in hulle tent, bijna in die middel van die nag lê 'n jong meisie, wat, hoewel nie 'n beeld van skoonheid nie, tog mooi was, en bewusteloos. Wie was sij en waar kom sij van daan en wat gemaak?

Sij kon hul self nie vertel nie wie sij was, want dit was ongeloofbaar dat sij heeltemaal alleen op die delwerije sou wees.

„Jan", sê Frits, „ons moet iets doen. Ons moet 'n dokter laat haal. Sij kan hier dood gaan!"

„Ja", sê Jan, „maar wat moet ons doen?"

„Kijk, Reeves het 'n motor. Vra hem, of hij nie gou dokter toe sal gaan nie. Hij sal nie weier nie. Ons moet almal saam help.. En jong, rij met hem saam dorp toe."

„Goed", antwoord Jan, en hij gaat weg, en dit was nie te lang nie of hij hoor die motor raas.

Dit was gelukkig dat die man Reeves, die 'n motor aanhou, waarmee hij passagiers tussen die delwerije en die dorp rij, tuis was en nog nie gaan slaap het nie.

Frits sit 'n tijd en luister naar die al dowwer gedreun van die motor, sonder om te weet wat om te doen. Eindelik val dit hem

bij, dat hij misskien iets kan doen om te help. Die dokter sou warmwater nodig krij als hij kom. Hij het toe vir Jonas gaan wakker maak en hem gesê om vuur te maak en 'n pot water op die vuur te set.

Toe hij hiervoor gesorre het, gaat hij weer naar die tent. Hier kon hij niks doen als net 'n nat handdoek op die meisie haar voorhoof set en verder wag tot die dokter kom.

Die meisie blij nog altijd bewusteloos en die enigste beweging wat sij maak is 'n diepe ademhaling terwijl sij nou en dan 'n sug bijna onhoorbaar slaak.

Frits, die 'n sagte hart had, kon dit nie uitstaan nie en hij gaat in die deur van die tent staan en uitkijk. Omtrent 'n driehonderd tree van hom af siet hij 'n lig wat beweeg, en dit lijk of dit al nader kom. Nog 'n tijdje staan hij te kijk sonder om daaraan te denk, en toe val dit hem bij dat dit lijk naar iemand wat naar iets soek.

„Dit kan wees" denk hij dat dit iemand is wat naar haar soek", en, na weer in die ten gekijk te hê, gaan hij die lig tegemoet. Toe hij bij die lig kom, was dit 'n bejaarde man, 'n vrouw en 'n kaffer wat die lig dra."

„Haai!" skree Frits, „wat soek julle?"

„Ek soek mij dogter", sê die man. „Sij het kort na die ete uitgegaan naar tante Bet se tent om melk te haal en sij is nog nie terug nie. Ons was al bij tante Bet se tent, maar sij was nooit daar. Sij moet 'n ongeluk gekrij hê."

Frits wis eers nie hoe om die ou kêrel te sê wat gebeur het. Eindelik sê hij:

„Ou Baas, jou dogter is in mij tent. Sij het in Theunissen se kleim geval. Ek denk haar been is af en ik het die motor gestuur om die dokter te haal."

„Hoor jij vrouw?" sê die grijsaard. En hulle gaan toen met Frits saam. Onderweg het hij aan hulle uitgelê wat gebeur het sover als hij dit weet, en voeg toe daarbij: :—

„Julle moet nie daaraan denk nie om haar weg te neem, ten

minste nie, voor dat die dokter gekom het nie, en...... kijk, daar is die lig van die motor. Hier kom hij al aan."

Toe hulle bij die tent kom het Frits net ingekijk om te sien hoe dit met die meisie was, en, toe hij sien dat sij nog net so lê als toe hij haar verlaat het, laat hij die ouers alleen ingaan en hij blij buite.

Die dokter was bijna 'n uur in die tent voordat hij iets van hem laat hoor. Toe hij uitkom, laat hij Frits roep en vertel hem dat dit uiters gevaarlik sal wees om die meisie weg te neem en als dit mogelik was moes sij minstens 'n week blij waar sij was. Haar been was op twee plekke in die dij gebreek en om dit behoorlik weer aanmekaar te laat groei moet sij nie roer nie.

Hulle maak toe die plan dat die vader, die Bronkhorst heet, sij tent sal gaan haal en op hulle kleim opslaan, dan kan Frits en Jan daarin woon, en die ouers kan in hulle tent blij om hulle dogter op te pas. Dit werd ook die volgende dag gedaan. Vir die aand het Frits en Jan in Bronkhorst se wa gaan slaap.

Dit het bijna twee weke geduur voor dat Nellie Bronkhorst naar hulle eige plek kon terug geneem word. Maar van die dag af, hoewel Frits nie op haar verlief geraak het nie, het hij bijna al dag naar hulle tent toe gegaan om met haar te gesels. Julle moet weet, dat daar baing min vrouwe op die delwerije is en dit was vir Frits 'n plesier om weer 'n beetje in vrouwe se geselskap te kom. So het dit gekom, dat die mense daarna opgelet het en dit was die algemene opinie dat die twee sou gaan trou.

Frits het hem daar nie aan gesteur nie, want hij was die soort van ding in Johannesburg gewoon, waar die omgang van 'n jong kêrel met 'n meisie baing keer sonder grond ook gekletsverwek het. Daar was niks als vriendskap tussen hulle, en geen een van die twee het dit ooit als iets meer beskou.

Vir 'n tijd lang het dinge so stil en rustig op die ou manier aangegaan. Hulle het nog aangewerk met dieselfde resultate. Altijd net genoeg om mee uit te kom.

Op 'n goeie dag, dit was 'n Vrijdag middag, het Frits vir 'n oomblikkie van die werk weggegaan om 'n beker water bij die tent uit die watersak wat aan die paal in die middel van die tent hang, te gaan drink.

Terwijl hij in die tent staan, sien hij Collins in die verte aankom en hij besluit om te blij waar hij is en te kijk wat aan die gang was. Toe Collins teenoor die kleim kom, gaat hij staan en steek sij pijp op.

Fris hou toe sij oog op Petrus. Jan was in die gruisgat en kon nie vir Petrus sien nie waar hij staan en Petrus kon ook nie vir Frits in die tent sien nie. Petrus het 'n paar male rondgekijk alsof hij wil sien of daar iemand is wat op hem let en toe maak hij, soos hij dag ongemerk, dieselfde teken met sij regterhand wat Fritz bij die vorige geleentheid gesien het. Collins stap toe weg en na 'n tijdjie gewag te hê, gaat Frits naar die kleim terug, maar hij sê voorlopig niks.

'n Halfuur daarna stop die werk om koffie te drink. Toe die volk so'n eindjie van hulle af was, sê Frits stilletjes vir Jan:

„Terwijl ek daar in die tent was, het Petrus vir Collins weer 'n teken gegee. Die tijd is nou gekom. Kijk! gaan jij nou naar die tent en haal een van die tentouwe af en hou dit klaar. Moet nie met eens gaan nie. Wag tot ons weer aan die werk is en dan gaan jij weg. Dan skree jij van die tent, dat jij sien die miere vreet aan die ou koskis wat, soos jij weet, tamelik swaar is, en dan sal ek Petrus roep om te kom help om die ding te verset. Als ons hem in die tent het, dan vang ons hem."

Na 'n tijdjie gaan Jan weg. Hij was 'n paar minute in die tent toe kom hij uit.

„Frits", skree hij, „kom 'n bietje met een van die volk hier. Ons moet die koskis verset. Die rijsmiere het aan die boom begin te eet."

„Petrus", roep Frits, „kom saam om te help", en hulle gaan naar die tent.

Net toe hulle in die tent kom, grijp Jan sij arme van agter,

terwijl Frits al die touw om sij voete begin vas te maak, en so gou het hulle hem vas gemaak, dat toe Jonas en April aangehardloop kom om te sien waaroor die lawaai was, was Petrus al aan hande en voete vas, en lê hij op sij rug in die tent.

„Hau!" sê Jonas, „wat is dit nou, baas?" maar Petrus was te verbouwereerd om iets te sê. Misskien wis hij goed dat daar niks aan te doen was, en dat sij diewerij nou moet uitgevinde word.

„Jonas", sê Frits, „kom jij en April albei in die tent. Ek wil hê julle moet sien wat ons gaan maak. Ek sal julle leer om nie diamante te steel nie."

„Nee, basie, ek sal nooit so iets doen nie," sê Jonas.

„Nou ja, dis niks. Ek sê nie jij het dit gedaan nie, maar dit sal jou nie kwaad doen nie om ook 'n les te leer."

Hulle het toe, sonder om Petrus enige vrae te stel, hem sorgvuldig deurgesoek.

Om sij lijf had hij 'n gordel vol geld, en hier en daar tussen die geld was klein knoppies, nes klippe, en een groot knop. Dit lijk of daarin omtrent vijftig pond was. Hulle het toe sonder verdere omslag die gordel van end tot end ope gesnij en die inhoud op die bed uitgegooi. Daar was twaalf goue ponde en dertig silwer sillings in, maar wat van meer belang was, daar was vier kleine diamantjies van tussen 'n halwe karaat en 'n karaat, en 'n pragtige perfekte steen van omtrent dertig karaat.

„So", sê Frits, „is dit hier waar ons diamante heengaan en is dit daarvoor wat ons werk? Ek sal vir jou wijs. Jonas, loop vra daar bij baas Henning 'n string om te leen."

„Wat gaan jij maak?" vra Jan.

„Ek gaan hem vijf en twintig met die platriem gee waar hij dit die meeste sal voel."

„Gaat jij hem nie tronk toe stuur nie?"

„Nee, jong. Als ons die polisie hierbij breng sal hulle die diamante hou vir getuigenis, en dan kan ons hulle nie vir drie of

vier maande verkoop nie en so lang kan ons nie wag nie. Ons het die geld nodig."

„Dis waar" antwoord Jan. „Ek het dit nie so beskouw nie. Gaat maar aan."

Hulle het toe vir Petrus buite geneem en aan 'n paal vas gemaak, en toe Jonas kom het hulle hem sij vijf en twing goed gegee. Daar het die krag in gesit van ses maande se harde werk en die gedagtenis van misskien meer sulke diamante wat hulle kon verloor hê. Na die kastijding virbij was het hulle die kaffer sij geld weer gegee en hem weggeja. Kort daarna sien hulle hem in ernstige gesprek met Collins.

Die slaan van die kaffer het natuurlik nie ongemerk gegaan nie, en die hele publiek het kom kijk en om uit te vinde waaroor dit alles was, en sonder om hulle van Collins of Kupolos te vertel, het Frits en Jan hulle die rede van die geskiedenis vertel.

Die anderdag morre gaan Frits en Jan dorp toe om hulle diamante te verkoop, waar hulle £230 voor gekrij het. Nadat hulle hulle volk en 'n beetjie skuld betaal had, had hulle ieder 'n beetje meer dan 'n honderd pond oor. Toevallig krij Jan ook net die dag 'n brief van sij oom die hem sê dat hij vir hem in Krugersdorp werk gekrij het met 'n tamelike salaris en Jan was op hete kole om weg te gaan.

Hij het ook toe, nadat hij sij goed op die delwerije gaan haal en met Frits afgereken het, dieselfde aand met die trein vertrek. Frits het alleen agtergeblij om, soos hij voorheen gesê het, op sij verdere geluk te wag.

---

HOOFSTUK V.

---

# 'N STER OP DIE LEWENSPAD.

---

Na Jan se vertrek het dit vir Frits 'n beetje eentonig begin te word, so dat hij al meer en meer sij spaartijd bij die tent van Bronkhorst gaan deurbreng en met Nellie gesels het.

Soos ik gesê het, hij was nie op haar verlief nie, maar dit was meer terwille van die geselskap wat hij daar kom. Die praatjies egter, het nie daarom minder geword nie.

Een middag, toe hij daar sit en gesels en koffie drink, kom Jonas, wat, soos die gewoonte bij 'n kaffer is, altijd wil weet waar sij baas in sij vrije tijd is, vir hem roep. Dit lijk, dat die Kommandant van Polisie hem wil sien en bij sij tent vir hem wag.

Frits was bang, dat hij nou moeilikheid krij omdat hij Petrus laat slaan, of die diamante verkoop het. Die ding was so algemeen bekend, dat die Polisie natuurlik ook daarvan gehoor het.

Toe hul gegroet het, vra Frits:

„Wat kan ek vir jou doen? Ek hoop daar is niks verkeerd?"

„Wel, nie eintlik verkeerd nie. Maar ek het 'n storie van jou en jou maat gehoor, en ik dag dit mijn plig om dit te ondersoek."

„Waarom so?"

„Wel, hier gaat, soos jij moet weet, 'n heelboel I.D.B. (Onwettige Diamant Handel) aan, en ek dag ek sou van jou self kom hoor waaroor dit alles was. Misskien kom ek op die spoor van 'n ding."

„Ja" antwoord Frits, „maar......"

„Maar wat?"

„Wel, jij moet mij nie kwalik neem nie, maar die diamant wet is so streng, dat ek bang is dat, als ek misskien fout gemaak het, dat ek in 'n moeilikheid kan kom."

„Hoe so?" vra die offisier, terwijl hij glimlag.

„Ek weet nie, maar ek vertrouw die vrede nie."

Die offisier lag weer en sê toe:

„Jij hoef nie bang te wees nie. Ek weet omtrent alles wat gebeur het. Verlede Vrijdag het julle bij een van julle kaffers, wat ons nogal nie onbekend is nie, vier diamante gekrij. Ek kan, als dit nodig is, jou presies die gewig van die stene sê als jij dit verlang.

Julle het toe die kaffer 'n pak gegee en weggeja. Saterdag het jullie die diamante aan Tom Bell verkoop vir twee honderd en dertig pond. Is dit nie waar nie?"

„Hoe weet jij dit alles?"

„Wel, dis nie moeilik om dit uit te vinde nie. Die halwe delwerije weet daarvan en Tom Bell se register vertel ons die res."

„Ja, natuurlik, daar het ik nie aan gedenk nie!"

„Dit maak nie saak nie. Daar is niks verkeerd daar."

„Nie? Ek dag dit was misskien verkeerd om die diamante te vat en te verkoop?"

„Nee. Die wet veronderstel, dat als 'n kaffer 'n diamant in sij besit het, dat hij dit op sij baas se kleim gekrij het, en dan behoor dit aan die baas, wat dan daarmee kan maak wat hij wil."

„Ek is blij om dit te hoor. Ek dag ek het misskien 'n fout gemaak."

„Nee, waar jij misskien 'n fout gemaak het, is omdat jij nie die saak bij mij kom melde het nie. Jij is natuurlik skuldig dat jij die kaffer het laat slaan, maar solang als hij nie 'n klagte maak nie, kan ek die saak nie opneem nie. Maar dit is nou min-

der. Dis nie die feite wat iedereen weet wat mij kan help nie, maar als daar iets verder in verband met die ding is wat die publiek nie weet nie, wil ik dit graag hoor. Dit kan mij misskien help om op die spoor van iets te kom."

„Hoe zo?" Frits was nog maar virsigtig.

„Wel, het jij bievoorbeeld enige suspisie vir wie Petrus die diamante bestem het, of aan wie hij hulle wou verkoop? Weet jij iets van Petrus af? Wat maak hij als hij uit sij werk los kom?" en nog so'n paar andere dinge van dergelike geaardheid vra die offisier.

„Jij hoef nie bang te wees om mij te sê nie", sê hij. Wat jij mij vertel, sal nie verder gaan nie. Ons is nie hier om 'n arme delwer, wat deur onkunde 'n fout gemaak het in die tronk te breng nie, maar om die man wat 'n besigheid uit die wetsoortreding maak, te vang en te straf."

„Wel" sê Frits, „ek ken banja Polisie beambtes wat hulle plig anders verstaan. Meeste van hulle beskouw dit hulle plig om die onkundige ook in die tronk te krij, als hulle maar net die saak win."

„Dis jammer", antwoord die beambte, „maar daar is banja wat so maak, maar ek belowe jou, ek is nie een daarvan nie. Buitendien, ek denk dis jou plig om mij te help als jij die andere delwers daardeur kan beskerm.

„Ja, dit is ook waar, en ek denk ek sal jou maar vertrouw." En Frits vertel hem toe die hele geskiedenis van Collins.

Die offisier het 'n tijd daaroor sit en denk en toe sê hij:

„Vandat ek dit alles gehoor het, denk ek dit is beter dat jij nie die saak aangegee het nie, want dit is meer die I.D.B. wat ik wil vang dan die kaffer wat hij gebruik. Nou kan ek hulle laat oppas, en misskien vang ik hulle nog. Maar ek twijfel daaraan, want Collins is al 'n jaar hier en ons het nog nooit suspisie op hem gehad. Kupolos het ons al lang al verdenk van nie reguit te loop nie, maar ek was altijd van opinie dat daar iemand agter hem sit, want hij het nie geld genoeg vir die be-

sigheid nie. Nou is ek egter seker, dat Collins die man is, maar dit sal moeilik gaan om hem te vang. Hij moet 'n ou voël wees, van die soort wat 'n mens nie met kaf vang nie."

Nadat hij nog 'n beetje het sit en gesels en 'n koppie koffie gedrink het, gaat hij weg. Ek kan maar hier sê, dat sij mening reg was, want Collins was te oorlams en hij het hem nooit gevang nie.

Dieselfde aand toe Frits naar gewoonte van dat hij 'n beetje orige geld het, naar die Café gaan, was Collins ook daar. Collins het nog nooit met Frits gepraat nie, maar die aand kom hij naar hem toe en sê aan hem : „Ek hoor dat daardie kaffer wat jij het laat slaan, jou verkla en dat die polisie jou gedagvaar het vir aanranding."

„Nee", sê Frits, „waarom?"

„O ! Ek vra somaar omdat ik gehoor het, dat hulle vanmiddag bij jou was."

„Nee, dit was nie daaroor nie."

„Waaroor dan?"

Frits merk toe dat Collins van hem iets wou uitvinde en hij kon dit nie nalaat om te sê nie : „Ek weet nie, maar jij sal dit misskien eerder weet dan ek."

Collins word bleek en Frits merk toe dat hij te veel gesê het en dat Collins juis gekrij wat hij gesoek het, namelik, of daar suspisie op hem was.

„Ons sal sien" sê hij, terwijl hij omdraai „en ijj kan ook misskien iets uitvinde wat jij nie verwag nie."

Sij woorde kom met 'n venijnige gesis uit, net soos 'n slang wat blaas als hij kwaad is, en Frits was daarvan oortuig, dat als Collins hem kwaad kon doen, sou hij dit nie laat nie.

Soos ek gesê het, Collins was oulik, en, omtrent veertien dae daarna het hij sij eerste „blank" gewas.

Dit is 'n was wat deurgeset word sonder dat daar iets in gevinde is. Kort daarna word dit bekend dat hij vertel het, dat hij meen dat sij geluk nou gebreek is en gaat ophou met delwe,

en dat hij alles sal uitverkoop en weggaan. Frits sou graag gesien het dat Collins gevang en gestraf word, maar hij het hem moet troos nie, en dit het hem soos ons later sal hoor, tamelik duur die delwerije minder dan vroeër was. Dit was nie veel van 'n troos nie, en it het hem soos ons later sal hoor, tamelik duur te staan gekom.

In die dage, soos ik gesê het, het Frits, wegens die eensaamheid nog al veel met Nellie Bronkhorst gaan gesels, maar hij was nie die enigste jong kêrel wat daar gekom het nie.. Daar het dikwels andere kêrels gekom, en virnamelik een, wie se naam ons maar Willem sal noem. Frits wis nie seker nie, maar hij had tog 'n suspisie dat die kêrel op Nellie verlief was en Nellie op hem.

Hij was gewoonlik daar als Frits daar kom, en dikwels gebeur dit dat hij agterblij wanneer Frits loop. Nou, dis 'n moeilike ding om van te vertel, maar tog het dit 'n indirekte invloed op die gang van die verhaal. Toe Frits een middag, naar gewoonte daar kom, krij hij net oom Pieter Bronkhorst daar en die was so afgetrokke en nukkerig met Frits, dat dit vir die onnoselste kind te sien was, dat daar moeilikheid was in die land van Kanaän.

Frits het toe na veel moeite en soebat die waarheid uit hem gekrij.

„Ek sal jou maar sê, want ons denk jij het die skuld daaraan," sê die ou kêrel, en hij vertel Frits toe wat verkeerd is.

„Maar Oom Pieter, hoe kan jij nou denk dat dit ek is?" vra Frits.

„Ek weet nie reg nie, maar ek en mij arme ou vrouw denk so. En terwijl ons so denk, kan ons jou nie als 'n vriend behandel nie totdat ons seker is. Nellie wil ons nie sê wie dit is en ons moet self die minnaar soek."

„Wel, Oom Pieter", sê Frits toe, „ek hoop julle sal die man krij. Ek kan jou net die heilige versekering gee dat dit nie ek is nie", en toen stapte hij weg.

Hoe dit kom kan geen mens verklaar, maar dit is so seker als die noodlot, dat so iets nie verborge kan worde nie. Of dit deur een van die volk was, of deur iets wat die ou mense gesê het, of deur iets anders, weet niemand, maar seker is dit, dat binne twee of drie dae was die gerug deur die hele kamp, en wat erger was, iedereen wis dat Oom Pieter Frits vir die skuldige beskouw. Niemand het direk met hem daaroor gepraat, maar vir bijna twee weke lang moes hij die glimlag van iedereen wat hij virbijgaan aansien sonder dat hij, hoewel rasend van woede, daar iets aan kon doen.

Maar eindelik kom daar verlossing. Dit was vir hem gelukkig dat Willem 'n eerlike kêrel was. Hij het sij skuld als minnaar bij die ou mense gaan erken en dadelik planne gemaak om te trouw, wat hij ook binne een paar dage gedaan het, tot vreugde van die ouers, en meer tot vreugde van Frits.

Maar dit was vir Frits 'n openbaring, en howeel hij nog nou en dan daar gaan kuier en die jong paar 'n mooi persent gegee het, het hij sig meer ingetrek en in vervolg meer en meer met sij eie geselskap tevrede gewees, en het hoe langer hoe meer 'n gevoel van eensaamheid gekrij, totdat hij, mismoedig van die harde werk, sonder 'n gelijkstaande resultaat ook begin denk aan weggaan en weer verlang het naar die vleespotte van Egypte en die geselskap van sij medemens soos hij dit vroeër geken het: Strate vol mense, café's waar altijd lewe is, besigheid op die woelige kantore, dit was wat hij sig voorstel, en hij begin moeg te worde van die grawerij waar geen omgang is, waar geen lewe is en waar 'n mens moet werk soos 'n kaffer om liggaam en siel aan mekaar te hou.

Hij het toe meer en meer, als die werk van die dag virbij is, die gewoonte gekrij om naar die dorp toe te gaan en daar rond te loop, en ook naar die stasie om die treine te sien virbij gaan, die, wat met die mense die hij daarop sien en die gedagtes die dit opbreng, 'n soort van 'n verbinding uitmaak tussen hem

alleen en verlate op 'n half onbeskaafde diamantveld en die beskawing van 'n stad als Johannesburg.

Maar sij volharding om te wag vir sij geluk was nog sterk en dit het 'n hewige strijd gevoer met die neiging om die delwerij te laat vaar. Dit had maar 'n kleinigheid nodig om die skaal naar een of die anderkant-toe te laat sak. En dit was bij die stasie wat dit gekom het en waar die beslissing eindelik gemaak was.

Dit was 'n aand, toe hij, naar gewoonte, weer op 'n Saterdag naar die stasie toe gegaan het om die trein te sien stilhou en vertrek. Hij was mismoedig, want in die laaste paar weke had hij slegte geluk gehad en sij geld het begin op te raak en hij moes weer aan die honderd pond, wat hij in die bank geset het, als 'n nes-eiertje begin trek.

Hij was ontevrede, want hij het die dag met een van die nuwe kaffers wat hij gehuur het, nadat Jan en Petrus weg is, woorde gehad en moes hem wegja, en hij het nadat hij die aand bij die Hotel weer 'n ordentelike maaltijd had gehad en weer aan 'n tafel met 'n skone witte tafeldoek en blink messe en vurke en spierwitte servette 'n onuithoudelike verlange gekrij naar die beskawing en samelewing van die stad wat hij vroeër gewoon was.

Hij was net in die stemming waar 'n kleinigheid op sij gedagte 'n beslissende invloed kon uitoefen.

Terwijl hij daar langs die trein op en neer loop en naar die mense kijk wat in en uit die trein klim, of uit die vensters staan en kijk, sien hij op die perron van een van die eersteklas waens 'n meisie staan wat onmiddellik sijn aandag trek.

Daar was net voor die plek waar sij staan een van die groot lampe wat die stasie verlig en hij kon haar duidelik sien in 'n kring van lig wat alles meer sigbaar skijn te maak in verhouding met die donkere kring wat om die plek was waar die lig van die lamp swakker en swakker word.

Sij was omtrent agtien jaar oud, van middelbare hoogte en goed gevormde figuur.

Sij had 'n pikante gesiggie, waarin 'n paar grijs oë fonkel alsof hul altijd aan 'n goeie grap denk en 'n mond wat lijk, of dit altijd gereed is om oor die grap te lag. Sij had geen hoed op maar haar koppie was voldoende oordek met 'n massa donker-bruin hare wat nes golfies op die water rimpel, en hier en daar skijn soos brons waar die lig van die lamp weer 'n terugskijnsel afgooi.

Die verskijning dáár in die gewoel van die wemelende mense en in 'n kring van lig wat die mooi, welgeklede meisie des te meer laat uitblink, het op Frits so'n diepe indruk gemaak, dat hij dit nooit in sij lewe vergeet het. Sij anders onvatbaar hart was soos ek gesê het, net in die stemming vir indrukke van die aard, en hij krij weer die verlange naar die geselskap van jonge mense wat hij vroeër gewoon was, en, ek is seker dat, als sij geld in sij sak was in plaas van in die bank, hij daar en dan op die trein sou geklim en weggegaan het.

Vir bijna 'n kwart uur het die trein daar gewag, en al die tijd het hij, buite die ligkring waar sij hem nie kon sien nie, naar haar staan en kijk en toe die trein eindelik wegtrek, was dit of sij hele lewe en verlange daarmee saamgaan en of hij 'n dierbare skat uit sij lewe vir ewig verloor het. Dit was 'n ster wat op sij lewenspad geflikker en helaas, so gou verdwijn het.

Hij kon die gedagte aan die meisie nie uit sij kop krij nie, en, alhoewel hij naar die hotel terug gegaan het, om geselskap te soek, het hij daar geen plesier kon krij nie en is vroeg naar die delwerije teruggegaan.

Hoewel Frits bijna sij lewe lang met mooi en aantrekkelike meisies omgang gehad het, het nog nooit 'n vrouwspersoon op hem so'n indruk gemaak en dit was alsof hij voel, dat die grootste geluk wat hem in sij lewe kan tref sou wees om haar weer te sien, en dit was alsof 'n onsienbare, onverklaarbare krag

hem dwing om weer naar die beskawing terug te keer om haar te soek. Dit was, hoewel dit kinderagtig lijk, tog so'n sterk gevoel, dat hij, bij die tijd wat hij bij sij tent kom, al besluit het om Maandag sij goed te verkoop, sij volk te ontslaan, sij geld uit die bank te trek en die stof van die delwerije van sij voete te skud en weer naar Johannesburg te gaan.

---



'N DOLOS GOOIER.

HOOFSTUK VI.

# DIE DOLOS HIJ LIEG NIE.

Dit was die eerste aand dat Frits in sij eensaamheid plesier krij. Gewoonlik als dit naar tien se kant-toe kom, dan stap hij naar die koffiehuis van Kupolos om 'n koppie koffie te drink voordat hij gaan slaap, maar vanaand wou hij liewer alleen met sij gedagtes en met die herinnering aan die meisie wees wat nog als 'n verdwene ster in sij sinne rondsweef.

Hij vind dat Jonas, wat meer een soort van huisjong bij hem geword het, dan 'n delwersjong, nog wakker was en hij laat hem die ketel op die vuur set om koffie te maak.

Toe Jonas die koffie breng, vertel hij hem van sij besluit en sê vir hem, hij moet maar vir die ander volk sê, om ander werk te soek.

Jonas sê toe niks en gaat weg. Dit was bijna hanekraai die anderdagmorre voor dat Frits aan die slaap raak. Van mismoedigheid oor sij verlatenheid en die hopelose verlange om die meisie van die trein weer te sien, het hij langsamerhand op sijde geset met die gedagte, dat hij binnekort weer in 'n wereld en verkeer sal wees waar hij meer op gelijke voet met sij medemens sal omgaan. En van die denkerij gaat dit oor tot drome.

Hoe lekker, ja, hoe aangenaam sal dit nie wees nie, om eenmaal weer in 'n ordentelike huis te woon, om in 'n ordentelike bed te slaap in plaas van in 'n dompige snoeptentje te blij en 'n kombaars te hê vir bed met 'n streepsak of 'n jas vir kop-

kussen. Als dit mogelik kan worde om nog een dag 'n eie huis te hê, met die meisie van die trein daarin als lewensgeselling! Sou dit mogelik wees om in hierdie sondige wereld 'n groter menselike geluk te kan krij? Hij lê en wonder waar sij woon, wie sij is, en verbeel hem allerhande dinge van haar. Frits kon nie verstaan nie hoedat die gebeurtenis so op hem 'n vatplek gekrij het. Eindelik, ègter, val hij in slaap en droom dat hij 'n voël ja wat hij nooit kan vang nie en dat die voël eindelik, in die gestalte van die meisie, op 'n trein gaan sit en dat alles daarop in die donker verdwijn.

Toe Frits die anderdag morrè aan die ontbijt was, sê Jonas, terwijl hij sij koffie inskenk: ,,Baas, is dit waar dat Baas wil weggaan?"

,,Ja! waarom?"

,,Baas moet nie weggaan nie."

,,Waarom nie, Jonas?"

,,Als basie nou weg gaan sal basie jammer wees."

,,Jammer wees? Wat meen jij?"

,,Kijk basie. Baas is 'n goeie baas vir mij gewees. Ek sal baas sê. Ek het nou die dag dolos gegooi en die dolos sê: Hier bij die kleim is groot klip."

,,Wat se klip, Jonas. Bantoms?"

,,Nee Basie, nie bantoms nie, daaimans."

,,So, Jonas, glo jij wat die dolos sê?"

,,Ja baas. Mij pa, en sij pa en sij oupa voor hom was dokter gewees en als ek huistoe gaan sal ek ook dokter wees. Die dolos hij kan nie lieg nie."

,,Maar, Jonas, wat weet die dolos van jou land, van diamante?"

,,Hij ken hom goed baas. Ons krij hom nie in ons land nie, maar daar is banja daar. Mij pa het mij vertel, hij het bij Sekekoen 'n emmer vol gesien wat die volk van die Fiels bij Kimberley gebring het vir parsela vir die koning."

„Ja, ek het al banja daarvan gehoor, maar ek weet nie Jonas. Ek glo nie aan die dolos nie."

„Die dolos hij kan nie lieg nie baas. Ek weet basie sal jammer wees. Een dag basie sal hoor dat 'n man die kleim gevat en die klip gekrij het."

Jonas gaat toe weg om die skottelgoed te was, en Frits blij oor die ding sit te denk. Dit was Sondag en hij het niks te doen en hij het lang daar gesit terwijl hij sij gedagte oor die ding laat gaan. Hij had 'n halwe was uit en dit was jammer om dit nie klaar te maak nie, terwijl hij tog die onkoste daarvan had. Die volk sou hij 'n week moet betaal virniet en biesondere haas was daar tog nie om weg te gaan nie. Lang het hij daar oor sit en redeneer. Eindelik krij hij 'n gedagte. Meer vir tijdverdrijf dan iets anders, roep hij weer vir Jonas.

„Jonas" sê hij, „kom gooi vir mij die dolos, laat ek self sien of hij die waarheid praat."

„Ai baas. Die dolos hij lieg nooit. Maar partij maal wil hij nie praat nie."

Waarom dit is weet ek nie, maar, hoewel 'n kaffer vas glo aan die dolos-gooi, en altijd daaroor praat, is dit selde wat hij die seremonie wil deurmaak in teenwoordigheid van 'n witman. Hij het 'n tijd lang ekskusies gemaak, maar eindelik, toe Frits hem 'n halfkroon belowe het als hij dit doen, gee hij toe en hij gaan sijn dolosse haal.

Toe hij terugkom het hij 'n katvel sakkie, die inhoud waarvan hij vóór Frits op die grond gooi. Daar was 'n mengsel van dinge in wat 'n mens gewoonlik op 'n ashoop sou sien: klein dolosse, kneukelbene, klippe, stukkies koper, spijkers, 'n martini-henry koël met 'n gat daardeur geboor, 'n paar krale, twee beestande, en nog 'n spul meer, en alles blink van ouderdom.

„Waar maak jij al die vuilgoed bijmekaar?" vra Frits, terwijl hij nuwsgierig naar die rotsooi sit te kijk.

„Ek het nie bijmekaar gemaak nie, mij basie. Mij pa het die dolos vir mij gegee, en hij het hul van mij oupa."

Die dolosse, moet julle weet, is bij die kafferdokter die mantel wat hij nalaat aan die seun wat hem als dokter moet opvolg, 'n soort van sertifikaat van dokterskap en 'n erfenis van geslag tot geslag.

„Nou toe, Jonas, gooi, laat ons sien waarheen die dolos koers krij," sê Frits.

Jonas gaat voor die spul op sij knieë en hou 'n lange preek, of vertel 'n storie, of mompel 'n gebedje. Frits kon nie sê nie, waarheen die fratse dwing want dit was in die kaffertaal.

Daarna neem hij al die rommel in sij twee hande op, skud hulle 'n beetje, toen hij weer aan brabbel gaan in sij taal en maak toe, op 'n hoogte van omtrent twee voet van die grond af, skielik sij hande ope en laat die hele spul op die grond val.

Ek moet julle nou 'n beetje uitlê hoe die goed geval het, want, so het 'n kaffer dokter mij dit uitgelê, dit kom daarop aan waar en hoe die goed lê en wat hulle „praat".

Frits sit met sij rug naar die kleim en sij gesig naar die ooste toe! Meeste van die goed lê op 'n klomp in die middel en 'n paar lê in verskillende rigtinge versprei in 'n sirkel van omtrent drie voet deursnij.

Reg voor Frits lê twee klippe en die martini-henry koël. Reg voor hem, aan die een kant lê 'n dolos en 'n stuk koper, terwijl nog 'n eindjie verder in die selfde lijn 'n beestand lê. Half links, verder van die middel dan enigeen van die ander rommelsooi lê 'n swartgebrande kneukelbeen en twee dolosse, een waarvan op sij rug lê.

Jonas het seker vijf minute in stilte naar die goed sit en kijk, en toe sê hij:

„Hau! basie, kijk...... !"

„Wag 'n beetje" sê Frits, hem in die rede vallend, „ek wil hê jij moet mij uitlê hoe praat die dolos."

„Hoe so, baas?"

„Jij moet mij sê hoe hulle lê dat hulle praat, dat jij dit kan verstaan."

„Ja ! baas, goed baas."

Nog 'n tijd lang het Jonas in stilte die ligging van die spul bestudeer, en toe begin hij.

Nou moet jul weet, dat ek net so min glo aan dolos gooi als aan mense wat voorgee dat hulle die toekoms uit kaarte uit kan voorspel of uit die sogenaamde kristalkijkerij. Hoe dit ook al sij, ek het al wonderlike dinge self gehoor van 'n dolos-gooier, dinge wat mij stom laat staan het en wat ek tot vandag toe nie kan verstaan nie. Ek kan dit net uitlê deur die gedagte dat 'n dolos-gooier dit nooit waag om vir iemand dolos te gooi voordat hij van hem al die mogelike informasie ingewin het die in te win is en dat hij daarbij nog op die uiterste mate die kuns besit om wonderlik reg te kan raai. Maar ek sal julle sij voorspelling sê dan kan julle dit uitlê soos julle wil, want ek kan dit nie doen nie.

„Kijk, basie", sê hij, „hierdie twee klip wat naar die kleim se kant toe lê, sê daar is daaimans. Die koël sê hul is swaar, en banja geld wêrd. Die dolos hij lieg nie baas. Baas sal jammer weer als hij weggaan."

Frits sit 'n tijd te denk, en toe vra hij : „En daardie twee dolosse en die kneukelbeen, wat sê hulle?"

„Hulle wijs vir Baas. Hul sê ek sal die Baas een dag in mij land kom krij."

„So? En hoekom lê een dolos op sij rug?"

„Baas, aai, hij sê daar sal twee witbase wees, en die een hij sal daar doodgaan."

„Doodgaan, nê. Watter een? Ek of die ander witman?"

„Nee, baas, ek weet nie."

„Dis plesierig om dit te weet. En daardie beestand, wat daar lê, wat van hom?"

„Daardie Baas?" en Jonas sit 'n tijd te denk en toe vervolg hij. „Kijk die dolos met die koper wat agter hom lê, hul sê

die baas, dis die dolos, met 'n klomp geld, dis die koper, gaan een van die dae huistoe om die beestand te soek."

„En wat is die beestand?"

„Dis 'n vrouw, mij basie, en eindelik jij trouw vir hom."

„Wel, dis daarom te erg", sê Frits. Hij was oor die laaste voorspelling verwonderd, want dit was natuurlik onmogelik, dat Jonas iets van die meisie van die trein kan afweet. Het hij na gedenk, sou hij daar niks wonderliks in gesien het, want na die kaffer eenmaal die idee in sij kop het dat Frits 'n klomp geld gaan maak, is daar niks natuurliker dan dat hij sou verwag dat Frits sou huistoe gaan en gaan trouw. Als 'n kaffer 'n klomp geld bijmekaar gemaak het om beeste te koop, is dit wat hij self doen en hij verwag dit natuurlik van 'n ander ook.

Voor Frits iets verder kan vra, het Jonas die goed bijmekaar geskommel en wou weggaan. Maar Frits stop hem en sê hij moet weer gooi om te kijk watter witman deur die dolos, die op sij rug gelê het, bedoel word. Na 'n tijdjie, gedurende welke Frits tamelik moes soebat, stem hij in en gaat deur dieselfde seremonies.

Die slag, toe Jonas die goed laat val, lê hulle almal meer of min op een hoop, so dat daar niks biesonders op te merke was in hul ligging nie. Nadat Jonas hulle 'n tijd lang bekijk het, sê hij : „Nee, baas, die dolos hij is nou kwaad. Hij wil nie meer praat nie."

En, hoe Frits ook al praat en aanhou, Jonas wil niks meer sê. Hij het sij speulgoed bijmekaar gemaak en in die katvel sakkie geset, terwijl hij sê : „Baas, glo mij. Die dolos hij lieg nie. Basie moet nie weg gaan nie," en hij gaat weg.

Als iemand Frits die dag tevore gesê het dat hij hem van so'n kaffer bijgeloof sou laat beinvloed het, sou hij hem uitgelag hê.

Omtrent 'n uur daarna roep hij Jonas en sê vir hem : „Het jij die ander volk gesê dat ik wil weggaan?"

„Nee baas."

„Nou ja, jij kan vir hulle sê, ons sal nog een was maak en dan hou ons op."

„Ja, baas", sê Jonas, „en ek denk basie sal nie jammer wees nie. Die dolos hij lieg nooit."

Dit was omtrent tien dae daarna, toe het hulle 'n goeie, groot was, wat twee en 'n halwe dag sou neem om te was, uitgehaal. Die eerste dag het hulle niks gekrij, en die tweede dag het hulle 'n diamantje van omtrent 'n halwe karaat gekrij, die nie meer dan twee pond wêrd was en Frits het begin te denk dat sij moeite en onkoste virniet was, en dat hij beter sou gedaan hê als hij nie naar Jonas geluister het nie en toentertijd al weggegaan het.

Maar die anderdag morre kom die geluk waarop hij so lang gewag het. Hij wou net stop om te gaan eet en hij draai net die laaste sif om, voordat hij Jonas roep om sijn kos te breng, en dáár, soos 'n diamant moet kom, mooi in die middel van die hopie gruis, lê 'n pragtige groot diamant.

Dit was die mooiste steen wat Frits ooit gesien het, van 'n blouwagtige kleur nes die glans wat goeie staal in sterk lig afgee, en van omtrent vijftig karaat. Frits kon dit nie help nie maar hij gee van opgewondenheid 'n skree en gooi sij hoed in die lug.

So gou als nou was daar 'n klomp van die ander delwers daarbij om te kom kijk waaroor dit was en om die klip te sien. Partij sê hulle denk die steen is 'n duisend pond wêrd. Partij reken meer. Terwijl hulle daar staan en praat, sê een van die ander delwers wat daar staan :

„Hai, jong, hier lê nog een."

En werkelik, bijna op dieselfde plek waar die ander gelê het, lê nog 'n tamelik grote.

In sij opgewondenheid het Frits dit nie raak gesien nie. Dit was nie so groot als die eerste nie maar daarom 'n tamelike een. Frits kon toe nie rus van opgewondenheid nie en hij het sij ete en alles vergeet.

Verskeie van die mense wat daar was wou die res van die was van hem koop, en het goeie somme aangebied daarvoor, maar Frits het gesê, dat, terwijl daar maar 'n paar uur se werk aan was, sou hij dit self maar klaar maak. Maar die kleim het hij daar en dan verkoop vir vijftig pond, met die kondisie, dat hij eers sij was kon klaarmaak.

Die koper blij besitter van die tent en gereedskap.. Die geld was ook somaar daar en dan kontant betaal, en Frits voel al of hij 'n rijk man is. Na die mense weg was, het hij nog twee diamante van tamelike waarde gekrij, en hij was toe blij, dat hij nie die gruis verkoop het nie. Dit was misskien vir hem gelukkig dat hij die kleim al verkoop het, want anders het hij misskien gedenk dat, nou dat sij geluk gedraai het, sou dit vir hem betaal om aan te gaan met die grawerij, en dan het hij misskien alles verloor wat hij nou gemaak het, soos dit al te dikwels gaan.

Dit was omtrent elf uur toe hij eindelik die was klaar had. Toe denk hij eers aan eet. Hij gaat toen naar die tent toe, het vir hem gewas en, nadat hij klaar ge-eet het, pak hij sij goed en stuur Jonas om Reeves te roep dat hij hem met sij motor dorp toe kan rij.

Toe Jonas terugkom, sê hij vir hem om die volk bijmekaar te roep, en hij het hulle toe hulle loon betaal, en iedereen, behalwe Jonas, twee pond gegee vir 'n present.

Vir Jonas sê hij: „Wel, Jonas, die dolos het nie gelieg nie, hê??"

„Nee Baas, die dolos, hij lieg nooit."

„Nou moet ons die dolos 'n groot present gee."

„Ja! baas."

„Nou kijk, Jonas, jij kan dorp toe gaan en vir jou 'n perd, saal en toom uitsoek en ek sal dit vir jou koop."

„Ja, baas, allemattie, dankie baas."

„Sorg dat jij middag vier uur bij die hotel is dan sal ek met jou regmaak."

'n Tijdje daarna kom die motor en hij laai sij portmentou daar in en gaat weg. Toe hij wegrij, was die nuwe baas van die kleim al besig met sij volk om gruis uit te haal en 'n nuwe was klaar te krij. Frits het nooit gehoor of hij daar iets gekrij het en hij het vir hom om die waarheid te sê, nooit verder daaroor moeilik gemaak.

In die dorp aangekom, het hij naar verskeie van die diamantkopers gegaan en hulle teen mekaar laat bied vir sij stene. Eindelik het hij hulle verkoop vir negentien honderd en 'n paar pond. Sewentien honderd en vijftig pond het hij naar Johannesburg deur die bank laat stuur, en die res met die oorblijfsels van sij eerste honderd pond, het hij in kontant getrek.

Die middag het hij Jonas sij pêrd en nog vijf en twintig pond kontant gegee. Dit was vir Jonas rijkdom bo denke of verwagting en hij besluit toe ook somaar om naar sij land terug te gaan. Ek glo hij het ook 'n dag of wat daarna die reis, te pêrd aangevang. .

Die middag egter sê hij: „Basie, ek sal nou ook maar huistoe gaan. Een dag sal basie ook daar kom en dan ons sal sien wat ons sal sien. Die dolos, hij lieg nie. Dag baas. Goeie reis baas.

„Dag, Jonas", antwoord Frits, „ons sal sien."

Dit was met heeltemaal andere gevoelens wat Frits die aand in die trein gesit het, en daar was ook 'n groot verskil in die posisie. Toe hij aangekom het was hij mismoedig, son-

der geld of toekoms, sonder vooruitsigte. Nou gaat hij weer naar die wereld waarvan hij hou, terug, met geld in die bank en geld in sij sak, en daar is 'n toekoms. Die geld wat hij had, was nou nie eintlik rijkdom nie, maar vir 'n man wat nooit in sij lewe meer dan 'n honderd pond besit het, was dit daarom 'n tamelike fortuintje en, goed opgepas, kon dit daarom sij vooruitsigte vir die toekoms heelwat verander. Sij laaste gedagte die aand toe hij gaan slaap, was aan die voorspelling van Jonas. Een deel daarvan het uitgekom. Sou die tweede wat vir hem die voornaamste was, ook uitkom? En sou hij weer die ster sien? Hij sou Johannesburg plat loop om haar te soek, en met die besluit gaat hij slaap.

## HOOFSTUK VII.

# WEER DIE STERRETJE.

Frits had, soos ons weet, 'n ietsie meer dan honderd pond nog in sij sak toe hij in Johannesburg aankom. Dit is behalwe die geld in die bank, en hij het besluit om, na die harde werk van 'n jaar, eers 'n maand te rus en daarna weer aan die werk te gaan.

Hij sou sij gedagte laat gaan oor wat hij in die toekoms sou doen en sou eers die kat uit die boom kijk. Hij was van plan om, soos hij dit noem, eers 'n goeie tijd te hê, waarna hij hem oor die toekoms sou bekommer. Om die waarheid te sê, was dit nie so erg nie, dat hij vir 'n hele maand luilekker wou lewe nie, want dit was teen sij natuur om niks te doen, en hij wis ook dat daar geen plesier te vinde was in rondloop soos hij lang tevore uitgevinde het toe hij die eerste maal werkeloos in Johannesburg het moet rondstap, maar hij had die idee in sij hoof, dat hij die maand kon gebruik om naar die sterretje van hom te soek. Dit was nou bij hem 'n soort van plig geword, en onwillekeurig het hij hoe langer hoe meer begin te glo aan die voorspellinge van Jonas, omdat hij dit so verlang. Krij sou hij haar, als sij in Johannesburg was, daarvan was hij seker.

Hoewel daar honderd en vijftig duisend witmense in die stad woon, vroeër of later, moet hij haar sien, en, so het hij besluit, als hij haar net te sien kan krij, sou dit nie sij skuld wees, als hij nie kan uitvinde waar sij woon nie en wie sij is. Hij het

toe 'n kamer geneem in een van die naaste voorstede, en het hem daar op sij gemak ingerig.

Een van die eerste dinge wat hij gedaan het was, om Jan de Beer op te soek en te sien hoe dit met hem gaan.. Hij vind toe dat Jan 'n goeie betrekking had en dit met hem veel beter gaan dan hij ooit op die delwerije sou gewees hê. Nadat hij dat wat hij als plig beskouw uitgevoer het, en hij oortuig was dat Jan niks nodig het, het hij sig oorgegee aan die één ding wat hem en sij gedagte in die dae besig hou.

Daar was nie 'n plek in Johannesburg nie, waar mense bijmekaar kom waar hij nie heen gegaan het nie om te kijk of hij haar nie daar kon sien nie. Als daar sports was bij die Wanderers, of 'n Sondagse konsert, dan gaat hij daarheen. Die theaters en bioskope het hij elke aand besoek en die bediende daar het hem net so goed leer ken, als die mense waar hij bij tuis was.

Daar was geen vergadering, van welke aard ook waar 'n mens kon verwag om 'n vrouwmens te sien, wat hij nie bijgewoon het nie. Hulp kon hij van niemand vra nie, en, al wou hij dit doen, sou niemand hem kon help nie en die mense sou hem net uitgelag hê. Dit was alsof hij soek naar 'n naald in 'n hooimiet. Dit het tog naderhand 'n soort van 'n geloof bij hem geword en hij het bijna nie 'n minuut van die dag aan iets anders gedenk. Elke ogtend van tien tot twaalf, en elke middag van vier uur tot sononder, het hij in die strate waar die voornaamste vrouwe winkels was, op en neer geloop in die hoop, dat hij haar daar sou sien en ek twijfel nie of partij van die polisie het al naar hem begin op te let en te wonder waarom hij altijd daar rondloop en het hem al vir 'n kwaaddoener begin aan te kijk. 'n Jong man wat in Johannesburg rondloop sonder te werk, maar wat daarom altijd skijn geld in sij sak te hê, is 'n seldsame artikel en nie selde nie leef hij van 'n onwettige en onverdiende inkome.

So het dinge aangegaan vir meer dan 'n maand, totdat Frits

begin insien dat dit nie so kon aangaan nie. Dit kon maande en jare duur voordat hij krij wat hij soek, en, wat natuurlik hoogs waarskijnlik was, als die miesie nie in Johannesburg woon nie, kon dit vir ewig so aangaan als hij solang leef. So ver hij weet, woon sij mogelik nie eens in Suid Afrika nie en het maar kom kuier en intusse verteer hij sij geld en hij verdien niks. Aan die geld in die bank wou hij nie aankom nie of dit moet noodsakelik worde. Dus moet hij iets te doen krij. Hij moet 'n betrekking soek of self 'n besigheid begin. Op die manier kom hij weer te denk aan die kantoor waar hij gewerk het, die makelaarsfirma waar Harvey boekhouer was en hij herinner hem die woorde: ,,Als ik ooit iets vir jou kan doen, moet jij nie vergeet nie om naar mij te kom."

Waarom sou hij nie naar Harvey gaan nie. Hulp sou hij nooit van hem gevra het, want daar was hij te hoogmoedig voor, maar advies kon hij met 'n vrije gewete van enige man vra. En buitendien, hij en Harvey was altijd goed bevriend en hij had altijd vir hem 'n groot respek gehad als besigheidsman en als mens.

So gesê, so gedaan. Die volende dag om tien uur gaat hij naar Harvey se kantoor toe, en krij die ou kêrel ook daar. Hij was 'n man van sowat vijftig jaar, maar nog fris, en was 'n eerste klas besigheidsman. Hij was 'n stille man, en een van die soort wat heel dag kon deurwerk sonder rus. Hij was van die soort wat op 'n streep deur werk van nege tot een uur en van twee tot vijf bijna sonder om van sij stoel op te staan, 'n bedaarde man met sagte maniere, eerlik en opreg. Hij het nooit iemand gehinder en daar was bijna niemand in die kantoor wat enig iets onangenaam wis van sij private lewe, en Frits, wat hem nooit daarmee bemoei het, wis daar niks van.

Daar aangekom, sê Frits net, nadat hulle gegroet het:

,,Mr. Harvey, ek wil van jou advies hê, en terwijl ek weet dat ou Mackay suinig is op julle tijd, wil ek jou nie nou hinder

nie, maar kan jij om elf uur uitkom om te kom koffie drink? Dan kan ons praat."

„Wel, ek kan probeer. Wat wil jij hê? Jij weet, ek kan nie te veel doen nie."

„Ja, ik weet, maar jij hoef nie bang te wees nie. Ek wil maar net advies hê van jou."

„O!" sê ou Harvey net, en Frits glimlag, want hij voel dat Harvey denk dat hij geld wou leen.

Toe die tijd kom, gaat hij weer vir Harvey haal, en, bij die koffiehuis gekom en onder die tee drink, vertel Frits vir Harvey hoe dit met hem gegaan het en wat sij posisie nou is.

Na hij 'n tijdjie daaroor het sit en denk, sê hij: „Kijk Frits, ek moet jou eerlik sê, ek het al 'n hele tijd 'n idee in mij hoof en jij kom nou net of jij geroep is. Maar ek het nie nou tijd om daaroor te praat nie, want ek moet terug kantoor toe. Maar ek sal jou sê wat jij kan doen. Kom eet een uur bij mij bij die klub en dan kan ons die ding bespreek."

So het hulle besluit en om 'n lang storie kort te maak, aan tafel lê Harvey sij plan als volg bloot:

„Jij moet weet, dat ek al lang 'n plan het om mij eie besigheid te begin, maar, hoewel ek die kantoor werk goed genoeg kan reg krij, het ek altijd beskouw dat daar twee in so'n besigheid moet wees. Ek het altijd gedenk, dat ek 'n vennoot moet hê wat die buitewerk kan doen en daarbij had ek nog nie heeltemaal genoeg kapitaal nie. Wat ek nou vir jou wil voorstel is dit: Als ons ons geld bijmekaar set, gelijk-op, dan het ons 'n goeie kapitaal, en ek denk ons twee sal goed saamwerk. Jij kan die buitebesigheid doen en dan kan ek naar die kantoor kijk. Wat denk jij?"

Frits was verwonderd oor die voorstel, daar hij nooit so iets verwag het en hij het solang daaroor sit en denk, dat Harvey naderhand vervolg:

„Ek wil nie hê nie jij moet haastig oor jou besluit wees. Neem 'n dag of twee om dit te bedenk, en dan kan jij mij laat

weet. Ek sal jou 'n plan gee. Morre is Saterdag, dan is die kantore toe, en ik het die middag vir mijself. Mij vrouw en dogter sal uit wees. Kom nou morre middag vijf uur naar mij huis, hier is mij adres en dan sal ons alleen wees en ons kan die saak op ons gemak bespreek."

„Ja, sê Frits. Dit sal die beste wees" en hij sit 'n tijdje stil. Toe sê hij, terwijl hij lag: „Dis snaaks....."

„Wat is snaaks?" vra Harvey.

„Wel, hier sit ons twee en praat oor 'n besigheid wat ons saam wil begin, en ons weet so te sê van mekaar niks af. Ek het, hoewel ek moet sê, ek het daar nooit aan gedenk, nooit eens geweet, dat jij 'n getrouwde man was."

„Ja, dis waar. Maar ek ken jou in die kantoor en die feit, dat jij dit 'n jaar op die delwerij uitgehou het, sonder om moed op te gee is ook 'n goeie teken. Dis vir mij genoeg."

„Ja, en wat ek van jou weet is vir mij ook genoeg. Dit het mij maar opgeval dat dit so snaaks is."

„Nou ja, sal ons dan so maak?"

„Ja. Ek reken so."

Nou goed. Ek moet nou naar die kantoor gaan. Dan verwag ek jou morre middag om vijf uur. Tot siens!"

Frits het nie sij hoof erg met denk gebreek nie. Hij het somaar gou besluit om met Harvey in vennootskap te gaan, want dit was net die kans wat hij wou hê. 'n Betere geluk kon hij nooit verwag het, want als hij alleen moes begin, sou sij kapitaal nie genoeg gewees het nie en om 'n man soos Harvey als vennoot te krij, wat in die besigheidsomgang van die stad goed bekend was, was 'n kans wat hij nooit weer sou krij. Sij besluit was dus sonder tijdversuim gemaak en hij het dit toe uit sij gedagte geset vir die tijd.

Die aand krij hij Jan de Beer in die dorp, en hulle gaan saam naar die teater. Hulle sit in die vierde rij. Toe hulle daar kom het die verrigtinge al begin en dit was donker in die auditorium. Hulle kon niks sien buite die toneel. Hulle het die eerste

toneel deur gesit en net toe die gordijn sak sê Jan dat hulle 'n verversing kon gaan soek.

Hulle staan toe op om uit te gaan, toe hij, sonder waarskuwing, en terwijl hij nie eens daaraan gedenk het nie, vinde wat hij so lang te vergeefs naar gesoek het. Twee rije, so half dwars voor hem sit sij, en hij kon perfekt die een kant van haar gesig sien. Frits gaat toe somaar weer sit. Jan draai om en sê:

„Hello, Frits, kom jij nie?"

„Nee loop jij maar. Ek sal netnou kom."

„Wat mankeer dan?"

„Nee niks. Ek sal jou later sê. Gaat jij maar so lang uit."

Jan staan nog 'n beetje naar hem en kijk, en toen draai hij om en gaat uit.

Frits blij toen sit. Hij kon sij oë nie van haar af hou nie, en hij besluit daar en dan om haar nie uit die oog te verloor nie totdat hij uitvinde waar sij heengaan als die teater uitkom, al moet hij haar volg. Bij haar was 'n vrouw van middelbare leeftijd, die blijkbaar haar moeder was, en 'n jonge man van sowat Frits se eie leeftijd. Dit was iets wat Frits nooit aan gedenk het. Misskien was sij al verloof of dalk getrouwd ook al, en sij hart word swak toe hij daaraan denk. Een slag het sij omgekijk naar die mense wat in die teater agter haar sit, en Frits kon haar toe vir 'n tijdje goed bekijk. Daar was geen twijfel dat sij dieselfde sterretje was.

Na 'n tijd kom Jan terug en, terwijl hij gaan sit, vra hij:

„Waarom het jij nie uitgekom nie?"

„Ek het iemand gesien met wie ek wou praat", antwoord hij, en dit is geen leun nie, want hij sou op die oomblik alles gegee het wat hij besit vir 'n dergelike voorreg.

Jan was tevrede. Die gordijn gaat op en die tweede toneel begin. Maar wat daar op die toneel gebeur het, het hij net so min 'n idee van als 'n man buitekant die gebouw. Dit het al dikwels gebeur dat hij vergeet wat die teks was als hij Sondag uit die kerk kom, en dit het meer dan dikwels gebeur dat hij

nooit geweet het wat die teks was, omdat hij oor andere dinge gesit en droom het, maar vanaand was dit 'n ander geval.

Sij drome was van die geaardheid, dat hij van 'n teks of 'n toneel, of enig ander ding nie die minste notisie kon geneem het nie, en, hoewel daar geen verhouding was, sou dit bij hem geen verskil gemaak het of dit 'n kerk of 'n teater was waar hij in was, solang hij daar sit van die ganse wereld onbewus, en kon hij aan niks anders denk dan sij sterretje en hij kon sij gedagte op niks anders vestig nie.

Vir hem het die tweede toneel nie vijf minute geduur nie, gedurende welke tijd hij net die hoof met 'n weelderig bos sagte haar die hij net teen die voetligte van die toneel kon sien in die oog had alsof daar in die ganse wije wereld niks meer was dan die vrouwelike wese wat onbewus van haar stille bekoring, van niks anders af weet en net die gebeurtenisse op die toneel bewonder en aan niks anders denk.

Als jij vandaag vir hem vra watter stuk die aand daar gespeul was, kan hij jou nie sê nie, maar die gedagte en herinnering aan sij ster op sij lewenspad sal hem nooit verlaat tot die dag van sij dood.

Toe die gordijn vir die tweede maal sak en die elektriese ligte met hulle heldere, oogverblindende lig, weer aankom, was dit of hij uit 'n droom wakker word, en hij kijk, half beskaamd in die rondte net soos een wat verstom is en nie goed kan verstaan nie waarom die mense daar, wat hij als vir die eerste maal sien, hulle hande klap en so'n lawaai maak.

Naar gewoonte, soos dit met die jong mense in Johannesburg is, het Jan opgestaan om gedurende die pause uit te gaan en 'n verversing te geniet, maar Frits blij sit.

„Jong, Frits" sê Jan toe hij sien Frits roer nie, „wat is dit vanaand met jou? Wil jij dan die hele aand hier blij sit. Kom dan uit en drink 'n lekkere koppie tee."

Toe eers kom Frits uit sij droom uit en tot sigself. Dit sou nooit betaal om Jan te laat raai wat met hem verkeerd

was, en hij besluit om met hem saam te gaan. Dit sou nooit betaal om Jan nuwsgierig te laat word, anders sal hij nooit met hem vrede krij. Om daar te blij sou hem maar 'n ekstra tien minute gee, en, als hij terug kom kan hij nog doen wat hij sig voorgeneem het. Hulle gaan toe uit.

Nou moet julle weet, dat net oorkant die Teater die Carlton Hotel was, die grootste, en, nota bene, een van die duurste in Suid Afrika en dit was die gewoonte bij al die jong mense van Johannesburg om, als hulle wil groot praat, altijd te sê hulle het dit en dat bij die Carlton gedoen, of als hulle die aand uit gewees het, om te sê, hulle was bij die Carlton, en als hulle ergens die dag ge-eet het en nie vir 'n maaltijd tuis gekom het nie, dan sê hulle: ,,O! ik het van middag bij die Carlton ge-eet."

Die hotel was beskouw als die middelpunt van beskaafdheid hoewel dit die uitgangspunt was van die Johannesburgse oordrijwingsgees. Al die jong mense het gereken dat dit iets groots was als dit mogelik was, om die naam Carlton daartussen te vleg als daar iets gesê word van hul dagelikse stadlewe. Ek het selfs 'n man geken wat, meer bekend met die wet als 'n professie dan die Carlton als 'n woonplek, altijd sij briewe dateer ,,Carlton Hotel, Johannesburg," maar als jij hem wil sien, dan is hij net op sij kantoor te sien. Als jij, per ongeluk, op sij regte woonplaats afgekom het, sou jou dit meer laat denk het aan Vrededorp dan een van die grootste en duurste hotelle in die Unie.

So was dit dat Jan toe hij buite kom, alhoewel daar 'n drinkplek in die teater was, reguit naar die Carlton toe stap. En Frits, wat nie graag die teater wil verlaat nie maar tog nie vir Jan wil laat merk dat hij nie wil weggaan nie, maar stil agter hem aanstap.

Ongelukkig vir Frits, ontmoet Jan daar iemand wat hij ken, en dit het 'n hele tijdjie geduur voordat hul terug was. Toe hulle terug kom, was die ligte al uit en hul gaan sit

voordat Frits merk dat die meisie met haar moeder en die jong kêrel nie meer in hul plekke was nie.

Misskien het hij eers gedenk hulle het maar, soos hulle self, uit gegaan om 'n koppie tee of cocao te gaan gebruik en hij het maar sit en wag totdat hulle terug kom. So 'n tijdjie het hij nog gesit met Jan en gesels, alhoewel hij nie goed wis nie wat die rede was en nog geen agterdog had.

Maar skielik val dit hem bij. Dit is nie die gewoonte nie dat dames in die tussenpause uitgaan en hij kom tot die besef van wat dit beteken.

Hulle was huistoe!

---

## HOOFSTUK VIII.

# MAMMON'S PLANNE.

Frits was kwaad. Had hij nie die teater verlaat nie, het hij hulle misskien sien uitkom, en in die paar minute wat hij bij die Carlton was, is die sterretje weer verdwijn. Sonder om Jan iets te sê, staat hij op en gaat uit. Buite was daar niemand te sien, net die deurwaarder was daar. Die vertel hem, op sij vraag, dat 'n tijdjie tevore 'n paar mense uitgekom het, en te voet die straat opgestap het. Frits dag toe, dat dit mogelik kon wees dat, daar hulle tevoet weg is, dat hulle naar 'n koffiehuis gegaan het om 'n koppie koffie te drink voordat hulle naar huis gaan. Hij het toe in al die voornaamste koffiehuise gaan kijk, maar daar was niks te vinde.

Te laat het dit hem bijgeval dat hul te voet weg is om naar die trein te gaan, wat maar een straat verder van die teater was, en, omdat daar so baing trems is, en so veel mense in en uitklim, was dit onmoontlik om uit te vinde in welke trein hulle gegaan het. Van die hoek van Eloff en Mark straat vertrek misskien elke minuut 'n trem vol mense en bijna elkeen gaat naar 'n ander voorstad, en in 'n verskillende rigting.

Frits kon hemself dit nie vergewe nie, dat hij die kans, wat hij so lang na gesoek het, en wat hij so onverwags gekrij het, deur 'n stommiteit verloor het.

Eén troos had hij egter, en dit was dat sij nog in Johan-

nesburg was. En so redeneer hij, sij woon in een van die voorstede waar die trems heengaan, dus, nie te ver nie in makkelike bereik van die trem.

Tog, sou dit nie so makkelik wees nie om haar te krij, want daar is bijna 'n honderd van die voorstede waar die trems heengaan, en hul lê wijd uit mekaar uit.

Dan had hij nou, in plaas van een mens om te soek, drie. Die jong kêrel sou hij seker een of ander tijd in die stad raakloop, en die moeder kon hij ook nog ergens te sien krij. Maar, erg gelukkig het hij nie gevoel nie, want in die eerste plaas kon dit nog maande duur voordat hij een van die drie weer sien, en in die tweede plaas was daar die raadsel van die jonge man.

Wie en wat was hij, en wat het hij met haar te doen? Dit was 'n vraag wat Frits tamelik mismoedig maak, en hij was bang dat hij te laat naar 'n ster op sij lewensbaan soek. Wat sou dit hem baat om al die moeite te neem om haar te vinde en dan te hoor, dat sij al verloof is of misskien al getrouwd.

Daar was nie aan te denke nie. Hij sou nie rus nie tot hij daaroor sekerheid had. Dit sou wel 'n hele tijdjie neem voordat Harvey kon klaar wees om te begin, en in die tussentijd sou hij die soek met verdubbelde ijwer voortset.

Hij het toe nog 'n tijd lang in die woelige strate op en neer geloop en het eindelik huistoe gegaan. Jan en die teater het hij skoon vergeet, en Jan moet glo gedenk hê, dat hij siek was.

In elk geval was dit eers lang daarna dat hij Jan weer gesien het, en toe het Jan nie daaraan gedenk nie om 'n uitleg te vra.

Die volende morre had hij niks te doen en hij het die hele oggend in Eloff Straat, en van die hoek van Eloff en Mark Straat tot bij die poskantoor, waar die meeste gewoel is en waar die meeste trems loop, rondgedwaal met die hoop om haar weer te sien.

Maar te vergeefs. Gewoonlik word dit gesê, dat als jij iemand in Johannesburg wil sien, moet jij net vir 'n paar maal die twee strate op en neer loop, en dan is dit seker dat dit jou sal geluk om die persoon waarnaar jij soek te ontmoet, maar Frits het daar vir bijna drie uur sonder sukses rondgedwaal. So bang was hij om weer 'n kans te laat voorbijgaan dat hij nie eens huistoe gegaan het nie om te eet maar het somaar bij een van die koffiehuise iets gebruik, en was binnekort weer in die straat op wag.

So het hij aangehou totdat dit tijd was om naar Yeoville te gaan om Harvey se antwoord te gee. Hij klim toe op die Yeoville trem en gaat weg.

Harvey had 'n fraaie huisie bo op die rand van Yeoville, met 'n mooie tuin daarvoor en van die straat geskut met 'n micro-carpa heining. Die huis was só gebouw dat, als 'n mens op die stoep sit, kon die mense in die straat nie oor die heining kijk nie, en dit was meer of min privaat. Maar, omdat die huis so hoog teen die rand staan, was daar 'n pragtige uitsig oor Johannesburg, en vooral oor die oostelike en suidelike voorstede wat net soos 'n grote landkaart voor jou uitgestrek lê.

Toe Jan daar aankom, sit Harvey al vir hem op die stoep en wag.

„So, dis reg" sê hij. „Kom sit. Ons sal maar hier op die stoep blij. Dit is hier stil, en lekker fris, en ek is alleen bij die huis. Sit."

„Jij het 'n lekker plekkie hier. Dis 'n hele verandering om hier so'n stil plekkie te krij na die gewoel van die stad."

„Ja" antwoord Harvey „daarom woon ek hier. 'n Mens het, na jij die hele dag in die dorp gewees het, 'n beetje stilte nodig."

„Ja, ek moet eintlik ook 'n beetje verder uit die stad gaan woon. 'n Mens word lui van die geraas en gewoel. En tog

het dit vir mij 'n soort van aantrekking. Dit raak naderhand in 'n mens se bloed."

Intussen het hulle pijp opgesteek, en Harvey het van die kombuisjong koffie laat bring. Nadat hulle so 'n tijdjie oor dit en dat gesels het, vra Harvey: ,,Wel, en het jij al besluit wat jij sal maak?"

,,Ja! ek wil met jou in vennootskap gaan," sê Frits.

,,Ek is blij om dit te hoor. Ek was half-bang dat jij sou denk, dat ek te oud was om jou vennoot te wees. Maar, al moet ek dit self sê, ek denk ek is juis die man wat jij moet hê als jij ooit daaraan gedenk het om vir jouself 'n besigheid op te rig."

,,Ek denk dit ook. Ek is misskien nog 'n beetjie jong om mij eie baas te wees, en 'n man soos jij sal 'n soort van 'n remskoen op mij wees. Ek denk 'n ou kop en jong skouers is omtrent die beste kombinasie wat 'n mens kan krij. Ek denk ons sal goed aangaan. Wanneer sal ons begin?"

,,Wel" sê Harry, ,,ek sal Mackay eers 'n maand vooruit kennis moet gee dat ik van hem sal weggaan, maar jij kan intussen dinge begin regmaak. Daar's bievoorbeeld......" en so gaat hulle aan gesels oor wat nodig is en die baing biesonderhede in verband met die oprigting van so'n redelik grote besigheid dat hul vergeet dat dit laat word, en dit was al donker voordat hulle uitgepraat was.

Eindelik sê Harvey: ,,Jong, ons het nog 'n heelboel om oor te gesels. Jij moet maar hier blij eet. Die vrouw en kinders gaan weer vanaand uit dan kan ons verder gesels, en" sê hij, na hij so'n tijdjie geluister het ,,hier kom hulle aan. Ek kan hulle stemme hoor."

En kort daarna gaat die tuinhek ope en drie mense kom in.

En, wonder der wondere, dit was niemand anders dan die selfde drie wat hij gisteraand in die teater gesien het.

Frits was van verwondering so verbluf en sprakeloos, dat

hij amper vergeet het om sij hoed af te haal, en hij hoor net Harvey sê:

„Mij vrouw, mij seun en mij dogter Maria."

Dit was vir Frits so'n groot geluk dat hij bijna nie deur die gewone formaliteit van groet kon gaan nie. Hier was sij soek eindelik op 'n end en, wat nog meer was, die jong kêrel van wie hij moeilikhede verwag had, was haar broer en dus skadeloos. Hij kon amper rond gedans het van blijdskap. Hij kon dit egter maar gelaat hê, want sij vreugde was van korte duur en dit lijk of dit sij lot moes wees dat telkens als hij meen dat die sterretje nooit weer sou verdwijn, word al die geluk deur 'n ramp bedreig.

Hulle was skaars daar, toe sê Maria: „Kom, ma, ons moet gaan eet want ag uur kom mnr. Collins ons haal om naar die teater te gaan, en ek sal laat wees."

Frits het nie naar die naam opgelet nie, maar hij dag dit tog snaaks dat hulle twee aande agter mekaar naar die teater toe gaan, en onwillekeurig sê hij:

„Maar julle was tog gistraand daar."

Maria kijk verwonderd op en vra: „Hoe weet jij?"

„Ek het julle daar gesien."

„O!" lag sij, „dis waar. Maar ma het nie fris gevoel nie, toe kon ons nie die end sien nie."

„Nou gaan julle vanaand weer."

„Ja. Jack en ek gaan. Mnr. Collins 'n vriend van ons gaan mee."

„Jij moet liewer met ons meegaan" sê Jack Harvey, en Frits wou net aanneem toe Harvey sê: „Nee, Frits, jij kannie van aand gaan nie. Ons het nog besigheid waaroor ons moet praat."

En Frits moes weier.

„Welke besigheid?" vra mev. Harvey.

„O! het ek julle nie vertel nie? Frits is die man wat ek

julle van vertel het, wat met mij saam in die besigheid gaan."

,,So" sê Jack Harvey, ,,is dit jij? en na 'n tijdjie vervolg hij: ,,Is dit jij wat van die delwerij kom?"

,,Ja."

,,Dan moet jij vir Collins ken."

,,Collins"? vra Frits. ,,Was hij ook daar? Ek weet van 'n Collins wat daar was maar ek ken hem nie." En sij woorde klink 'n beetjie hard, sodat Harvey hem 'n beetje skerp aankijk.

,,Jij praat," sê hij, ,,of jij hem nie wil ken nie."

,,Nee," antwoord Frits, wat bang was om aanstoot te gee en nie wis in hoeverre hulle met Collins bevriend was, en ook nie wis of dit dieselfde man was nie,—op die delwerij is so baing mense wat 'n mens net van sien ken en waarvan jij nie notisie neem nie, dat jij jou nooit aan hulle steur.

,,Dis snaaks, weet jij," en hij draai sig naar Maria toe ,,maar ek het jou ook op Bloemhof gesien?"

,,Vir mij"? sê sij verwonderd. ,,Dis nie mogelik nie. Ek was nog nooit in mijn lewe daar."

,,Wel, ek sal nou nie sê op Bloemhof nie, maar ek het jou daar in die trein gesien, met die virbijgaan, omtrent twee maande gelede."

,,O" sê sij ,,dis mogelik. Dit was toe ek van die Kaap gekom het, toe het ik daar deurgekom. Maar ek is verwonderd dat jij dit kan onthou."

,,Dit sou 'n wonder wees als ek dit kon vergeet" sê Frits ewe ernstig, so ernstig, dat die dame hem 'n beetje verskrik aankijk.

,,Jij's 'n eerste klas komplimente-maker hoor!" sê sij.

,,Dis nie 'n kompliment nie. Dis die waarheid."

,,Nou blij ek ook maar stil" sê sij en hulle gaan aan lag. So het hulle met gesels en grappies maak aan tafel gaan sit,

en Frits het die hele wêreld vergeet en sou so eindeloos kon aangaan.

Daar werd weldra aan die voordeur geklop.

,,Daar's mnr. Collins'' sê Maria, en Jack Harvey staan op om die deur te gaan opemaak. Na 'n tijdjie kom hij weer in, gevolg deur dieselfde man wat Frits op die delwerij geken het. Frits was verplig, beleefdheidshalwe, om op te staan en te groet, hoewel hij hem nie met die hand gegroet het nie.

Collins, aan die ander kant, vir wie die ontmoeting 'n verrassing was, kon sij gewaarwordinge nouweliks weerhou. Net toe hij Frits sien, staat hij stokstijf naar hem te kijk, en sij bo-lip trek op net soos die van 'n hond wat wil bijt. Dit was lig te sien dat die ontmoeting vir hulle albei erg onplesierig was en dat vir Collins daarin iets meer dan louter onplesier was.

Hij was bang ook, en kwaad want hij begrijp dadelik dat Frits, net deur 'n paar woorde te sê, 'n tamelik dik stok in sij wiele kon steek.

Harvey wat 'n oplettende man was, het goed gemerk dat daar iets verkeerd was, maar hij het niks gesê, en dit was eers 'n paar maande daarna dat die kwessie weer opgehaal werd.

Collins was misskien omdat Frits daar was haastig en, met die ekskuus dat dit al laat was, maak hij hulle ook haastig, en dit was nie te lang nie of hij gaat met Maria en Jack weg, en Frits moes daar blij om met Harvey besigheid te bespreek.

Die besigheidsgesprek was maar 'n eensijdige ding, want Frits was in sij gedagte verstrooid, en Harvey het meer of min al die sê gehad. Dit was ook nie te lang nie of Frits maak die rondte van vader Cloete en gaan huistoe nadat hulle afgespreek het wat hij moet doen, en nadat hulle 'n

bestelling gemaak het bij 'n prokureurs kantoor om hulle vennootskap kontrak te laat beskrijwe.

Tot diep in die nag het hij rondgeloop besig met sij gedagtes en wisselend tussen geluk en neerslagtigheid. Eindelik was die soek op 'n end en hij het gekrij wat hij wou hê.

Met die soek naar diamante en die vinde daarvan, het hij sij wereldse sake op 'n goeie voet geset. Nou het hij, na lang soek 'n andere sterresteentje gekrij soos daar nie veel te sien en te krij is nie, maar sou sij geluk hier aanhou?

Daar was Collins, die skijn „persona grata" bij Maria te wees. Wat was die posisie hier? En die ergste was, dat hij niks in die saak kon doen. Welke reg had hij om tussenbeië te kom, en sonder bewijs? Welke reg had hij om iemand te vertel dat Collins 'n I.D.B. was? Hij was self nie eens daarvan seker nie.

Nee. Hij moes stil blij, en sij kans waarneem, als daar nog 'n kans was. Als Collins nog nie te lang op sij baan gekom het nie, reken hij, dat hij sij beste moet doen en hij sou sij beste doen. Daarop kon Collins reken. Collins sou hem natuurlik, waar mogelik, in die wiele rij, maar Frits kon aan niks denk, wat hij kon doen om hem kwaad te doen. Sover was die voordeel aan sij kant, want hij sou die vennoot van die vader wees, en niemand kon teen hem iets sê. Hier het hij dom geredeneer want, met sij mensekennis in 'n stad soos Johannesburg opgedaan, het hij moet weet, dat als iemand iets teen jou wil sê is dit nie eintlik nodig nie, dat daar presies iets teen jou moet wees en dat 'n leuen, ja, selfs 'n halwe leuen, partijmaal meer kwaad kan doen, dan die hele waarheid van een begane fout ooit sou kon bewerk.

Frits wat die eerlikheid en opregtheid self was, het nooit gedenk dat Collins hem met leuens sou beveg nie, maar hij was, desniettemin seker, dat Collins hem sou kwaad doen als hij kon, en hij sou 'n gevaarlike opponent wees, want hij

was slim, en sijn konsiensie, als hij nog een had, was ook maar halfslijt.

Maar laat ons Frits met sij gedagte laar staan. Hij het vir die paar maande daarna, gereeld bij die Harveys gaan kuier, en, hoewel hij Collins 'n paar maal daar aangetref het, het hulle mekaar in die tijd nie veel gesien nie. Dinge het vir Frits goed aangegaan en dit lijk of hij daarom in die guns van Maria geraak het, maar hij was bang om te haastig te wees. Jack Harvey, wat 'n student was bij die Skool van Mijnwese, was al lang weg, en Frits het die voordeel daarvan gehad, want als Maria ergens heen wil gaan, naar 'n konsert of soiets, dan val dit gewoonlik aan Frits om haar te vergesel.

Collins had ook 'n paar maal sij beurt, maar, om 'n lang storie kort te maak, het Maria langsamerhand meer van Frits se geselskap skijn te hou dan van die van Collins so dat Frits begin denk het, dat hij uiteindelik gelukkig sou wees.

Collins was besig om 'n ding op touw te set. Laat ons dus sien waarmee die knaap besig was.

Hij was een van die mense, soos daar nog al veel in Suid Afrika is wat nie skijn familie te hê nie, en van wie niemand weet waar hulle vandaan kom of heengaan. Hij het bij die "Goldfields Hotel," die welbekende en een van die oudste hotels in Johannesburg gewoon, waar alleen mans toegelaat word. En hij skijn oorvloedig geld te hê.

Hij had, in die stad, in een van die groot gebouwe, 'n kantoor van één kamer, waar hij maar selde te vinde was, en op die deur waarvan in swart letters gestaan het: *"J. Collins, Agent."* Maar niemand het ooit gesien dat hij daar besigheid doen, of dat hij ooit namens 'n andere als agent in enige besigheid deel geneem het.

Die deurwaarder van die gebou sou jou kan vertel, als hij wou, dat daar partijmaal mense naar die kantoortjie ge-

gaan het, maar dat dit nie die soort van mense was wat lijk of hulle 'n agentsbesigheid kon hê nie.

Maar 'n deurwaarder se eerste plig is om stil te blij en nie met 'n vreemde te praat oor die mense wat in die gebouw woon nie. Als hij dit doen, verloor hij net gou sij pos.

Gewoonlik staat daar op 'n papiertjie „Uit, netnou terug," maar als jij daar wag tot hij terug kom, kon dit duur tot sononder, en misskien nog 'n paar dae.

Die mense, wat per geleentheid, daar kom om hem te sien, die krij hem gewoonlik daar, 'n feit wat aandui dat hulle 'n bestelling het, en dat Collins geweet het, dat hulle kom, of dat hulle spesiale tije had om te kom en te gaan .

Op 'n goeie dag, omtrent die tijd dat Collins en Frits mekaar weer in Johannesburg vir die eerste maal sien, was Collins in sij kantoor, waar hij voor die venster sit en uitkijk, alsof hij niks te doen het en net op iemand sit en wag.

In die kamer was 'n skrijftafel, 'n rusbank, 'n paar stoele en 'n groot brandkas, wat gesluit was. Behalve 'n paar prente op die muur, was daarin niks anders.

Dit was duidelik dat die kamer net gebruik word vir 'n soort van vergaderplek. Hij had 'n tijd lang bij die venster uit sit en kijk, en het 'n paar maal sij oorlosie gekonsulteer en hij begin ongeduldig word.

Eindelik na 'n paar maal heen en weer driftig geloop te hê, word daar geklop, en toe hij die deur ope maak, stap daar 'n man in wat so lang was dat hij moes buk om bij die ses voet deur in te kom.

Hij was seker ses voet lang, en daarbij was hij uiters skraal met lange, dunne arms en hande, wat lijk of hulle bijna tweemaal te lang was vir die mouwe van sij baatje en 'n mens die idee gee, dat hij klaargemaakte klere dra en nie 'n baatje kon krij wat vir hem groot genoeg was nie. Hij

was kaal geskeer en had 'n grote haakneus soos 'n aasvool, en hij maak ook die indruk van 'n roofdier.

,,Hullo! Hooper", sê Collins, ,,kom binne, kom binne kêrel. Ek wag al 'n halfuur vir jou."

,,Dag Collins", antwoord Hooper, en hij steek sijn lange hand uit, wat meer lijk naar 'n valk se klouw aan die end van 'n volstruis been dan 'n hand aan 'n arm.

,,Hoe gaat dit?"

,,Nog goed. Hoe gaat dit op Skulpadfontein?"

,,So, so. Besigheid is maar sleg, en die kaffers het nie meer geld nie. Hulle het hierdie jaar 'n misoes gehad."

,,Blij om dit te hoor" sê Hooper verwonderd. ,,Wat bedoel jij?"

,,Dit sal jou misskien meer genege maak om aan te sluit in die besigheid wat ek wil voorstel."

,,Is dit die ding? Dit sal wel weer 'n skelmstuk wees."

,,Dit sal jou nie afskrik nie, ten minste nie als jij nog dieselfde man is wat ek vroeër geken het", en die twee gaan aan lag.

Dit was duidelik te sien, dat die een net so'n spitsboef als die ander was, en dat die tweetjes mekaar goed ken.

Hooper, moet ek julle vertel, was op die oomblik 'n handelaar, en had 'n kafferwinkel op Skulpadfontein, misskien die grootste kafferstad in die Bosveld, en terwijl die enigste andere witmense wat daar woon, die Sendeling en sij familie was, was dit 'n eersteklas en vrugbare jaggrond vir 'n skavuit en bedrieger soos hij. Hij het daar tamelik geld gemaak, maar die laaste jaar het dinge maar sleg gegaan, en sij posisie was nie van die beste nie.

Collins wis dit en hoe hij dit te wete gekom het, is onmogelik om te sê, maar hij wis ook, dat Hooper in Johannesburg was en waar om hem te krij. Hij wis ook waarom dat Hooper in die stad was, en wis goed dat hij moes kom om bij 'n groothandels firma, van wie hij sij negosie krij te pleit

om hem nog nie vir die betaling van die laaste en die vorige besending goedere op te keil nie en om duidelik te maak dat dit vir hulle beter sou betaal om geduld te gebruik.

Onder die omstandighede was hij net die man wat Collins nodig had, te meer, daar hul vroeër al gemeenskappelike transaksies had wat nie misskien aan die lig van die dag kon blootgestel worde nie.

Daarom het Collins hem 'n briefie geskrijwe om hem te vra om hem op die bepaalde tijd in sij kantoor te kom sien, daar hij hem 'n voorstel wou maak. En daarom was Hooper die middag hier en het hij gevra:

„En waarom wou jij mij sien?"

„Ek sal jou sê. Jij wat dig bij Sekekoen se land woon, het jij ooit gehoor van die emmer vol diamante wat Sekekoen het?"

„Ja, banja."

„Weet jij daar iets van?"

Wel, nie veel nie. Ek het banja van die kaffers hoor praat daarvan, maar, hoewel ek al banja in Sekekoen se stad gewees het, het ek hul nog nooit gesien nie."

„Glo jij daaraan?"

„O! ja. Daar is geen twijfel aan dat dit waar is. Sover als ek die ding verstaan, verwag Sekekoen van elke kaffer wat naar die diamantvelde gaan om werk te soek om vir hem, als hij terug kom, één of meer als 'n soort van tiende penning saam te breng. Jij weet self dat honderde van die volk in die ou-daë diamante terugbreng. Jij moet dit weet, want jij en ek het al tamelik daarvan van hulle gekoop."

„Ja, ek weet", en hulle sit 'n tijd stil. Na 'n rukkie sê Hooper. „Maar wat het dit alles met mij te doen?"

„Die vraag is dit: Als jij weet waar die diamante is, sou jij dit die moeite wêrd denk om hulle te gaan haal?"

Hooper sit hem 'n tijd verwonderd aan te kijk en toe sê hij: „Jong, maar nou praat jij van gevaarlike dinge."

„Dit sal natuurlik gevaarlik wees, maar jij sal nie vir die gevaar stuit nie, 'n skelm en rower soos jij. Dit het ek uitgevinde bij onse eerste ekspedisie, toe ons die geweers vir Malapoch ingesmokkel het. „Als ek dag dat jij bang was, sou ek jou nooit vra om saam te gaan."

„Bang is ek nie, maar is dit die moeite wêrd?"

„Hoe weet ons dat daar genoeg diamante is om dit die moeite wêrd te maak?"

„Wel, ek sal jou die bewijs breng."

„Wanneer?"

„Net nou. Onthou jij mij jong, Petrus?

„O ! ja ! Hij het ons al meer dan eenmaal gehelp."

„Nou ja !, hij sal netnou hier wees, dan kan jij self hoor wat hij te sê het. Jij weet goed genoeg dat, als dit hem die moeite wêrd gemaak word, sal hij sij moeder verraai."

„Ja, dit weet ik. Hij's ook nie die enigste nie," en hij kijk naar Collins, wat maar net grimlag."

„Ons is almal in één vorm gegiet", sê hij. „Kom ons gaan solang iets drink. Als ons terug kom sal Petrus wel hier wees". Hulle gaan toe uit. Toe hulle terug kom, was Petrus daar en hulle neem hem in die kamer en sluit die deur.

„Petrus", sê Collins, „ek wil nou hê jij moet vir baas Hooper vertel waar jij die laaste twee maande was, en wat jij gemaak het."

„Ja, baas. Kijk baas", sê Petrus, wat soos julle al misskien geraai het dieselfde was wat Frits op die delwerij geken het, „baas moet weet, dat ek en baas Collins banja gepraat het oor daaimans, want soos baas weet, ek het vir die baas al jare lang gewerk, en so het dit gekom, dat baas Collins mij gevra het oor die daaimans van Sekekoen. Nou moet baas weet, dat ek weet goed van die daaimans maar ek het hulle nooit gesien. Toe het baas Collins vir mij groot geld belowe als ek sal naar Sekekoen se stad toe loop en uitvinde waar hul gehou word en vir hom kom sê, hoeveel daar is en

of jij hulle kan bijkom. So het ek gegaan en nou is ek weer hier."

„Ja, en wat het jij uitgevinde?" vra Hooper met belangstelling.

„Baas, dit gaan banja moeilik om hulle te sien. Maar ek het dit daarom reg gekrij."

„Nou, vertel ons hoe."

„Ja baas. Baas weet seker dat Sekekoen se stad bô-op die berg staan, en dat sij kraal vijf rondawels het. In vier woon sij virnaamste vrouw en haar familie, maar die vijfde rondawel word gehou net vir Sekekoen self, en daar mag niemand ingaan, en daar staat altijd 'n wag vóor die deur. Die kapitein slaap nooit daar, maar hij is meeste van die tijd oordags daar. Ek het so gewerk, dat ek een aand die man moet wees wat moet wag hou en toe kijk ek deur die sleutelgat, solang Sekekoen daarin was. Toe sien ek die daaimans. Hulle was in 'n kas, net só groot" 'n koffer volgens sij beduiding omtrent 'n voet hoog, 'n voet breed en twee voet lang „en Baas, hij was gelijk vol. Ja baas, hulle is daar."

„En hoe denk jij, Petrus, sal 'n mens hulle kan in die hande krij?" vra Hooper.

„Ek denk so Baas, maar als die Kaptein jou vang, sal jij jou kerk, hij sal uit wees."

„Ja, dit weet ek. Maar dis nou minder."

Hij het nog 'n tijd vir Petrus uitgevra, en toe sê hij vir Collins: „Wel, maar sal Petrus ons help?"

„O! ja, baas", sê Petrus, „als baas mij betaal. Baas weet mos, dit nie die eerste maal sal wees nie."

„Ja, dis alles goed en wel, maar die slag sal dit wees teen jou eie volk en teen jou eie kaptein. Dis heeltemaal 'n ander ding."

„Nee baas, dit maak bij mij nie verskil nie. Baas sien, ek het al so lang bij die witmens geblij, dat ek hulle maniere

ken, en ek maak nou soos hulle maak. Geld is nou mij volk en mij kapitein."

Collins en Hooper blij stil. Hulle weet, dat wat Petrus sê, grotendeels waar was en hulle weet ook, dat als Petrus andere soorte van base gehad had, sou sij opinies misskien anders gewees het. Collins gee toe vir Petrus las om morre weer dieselfde tijd daar te wees om verder orders te krij.

Toe Petrus weg was, sê Hooper: „Wel, Collins, wat is jou plan met dit alles?"

„Voor ek jou mij planne sê, moet ek eers weet hoe dit tussen ons twee gesteld is. Sluit jij aan?"

„Wel, ek weet nie. Die hele ding lijk vir mij naar 'n wilde hoenderjag. Ek ken Sekekoen se stad goed, en ek gee jou die versekering, dat als die kaffers onraad merk, sal ons daar nooit weer lewend uitkom."

„Ek weet dit, maar, soos ek gesê het, daar sal jij nie bang voor wees nie."

„En dan weer, hoe kan ons seker wees, dat dit diamante is wat Petrus gesien het, en of daar genoeg diamante is om te betaal?"

„Dit is die één ding wat ons sal moet waag, maar ek vir mij, het al so veel gehoor van die diamante, en mij vertrouwe in Petrus is genoeg dat ek moet glo dat daar rijkdom genoeg is om tien mense skatrijk te maak. En buitendien, Petrus ken 'n diamant net so goed als ek."

„Ja, om die waarheid te sê, ek glo daarom ook dat die rijkdom daar is, maar ek het nog 'n moeilikheid. Ek het geen geld."

„Dit weet ek ook. Dit is een rede waarom ek gedenk het dat jij nie onwillig sou wees om met mij akkoord te gaan."

„En dan?" vra Hooper.

„Wel, ek het geld genoeg om die hele ekspedisie uit te rus, en ek wil dit waag."

Nadat hulle nog 'n tijdje stil gesit het, sê Hooper:

,,Wel, dit lijk vir mij, dat ek tog in 'n maand of twee bankrot raak als ek mij winkel aanhou, en dus is dit mij die moeite wêrd om iets te waag. Ek is buitendien ook al lui vir die stil lewe op Skuldpadfontein. 'n Man wat gewoon is om te woel soos ek, kan dit nie daar uithou nie. Ek sal met jou saam gaan."

,,Ek is blij om dit te hoor" sê Collins. ,,Kom ons gaan iets drink om die kontrak te bekragtig" en hij wil uitgaan, maar Hooper blij sit.

,,Nee," sê hij, ,,laat ek eers jou planne hoor."

,,Ja, dit kan ook beter wees". En Collins gaat weer vóór die venster staan.

,,Mij plan" vervolg hij, ,,is dit. Ons stuur Petrus eers terug om als 'n soort van spioen op te tree en die kat vir ons uit die boom uit te kijk.

Als ons daar kom, moet hij maak of hij ons nie ken nie, maar hij kan in die nag naar ons toe kom en ons help met informasie. Nou, jij ken Sekekoen en sij stad en jij kan van hem verlof krij om met 'n vrag negosie daar te kom handel vir 'n paar weke lang, en dan gaan ek met jou saam als assistent."

,,Die Malapoch en Majadjie kaffers ken mij wel, maar ek was nog nooit in Sekekoen se land gewees en niemand sal mij daar ken. Als ons dan eenmaal daar is, sal ons sien wat ons te doen staat."

Julle sal misskien denk dat die rit naar 'n kafferstad nie lis nodig het nie. Dit is in enige ander kafferland so maar nie in Sekekoen se land nie. In die dae vóór die oorlog van 1899—1902 het daar 'n traktaat bestaan met die Transvaalse Regering wat belet, dat 'n witman in Sekekoen se land gaan sonder verlof en in Sekekoen se hoofstad kon hij nie kom nie sonder toestemming van die kapitein self, en dit was heel selde dat iemand die toestemming kon krij. Na die oorlog, hoewel die traktaat nie meer bestaan nie, het Sekekoen

tog geen witmens in sij stad toegelaat sonder sij toestemming, en dit was nog ewe moeilik om dit te krij.

So is dinge nou nog, en Sekekoen beskouw die traktaat nog van krag, hoewel die Unie Regering dit vir vervalle sou beskou. Maar om sulke kleinighede maak 'n mens nie oorlog nie. Hulle word soms gebruik als 'n mens die ware rede van 'n oorlog wil verberg, maar in die geval is dit nie waarskijnlik nie dat dit ooit sal nodig wees.

,,En als ons daar is, wat dan?" vra Hooper.

,,Wel" sê Collins, ,,jij ken mij, en als ek nie 'n plan krij nie, dan eet ek mij hoed op. Dit help nie om nou al planne te maak nie, want ek weet nie hoe die wêreld daar staan nie. Jij moet naar Skulpadfontein gaan, krij jou goed, waarvoor ek jou die geld sal gee, en hou jou klaar.. Als jij dan die verlof krij, wat jou omtrent twee maande sal neem, dan stuur jij mij van Nijlstroom 'n telegram. Ek sal mij klaar hou en sal binne 'n week bij jou wees."

,,Goed, ons sal so maak."

,,Dan kan ons nou iets gaan drink. Jij moet ook maar morre middag hier wees, dan kan ek jou die geld gee, en dan kan jij ook hoor wat mij instruksies aan Petrus is."

Hul gaat toe weg en na 'n tijdjie uitmekaar uit.

Collins het die aand, seker bij wijse van verandering, bij die Harvey's gaan kuier. Hij het nie veel plesier daar van gehad nie, want Frits was ook daar en het met Maria die meeste van die tijd gesels sodat Collins dit maar onaangenaam had.

Die ander dag middag, omtrent dieselfde tijd, was Collins, Hooper en Petrus weer bijmekaar. Collins het vir Hooper 'n honderd pond gegee om die besigheid mee op touw te set, en toe sê hij vir Petrus: ,,Petrus, hier is vir jou tien pond. Gaan jij nou naar Sekekoen se stad en wag daar vir ons. Jij moet nie weg gaan nie, totdat ons kom, want, als ons daar kom, en jij is nie daar nie, help dit niks dat jij gaan. Solang

jij daar is, moet jij oplet hoe die wag daar gehou word, nie alleen bij die rondawel nie maar op die pad wat die berg opgaan naar die stad toe. Jij moet oplet wat jou koning se gewoonte is en wanneer hij gewoonlik naar die rondawel gaan, hoe laat hij gaan slaap en hoe die rondawel gesluit word. Jij moet oplet naar enige ding wat die koning doen sodat jij ons kan sê."

„Maar een ding moet jij onthou. Jij moet nooit laat weet dat jij ons ken en jij moet net in die nag naar ons-toe kom. Want niemand moet weet dat ons iets met mekaar te doen het. Verstaan jij nou goed?"

„Ja baas."

„Goed. En als ons wen, sal ek jou so'n parsella gee dat jij nooit weer hoef te werk, en net so veel vrouwe kan koop als jij verlang."

„Ja baas" en Petrus draai om weg te gáan. Toe roep Collins hem weer.

„Wag 'n beetje" sê hij „daar val mij net iets te binne" en hij draai om en sluit die brandkas ope.

Hooper sou veel gegee hê om te sien wat alles daarin was, maar alles was in laaitjies of in pakkies toegedraai, en 'n mens kon niks sien.

Collins het in een van die laaitjies gekrap en haal daar iets uit waarna hij die brandkas sorgvuldig sluit. Toe gee hij vir Petrus twee tamelike diamante, en sê : „Neem die saam en gee dit vir Sekekoen. Hij sal dit verwag en dit sal sij vertrouwe in jou sterk maak. Jij kan vir hem sê, jij het 'n klomp gesteel, maar het die twee vir hem gehou. Dit sal ook uitlê, waarom jij so gou weer terug is."

Hij staan 'n tijdjie te denk en toe, nadat Petrus uit is, sê hij verder : „Daardie twee stene kos mij vijf-en-sestig pond, maar dit is die klipvissie wat ek uitgooi om 'n walvis te vang. Kom ou maat, ons gaan drink sukses op onse ekspedisie."

HOOFSTUK X.

# MARIA, MIJ STERRETJE!

'n Makelaarskantoor is nie net 'n plek waar hulle met aandele spekuleer nie, maar hulle doen enige soort besigheid waaruit hulle geld kan maak. Grondspekulasie, die flotasie van maatskappije, agentskap vir huisverhuurders en so aan, is maar 'n deel van die werksaamhede van so'n besigheid.

Die nuwe besigheid van Harvey & De Kok het van die staanspoor af goed aangegaan, want Harvey was in besigheids sirkels goed bekend, en had 'n sekere invloed bij die besigheids publiek van die stad. Daarbij het gekom, dat Mackay, wat hoe langer hoe stuurser word, en meer en meer van sij tijd bij die klub deurbreng, 'n groot deel van sij besigheid verloor het. Die klante van die firma het naderhand, toe hulle vind dat Mackay nooit op sij kantoor was, als hulle hem wou sien, en, als hulle naar Harvey vra, die gewoonlik in sij afwesigheid hulle besigheid verrig, begin te denk, dat hul hulle tijd kon spaar deur direk naar Harvey te gaan, en hulle wis dat hulle saak daar net so veilig was als bij Mackay, en misskien nog veiliger. Op die manier het Harvey 'n heel boel van die besigheid van Mackay naar die nuwe firma oorgebreng.

Frits, wat vlijtig en daarbij 'n tamelike besigheidsvernuf had, wis hoe om sig bij die publiek populair te maak, en het ook tamelik bijgedra tot hulle sukses.

Daar was geen twijfel aan dat hulle op die regte tijd en op

die regte manier begin het en dat hul nie hoef bang te wees nie vir die toekoms. Tegelijkertijd, het hul nie biesonder veel geld gemaak nie, maar dit het daarom so gegaan, dat hulle albei 'n tamelike inkomste van die besigheid had.

Hulle het gou uitgevinde, dat dit 'n groot nadeel was, dat hulle kapitaal nie groot genoeg was nie. Met die kanse wat hulle krij deur die likwidasie van insolvente boedels en met die vereffening van boedels van afgestorwe persone, kon hul dikwels 'n goeie slag geslaan het, maar hulle kapitaal was nie groot genoeg nie om grote somme gelds daarop te waag. Als iets per ongeluk misluk en hulle raak hulle kapitaal kwijt, dan was hulle weer waar hulle vroeër gewees het, en sou hulle weer als klerke vir ander mense moet gaan werk. Dit wou hulle nimmer als nooit doen nie want vir 'n man wat eenmaal sij eie baas gewees het, is dit omtrent die grootste straf in die wêreld. Liewer wou hulle aansukkel en skrap lewe, dan dat hulle weer vir andere moet swoeg. Hulle het daarom besluit dat hulle nou en dan, als hulle 'n kans krij en sake is tamelik seker, 'n kleinigheid moet waag om te perbeer om hulle kapitaal te vermeerder. Ongelukkig vir hulle, het hulle met die verkeerde ding begin en, vir 'n tijd lang het hulle tamelik swaar gekrij daaronder, maar deur 'n ongeluk het dit reggekom, en nie alleen reg gekom nie, maar hulle het geld daaruit gemaak. Dit was so.

In 'n seker boedel, wat hulle moes vereffen, was tienduisend aandele in die "Backveld Diamant Maatskappij," een van die vele diamant maatskappije wat gefloteer was en die eiendom waarvan in die bijna onbekende Bosveld lê.

Eenmaal was daar 'n groot gedagte aan en drif vir diamante in die gedeelte van die wêreld, maar daar het nog nooit iets van enige van die sogenaamde mijne gekom nie. Maar toentertijd het iedereen nog gedenk, dat daar iets in was, en, toen die erfgenaam van die boedel hulle die tienduisend aandele aanbied vir 2/- stuk, neem hulle dit aan. Die maatskappij was

eienaar van twee plase, wat aanmekaar lê en die twee saam omtrent vijftien morre groot, was, om niks te praat van die masjinerie, ens., wat ook iets wêrd moes wees.

Die aandeel kapitaal van die maatskappij was vijftien duisend pond. Hul bereken toe so dat, als die twee plase maar net £1.500 wêrd is, sal hulle in elk geval ,al kom daar van die maatskappij niks, hulle geld terug krij en dan blij hulle deel van die masjinerie als profijt. Dit is 'n berekening, wat meer dan een besigheidsman 'n hele boel geld gekos het.

Hulle het na 'n tijd uitgevinde, dat die mijn niks inbring nie, en net onkoste maak. En hulle was nou in 'n moeilikheid. 'n Derde van hulle kapitaal was in 'n besigheid gesteek wat geen rente inbreng, en hulle het gou uitgevinde, dat hulle moeilikheid sou hê om die aandele kwijt te raak en hulle geld terug te krij. Gelukkig vir hulle, het hulle meer dan die helfte van die aandele van die maatskappij besit, sodat hulle kon doen wat hulle wou.

Dit word toe 'n kwessie of hulle nie die maatskappij in likwidasie sou laat gaan nie sodat hulle die plase kon verkoop en hulle geld terug krij.

Na lange oorweging besluit hulle dat, daar Frits kennis had van diamante, persoonlik naar die mijn te gaan kijk en 'n rapport te maak daaroor en dan sou hulle besluit wat om doen.

„Die posisie is dit", sê Harvey, „die Maatskappij het nog iets meer dan £200 in kontant in die Bank, maar als ons dit nie stop nie, dan gaat dit in salarisse op. Op die mijn werk 'n sogenaamde bestuurder, wat twintig pond in 'n maand en twintig kaffers, wat twee pond elk krij. Dan is daar 'n Sekretaris wat vijf pond trek. Als jij dadelik gaan, en jij vind uit dat dit nie die moeite wêrd is nie om die besigheid in werking te hou, kan ons dit dadelik stop en nog omtrent 'n honderd pond uitspaar. Dit lijk vir mij die hele ding is verknoei. Ons moes meer voorsigtig gewees het."

,,Ja'', antwoord Frits, ,,dis waar, maar dit help nie om nou daaroor te huil nie. Wat ons nou te doen staan is, om die beste te maak wat ons kan. Wanneer moet ik gaan?''

,,So gou als mogelik.''

,,Wel, dan sal ek morre aand met die ag-uur trein vertrek.

,,Ja, dit is goed. Wat omtrent telegramme? Ek denk ons moet dit ook reel, want ons moet nie tijd verlies nie, als ons nog iets wil uitspaar.''

Hulle het die gewoonte gehad, als een van hulle ergens heen moet gaan, om dan 'n soort kode te reel, want dit was nie altijd veilig nie om in 'n telegram jou besigheid reguit te sê. En, in die gevalle het hulle dit so gereel, dat hulle telegramme, alhoewel hulle op 'n gewone manier kan verstaan word, gewoonlik iets anders, of net die teenoorgestelde beteken.

Als ek jou telegrafeer "Backveld is goed. Hou vas,' dan sal jij weet hulle beteken niks, en jij kan dan dadelik begin met wat nodig is om die maatskappij te likwideer,'' sê Frits.

,,Goed'', sê Harvey, en hij teken dit in sij dagboek aan.

Dit was gelukkig vir hulle, dat hulle dit so gereel het, want hieruit het hulle geluk gekom, soos ons later sal hoor.

Toen die besigheid afgehandel was, gaan hulle uit om 'n koppie koffie te drink, en in die koffiehuis krij hul Collins. Dit was nog 'n verder ongeluk vir Frits, want Collins kom bij hul sit en alhoewel hij met Harvey die meeste gesels, het hij nou en dan met Frits ook gepraat, maar die het hem so kort-af behandel, dat Harvey nie kon help nie om weer die snaakse verhouding op te merk. Toe hul weer in die kantoor kom, roep Harvey vir Frits in sij kamer en sê vir hem: ,,Frits, waarom is jij so teen Collins. Wat het hij vir jou gemaak?''

,,Wel,'' sê Frits, ,,dit is 'n saak tussen hem en mij.''

,,Dit kan wees. Maar als jij iets teen hem het, denk ek dat ek dit behoor te weet.''

,,Waarom?''

„Omdat hij met mij dogter wil trouw."

„Wat?" sê Frits. „Het hij jou al gevra?"

„Nee, nog nie, maar ek is nie blind nie, en ek is seker, dat hij dit wil doen. Maar hoekom skijn jij ook daarin so ernstig belang te stel?"

„Ek is jammer om dit te hoor", sê Frits, wat die laaste vraag nie eens opgemerk het nie en bitter oor Harvey se aanmerking gevoel het.

„Dit is juis die ding", antwoord Harvey, „maar ek wil weet wat jou rede is?"

„Wel", sê Frits verlege, „ek het nie gemeen om so gou al daaroor te praat nie, want mij posisie laat dit nog nie toe nie, maar...... dis mogelik...... verwaand van mij om dit te sê...... en dit mag jou nie aanstaan nie, maar ik had haar lief voordat Collins wis dat daar so iemand als Maria was."

„Natuurlik man, ek is nie blind nie, ek weet dit ook, en ek was ook eenmaal jong gewees. Maar, alhoewel ek haar aan niemand liewer wil gee dan aan jou, is dit nie mij geloof om jong mense in die dinge te dwing of selfs te lei nie en so lang als sij 'n fatsoenlike man kies, wil ek haar haar gang laat gaan. Dis 'n ding wat tussen julle twee moet uitgemaak word. Maar als daar iets teen 'n vrind van mij is wat ik vertrouw, moet ek dit weet, want dan word dit mijn saak. En ik hoop dat die gevoel tussen jullie nie net oor mij kind is nie."

Frits het daarop niks gesê, en toe gaat Hervey aan:

„Dus ek vra jou nou, wat is jou redes? Die eerste aand het ek gemerk dat die kwessie onmoontlik mij dogter kan wees, alhoewel dat daaroor ook 'n gevoeletje kan bestaan. Maar ik denk dat jij te veel 'n man, 'n goedhartig opregte man is om 'n eerlike, fatsoenlike man daaroor te wil beledig of nie sij vriend te wees nie."

„Maar als ek jou ons rusie vertel, dan sal jij misskien denk dat ek hem net wil kwaad doen en mijself help."

„Maar dit het ek juis gesê. Ek ken jou goed. Maar ek laat geen omgang toe in of buite mij huis tussen mij gesin en karakters wat ten minste nie fatsoenlik is nie. Ek vertrouw jou, dat jij 'n fatsoenlike man nie sal swart smeer nie, en dit net oor mij kind, want ek is seker, dit sal onaangenaamheid tussen ons veroorsaak, als dit so is. Maar jij is nie in staat nie om sulk 'n onreg te doen en daarom praat ik nou openlik met jou."

„Wel", antwoord Frits, „als jij die ding dan so beskouw, sal ek jou alles openhartig sê." En hij vertel hem toe die hele geskiedenis van die delwerij. Harvey het 'n tijd lang stil gesit en toe sê hij: „Dit plaas mij tog in 'n moeilike posisie. Sonder bewijs kan ek hem nie indirek beledig nie, maar ek kan dit ook nie so laat aangaan nie. Ek sal daaroor moet nadenk. Ek laat sulke mense of hulle rijk of arm of hoog of laag geplaas is, nie in mij huis toe nie als huisvriende."

Dit was al mooi laat toen die aangename, maar ook onaangename onderhoud op 'n end gekom het en dit was tijd om die kantoor te sluit. Harvey had die aand 'n bestelling en hij vra Frits of hij misskien die middag naar Yeoville toe gaan.

„Ja", sê Frits. „Ek gaat net vir mij verklee, dan gaan ek daarheen. Ek sal weer vanaand hier moet kom, want daar is hier ook 'n paar dinge om klaar te maak, voordat ek vertrek."

„Hier ook", vra Harvey verwonderd, „waar anders dan?"

Frits lag net, maar antwoord niks.

„Wel", gaat Harvey aan, „sê 'n beetje vir mij vrouw, ek sal vanaand laat wees, en hulle moet nie vir mij wag nie."

„Goed, ek sal haar sê", antwoord Frits, en hij gaat weg.

Dit was kort voor etenstijd toen hij daar aankom, maar dit was nie nuws nie, daar dit al meer male gebeur het en dan blij hij gewoonlik daar om te eet.

Nadat hij die boodskap afgelewer het, sê mevr. Harvey: „Dan moet jij maar in sij plek hier blij om te eet."

„Ja, dankie''' sê hij, „te meer daar ek morre vir 'n tijd weggaan, en misskien nie weer die kans sal hê nie vir 'n paar weke."

„So", vra Maria, „waar gaat jij dan heen?"

„Wel", antwoord Frits, „dit is nou meer of min 'n besigheids transaksie. Hulle het namelik besluit om niemand te laat weet, wat hulle plan is, want dit betaal nie om sulke dinge bekend te laat word nie."

„Kan jij mij nie vertel nie?" vra Maria met 'n glimlag.

„Nee, nie eens vir jou nie."

„Wat help dit dan om 'n meisie te wees, als julle so min van ons denk", sê sij weer, spottend.

Frits kijk haar net aan. Hij was verstrooid, en was bang iemand sou kom en sij kans bederwe. Dan was hij weer bang sij kans sou kom en hij sou nie weet wat om te sê nie, of dat sij hem eenvoudig sou uitlag.

Na die ete gaan hulle op die stoep sit, waar die maan sij lig versprei soos hij dit alleen in Suid Afrika kan doen. Frits was skromerig, bang, senuwagtig. Sal hij nie vanaand met die sterretjie kan praat nie om nooit weer uit sij lewenspad te verdwijn? En als dit nie nou mag gebeur nie sal dit nie vir altoos te laat wees nie?

Na 'n gesellig bijeensijn, moes haar moeder oor een of andere pligsvervulling die huis ingaan.

Nou dat sij kans gekom het was dit of hij nooit weer sou kan praat. Die maneskijn, die stille skaduwe wat die bome tot op die stoep gooi. Die grote aandster ver in die weste wat oor die kimme regoor Bloemhof se vreugde en leed dreig om te verdwijn, en die stilte wat daar skielik op die stoep gekom het, die dwing jou of stil te blij of nonsens te praat.

Die geheimsinnige, bijna ondragelike stilte wat sig laat handhaaf, spoor jou ook aan om tog iets te sê. Jij wil hom breek anders breek iemand wat uit die huis mag kom of 'n be-

soeker hom soos baing keer tot innige spijt van twee duiwies, gebeur.

Hij sou ten minste bij haar op die rusbank gaan sit.

Onskuldige liefde, liefde wat nie in praatjes vóór die trouwerij goedkoop is nie, maar wat duur totdat die hare grijs worde en vader en moeder met die stokkie moet loop. Die onskuldige liefde wat kan worstel en oorwin wanneer die wêreld swaar druk en baing pijnig en die lewe onaangenaam maak. Die liefde wat sigself openbaar in sulke stonde en al sterker word dan die graf self!

Salig die man en vrouw wat dit besit jegens mekaar. Die swaarste, droewigste lewe is dan soet en in die huis moet Hij woon, Hij, wat die liefde selwe is en sal Hij ook uitkoms in menig droewe dag gee, wanneer die ruwe werkelikheid die plek van baing lugkastele ingeneem het.

Frits het 'n paar maal probeer om te praat. Hij was papsag bang vir sij stem geword. Heel mogelik klink dit so snaaks, dat sij hem uitlag.

Hij het toe, bijna sonder om daaraan te denk haar hand in sijne geneem en al wat hij kon sê, was: Maria, mij sterretje! Leweloos laat die noodwendige beskroomdheid of liewer toestemmende beskroomdheid haar hand in sijne leweloos lê.

„Sterretje van Bloemhof! Sal die sterretje nooit weer vir mij met so vol hartseer laat soek?"

„Die sterretje het ek te Bloemhof gesien en helaas, dit was verdwijn, en eindelik, hier blink sij weer op mij lewenspad."

En nog blij sij stil.

„A sterretje, sterretje, sal sij altoos bij mij blij?"

Sij sê niks, maar die hoof sak langsaam op sij skouer neer.

En daar was die maanlig skaduwe en die aandlug rukkies tussen die blare en die groot blink ster anderkant Bloemhof nog en daar was stilte van tevredenheid en reinheid en dankbaarheid.

So opgenome egter was hulle met die uitslag, waarnaar seker

beide gesug het, dat hulle aan niks of niemand anders gedenk het, en nie gehoor het dat iemand die tuin hek opegemaak en op die stoep gekom het, en eers toen hij nabij was, word hulle die besoeker gewaar. Daar word ewe onskuldig gesit, maar Collins wis wat dit beteken en vir 'n man met sij karakter was die ondervinding 'n sware slag in die gesig.

Frits was half-kwaad, half-blij dat dit Collins was, want nou kon hij ook weet, en dit sonder uitleg of onaangenaamheid, dat sij attensies daar nie welkom was nie.

Hul het mekaar gegroet, hoewel op 'n stijwe manier, en gaan hulle sit. Frits moes weer kantoor toe en dus wou hij groet.

„Ek sal morre middag kom groet voor ek weggaan", sê hij vir Maria.

„Gaat jij weg?" vra Collins.

„Ja, vir 'n paar dae."

„Waar gaan jij heen?" vra Collins weer.

Maar Frits antwoord net :

„O ! net vir besigheid" en daarmee moes Collins tevrede wees. Daar was ook nie vir Frits kans om Maria verder alleen te sien en hij moes dus op die plek vertrek.

Sij gevoelens toe hij Collins daar alleen moes laat staan, was van die hartelikste vertrouwe en tevredenheid, want sij sterretje sou hem nimmer weer verlaat.

Maar tog, die kennis was nog nie lang genoeg innig nie, om ook dieselfde onbeperkte vertrouwe te fondeer en daarvan het Collins gebruik gemaak en die eerste hartseer en teleurstelling veroorsaak.

Soos ek gesê het, Collins was slim en listig en hij het goed gesien ,dat sij eie kanse virbij was. Hij wis dit sou gekheid wees om nou sij saak te bepleit, en hij het hem dus gehou of hij van die minnelike verstandhouding tussen die twee niks gesien het en het die aand maar oor dit en dat gesels.

Maar, hij was sonder konsiensie en hij het daar en

dan besluit om, voordat hij huistoe gaan 'n stok in Frits se wiel te steek.

Hij had ook nie veel tijd nie, want hij had juis die oggend van Hooper 'n telegram gekrij die hem meld, dat alles in orde was, en hij moes binne 'n paar daë vertrek .

Hij het bijna 'n uur daar met Maria sit en gesels voordat hij eindelik begin. Toen vra hij, so onder die praat : „Waar gaan Kok heen?"

„Ek weet nie. Hij het mij nie vertel nie."

„So, dan gaat hij seker naar......"

„Waar dan?"

„Nee, ek het mij amper verspreek. Ek moet mij nie met sij besigheid bemoei nie."

„Maar is dit dan so'n geheim?" vra sij.

Hij kon sien, sij word nuwsgierig, en hij wis goed, dat, hoe meer hij maak of hij nie wil vertel nie, hoe meer sij sou aanhou tot hij vertel.

„Nee, antwoord hij, „dis nie 'n geheim nie. Ten minste daar's genoeg mense wat daarvan weet. Maar dis nie vir mij om daaroor te praat nie."

„Waarom maak jij daar dan melding van? Als jij nie daaroor wou praat nie mnr. Collins, waarom praat jij tog? Ik het jou nie daarna gevra nie."

Met 'n glimlag antwoord hij : „Oh, dis tog niks biesonders nie. Hij is net naar sij familie gaan kuier."

„Welke familie?"

„Welke familie? Sij familie is mos dood."

„O, ek meen nie daardie familie nie."

„Wel, wel, mnr. Collins, ekskuus, maar ek is nie gewoon aan die soort van geheimsinnige wenke en steke. Bedoel jij dat die man getrouwd is?"

„Nee, nie juis getrouwd nie."

„Maar wat bedoel jij dan met al die praatjes. Ik denk jou tog 'n fatsoenlike heer wat weet hoe met 'n dame te praat."

„Hij het jou nooit van Nellie Bronkhorst op die Bloemhof diamantvelde en al die onaangenaamhede uit sij vriendelikheid met haar voortgevloei, vertel nie?

„Nellie Bronkhorst! Wie is dit?" vra Maria en sij voel dat die man haar bijna met 'n dolk steek.

„O!" sê Collins, „dis die meisie wat hij op die delwerije ontmoet het."

Sij wou meer weet, maar Collins was slim genoeg om stil te blij. Hij wis dat om die waarheid te verswijg, dit partijmaal meer effek als 'n direkte leuen op so'n onskuldige mens het, en hij trek net sij skouers op, soveel als om te sê: „Is dit nodig om mij dit te vra?"

Maria was te verontwaardig en te hartseer om verder daaroor te praat. Die man praat so geheimsinnig. Sij was doodsbleek en sij voel of al die krag uit haar lede was. Sij kon dit net reg krij om te sê:

„Ekskuus mij 'n beetje, mnr. Collins" en sij gaan uit. Sij het ook net haar kamer gehaal, en op die bed geval, waar 'n stortbui van trane haar tot diep in die nag uit die slaap gehou het.

Die soort trane is bittere trane van die wanhoop. Maar sij was 'n heldin, wat die teleurstelling sou doodgeveg hê. Sij was 'n heldin wat vir geen teleurstelling sou buig en knak. Sij was beslis, dat als sij geen behoorlike opheldering krij, waaroor sij Frits die allerbeste kans sal gee, dat daar geen verstandhouding meer tussen hulle sou wees. Collins is nijdig en karakterloos, dit wis sij en sij sou sig dan ook nie meer erg daaroor bekommer nie. En toe het sij aan slaap geval, wetende dat Hij die onskuld wat op Hem betrouw, ook nimmer sal versaak.

Collins het geweet, dat sij nie weer sou kom nie, en hij het toe somaar, sonder om verder te wag, die deur uitgestap en is huistoe, so dat mnr. Harvey toe hij in die voorkamer kom en daar niemand vind, gedenk het dat Collins al lank al huistoe is, en dat Maria gaan slaap het, en so van die hele ding niks af wis.

## HOOFSTUK XI.

# NAAR DIE HOGE VELD.

Maria had so'n hoë opinie van Frits, dat sij dit nie van hem kon glo nie. Maar dan weer, sou Collin's so'n infame leuen vertel? En tog. Sij moet dit van Frits self hoor. Sij moet hem 'n kans gee om 'n uitleg te gee. Maar Collins was nie dom nie en wis dat die gif, alhoewel dit uitgewerk mag wees, tog altijd 'n spoor sou nalaat, en dit was met 'n sware hart, dat sij besluit om Frits te glo als hij 'n suiwere duidelike opheldering gee, want, was dit nie die menselike natuur nie, dat 'n man so iets sou ontken nie. Als 'n mens vals genoeg is om aan haar 'n liefdesverklaring te maak onder sulke omstandighede, sou hij nouweliks nog verder in die kwessie kan vals wees.

Als dit waar was kon sij nooit weer iets met hem te doen hê, en sij sou moet uitvinde of dit waar is. Toen sij die oggend aan tafel kom sit, was sij bleek, en haar oë was rooi, maar sij sê sij het 'n slegte nag gehad en dat sij nie kon slaap nie, so dat nog haar vader, nog haar moeder, die natuurlik van niks weet van wat tussen haar en Frits gebeur het, daar iets verder van gedenk het.

Sij het ook toe verder niks gesê nie, want sij wis dat Frits die middag sou kom om te groet. Dan sou sij hem op proef stel en sien wat gebeur.

Toe Harvey die morre in die kantoor kom, het Frits hem dadelik vertel wat plaas gevinde het, en hij sê daarbij: „Ek weet, dat ek nog nie in 'n posisie is om te gaan trouw nie,

maar ek was bang Collins sou mij die wereld nodeloos moeilik maak en dan was die vet in die vuur. In elk geval ons is nog albei jong en ons kan maar 'n beetje wag. Ek denk nie, dat dit te lang sal duur nie, want ons besigheid gaat tamelik aan, en een van die daë reken ek dat ons op 'n vaste voet sal wees."

„Ek hoop dit van harte", antwoord Harvey, „en ek is blij dat sake so gedraai het. Dit bevrij mij van die moeilikheid om Collins self te sê, dat ek hem nie meer in huis wil hê nie. Als hij weet dat Maria ten minste met sij attensie gedien is nie, sal hij nie meer so dikwels daar kom nie en dinge sal weer van self reg kom."

Harvey moes die middag naar Randfontein gaan om 'n vergadering in die aand bij te woon en sou nie voor middernag weer kan terug wees nie, sodat hij en Frits die dag hard besig was om hulle besigheid te reel voordat hij vertrek.

Sij trein vertrek om ag uur, en, toe hij die middag vier uur uit die kantoor kom, had hij nie veel tijd meer nie om naar Yeoville te gaan, en dan weer huistoe om sij goed te pak, te eet en naar die Stasie te rij, en hij was maar haastig.

'n Mens die selde reis is gewoonlik haastig en bang om te laat te wees vir die trein. Hij het dus gereken om maar 'n half uur in Yeoville te blij, maar hij het verwag dat dit een van die gelukkigste halfuurtjies van sij lewe sou wees en was nie die minste te wagte nie, dat in plaas daarvan, hij in die diepste diepte van mismoedigheid sou gedompel word.

Toe hij daar kom, neem die huisjong, die vir hem die deur opemaak, in die voorkamer en vertel hem, dat die nonnie alleen bij die huis is en hij sal haar roep.

Hij moes 'n tijdjie wag voor dat sij kom, en toe sij eindelik haar verskijning maak, blij sij in die deur staan. Sij was nog bleek en dit was lig te sien, dat sij in 'n droewe stemming was. Frits spring op om haar te groet, dog sij blij sonder 'n glimlag met gekweste majesteit doodstil staan en sê net op 'n koue, beledigende manier : „Wag !"

„Wat is dit nou?" vra Frits verwonderd, en hij staan verstrooid naar haar te kijk.

„Ek wil jou eers iets vra", sê sij.

„Nou ja", antwoord Frits nog meer verbaas, dog die dit alles nog als 'n grap wil beskouw, „vra maar Maria, wat is dit?"

„Waar is Nellie Bronkhorst?"

Vir Frits, bij wie skielik weer die stories, wat hij bij die delwerij gehoor het, in die gedagte opkom en wat sig herinner die glimlaggies van die mense en die gerugtes wat daar in omloop was, was die vraag so onverwags, dat dit als 'n bomslag op hem neerkom. Hij was feitelik so verwonder en verbluf, dat hij naar Maria staan en kijk met 'n asvaal, beteuterd gesig.

Enigeen wat hem daar gesien het sou hem vir skuldig aangesien het. Hij wis nie wat om te sê en wat om te doen nie. Hij kon natuurlik die hele ding in 'n paar woorde reg geset het, maar voordat hij hem kon regruk, of sij positiewe bij mekaar krij, sê Maria so bleek als 'n laken : „Dan is dit waar, — Hoe... Hoe durf jij......? en sij draai om en hardloop uit die voorkamer uit terwijl sij die deur agter haar toeruk. Toe skrik Frits wakker, maar dit was te laat.

Bij die tijd toe hij in die gang kom was die ster nergens te sien en in een van die kamers verdwene. Hij wis nie waar haar kamer was nie, en hij kon nie in die huis gaan rondloop nie, om haar te soek.

Natuurlik, als hij haar net te sien kon krij, kon hij in 'n paar woorde die hele ding uitlê, maar waar sou sij wees? Hij had geen twijfel dat Collins agter die ding sit, en hij herinner hem nog hoe Collins hem aangekijk het toe hij hem gisteraand hier laat staan het.

Als Frits Collins nou net in die hande kon krij sou hij, so dag hij, hem takel soos hij nog nooit getakel was. Maar hij was nie daar nie en dit sou moet wag tot later. Hij het toe eers die jong geroep en hem gestuur om Maria te vra of sij nie vir 'n oomblik naar hem sou kom nie.

Na 'n tijd kom die jong terug en sê die nonnie haar deur is gesluit en hij krij nie antwoord nie. Hij het toe 'n stuk papier uit sij sakboek geskeur en daarop die volgende geskrijf:

„Liewe Maria, daar is 'n groot misverstand. Als jij net 'n beetje naar mij kom luister sal ek jou dit uitlê. Ek weet nie wat jij gehoor het nie, maar ek kan goed sien dat jij 'n leuen gehoor het. Kom, laat ek jou die waarheid vertel."

FRITS.

Hij stuur toe die kaffer met die brief weg. Bijna 'n kwartuur was die jong weg, en toe kom hij weer met Frits se brief terug in twee stukke geskeur.

„Wat", vra Frits, „het die nonnie die brief gelees?"

„Nee, baas."

„Nou, vat hem weer terug."

„Nee, basie die nonnie sê ek moet nie weer daar kom nie. En die nonnie sê baas moet weggaan."

„Weggaan?"

„Ja, baas."

Wat nou te doen? Hier was goeie raad duur. Sij wil hem nie hoor nie, en sij wil hem nie 'n kans gee om uit te lê nie. En sij tijd word kort. Als hij die trein moet vang, moet hij loop. Hij was toe maar verplig om weg te gaan. Hij sou, dag hij, 'n brief krijwe en dit pos. Hij sou ander planne bedenk, maar daarvoor was daar nou nie tijd nie. Hij moet haastig maak om sij goed te gaan pak en naar die stasie te gaan. Met Collins sou hij later handel, maar daarvoor was nou nie tijd nie.

Hij was ook net naëlskraap bijtijds. Hij het eers gedenk om nie die aand weg te gaan nie, maar hij moes die gedagte opgee want dit sou nie regvêrdig wees nie teenoor Harvey en hulle sou te veel skade lij daardeur.

Als dit sij besigheid alleen was, sou hij dit gedaan hê, maar dit was nie, en hij kon Harvey nie om sijnentwil laat lij nie.

Ongelukkig kon hij Harvey ook nie te sien krij nie, want

hij sou die aand eers laat terug kom en hij moes dus in die toestand weggaan.

Hij het toe in die trein so goed hij kon, vir Maria 'n lang brief geskrijwe, en in Pretoria bij die Stasie gepos, maar die brief het sij nooit gekrij nie.

Lang daarna, toe hij uit die Bosveld terug kom, krij hij die brief op sij tafel in sij slaapkamer, waar dit vir hem lê te wag. Hij het. in sij opgewondenheid, sonder om die fout te merk, sij woonadres daarop geset in plaas van die van Maria. Hij het haar daarin gevra om hem te skrijwe naar Middelburg, waar hij moes gaan en van waar die mijnmense hulle pos laat haal, maar toe hij nooit 'n antwoord krij, was hij so mismoedig, dat hij besluit om te wag totdat hij Harvey self kon sien, en dat hij dan deur hem die moeilikheid uit die wêreld sou kon ruim.

Maar omtrent twee weke daarna het Harvey dit self uitgevinde. Hij het opgelet, dat sij kind ongelukkig is oor iets en dat sij treur. Hij het vir 'n tijd niks gesê, maar toe dit hoe langer hoe meer merkbaar word dat daar iets verkeerd is, praat hij met haar.

„Kijk hier kind, in mij huis was nog altijd jou gelukkigste daë op aarde deurgebring. Jij was altoos openhartig met jou moeder en mij. Daar het geen geheim tussen ons ooit gewees. Ons het altoos alles geweet soos dit tussen 'n vader en moeder en hulle kind behoor te wees. Jij is ons 'n dierbaar kind. Sê nou maar padlangs, wat is verkeerd, laat dit wees wat dit is."

„Is daar iets verkeerd mij skatje?"

„Ag vader, dis nie so ernstig nie."

„Wel, wel, waarom die treurigheid, die teleurstelling in jou gesig?"

„Ik is verdrietig ja vadertje", en tussen baing trane in die arms van haar vader het sij toe aan hem al haar kwellinge sonder iets weg te steek, uitgestort. Harvey was in die begin woedend gewees, hoewel hij niks vir Maria laat merk het.

„Hoe durf so'n vent''...... Maar hij was ook 'n verstandige man. Collins was 'n geluksoeker en rondloper en dat hij, omdat die kind nie van hom hou nie, die ander swart smeer, sou nie bij hem onmoontlik wees nie.

En dan ook, hij kon die hele praatje gou uitpluis wat daarvan waar is. Wat so raar is, is dat Frits vir hem niks, totaal niks oor die ernstige beskuldiging geskrijwe het. Maar dan, dit is 'n dood-goeie jonge man. Sij lewe aan die Rand sover hij uitgevinde het, was onskuldig en skoon. Daar moet 'n rede wees wat wel duidelik sal word. Harvey wis natuurlik nie van die gekke adres van die brief nie, waarin Frits alles aan Maria opgehelder het.

Hij het sij dogter toen tevrede gestel en gewaarskuw teen Collins en die ganse sakie vir haar uiteengeset wat 'n man en vader met sij ondervinding van die wereld alleen kan doen. En die beswaarde hart van sij dogter was weer opgeruimd.

Só had sij nooit gedenk om die sakie te bekijk. Viral was sij droewig oor die sagte verwijt van haar vader, dat dit nie die regte weg was om weg te gaan sonder die man 'n kans te gee om 'n uitleg te gee.

Was hij tog maar daar nou, sou sij solang hij wou naar sij uitleg geluister hê. Waarom was sij nou weer ook so dwaas?

„Jij het die man tog lief?" had haar vader gevra.

En toe moes die hoogste woord daaruit: „Ja vader, al baing lang al". Maar nou voel sij tog baing beter, nadat haar vader en moeder alles weet.

Die eerste ding wat Harvey gedaan het was om Collins op te soek. Bij sij kantoor was natuurlik niks te verneem, en, toe hij bij die Goldfields Hotel naar hem verneem, vertel hulle hem, dat Collins tien daë gelede weg gegaan het, maar hulle weet nie waarheen nie, en hulle weet ook nie wanneer hij terugkom nie.

Harvey wis ook, dat Frits op die delwerij 'n maat had, maar, hoewel hij wis dat sij naam De Beer was, wis hij van

hem verder niks af en hij wis nie eens nie waar hij was. Daar was dus niks aan te doen dan om te wag totdat Frits terugkom en daarmee was Maria opgenome, want, dag sij bij haarself, „straks hoor vader nog meer onwaarhede en dit mag hem en moeder en mij nog ongelukkiger maak. Als ons ongelukkiger moet wees, kan ons maar wag totdat hij terugkom."

Intussen het Frits naar die mijn gegaan en daar aan die besigheid begin. Die mijn was drie daë ver van Middelburg, in die rigting van Sekekoen se land en was geleë in die Bosveld, ver van enige andere blanke nedersetting af. Die naaste dorp was Middelburg, en als 'n mens 'n uur te pêrd van 'n plaas, genaamd Elandslaagte, die Bosveld ingaan en, 'n beetje verder bij Botha's Drif, die Olifantsrivier deurgaan, dan krij jij nie meer plase nie, en selfs nie eens meer die staanplekke van Trekboere nie.

Toe Frits 'n week daar was het hij al kan sien, dat die mijn nie sou betaal nie, hoewel daar aanduidinge van diamante was. Dit is mogelik dat als 'n mens nuwe masjinerie inset, en kapitaal genoeg het om dieper en op 'n groter skaal te werk, dat daar nog misskien iets van kan kom, maar hulle kon dit nie doen nie. Hij het toe 'n kaffer te pêrd naar Middelburg gestuur met die telegram: "Backvelds is goed. Hou vas", en met orders om drie daë daar te wag vir briewe en telegramme.

Frits het gehoop om 'n antwoord van Maria te krij, maar toe daar bij die kaffer se terugkoms niks was als net 'n telegram van Harvey, wat sê: „Het Backvelds verkoop. Kom terug", gee hij die hoop op. Die telegram het hem ook iets gegee om oor te denk. Als Harvey die "Backvelds" verkoop het, moet dit met 'n gelukslag gewees hê. Hij kon maar net hoop, dat hulle nie te veel verlies het nie, want hij het geld nodig. Hul besigheid kon nie 'n baing groot verlies lij nie. Die uitleg van die verkoop van die aandele was, soos hij 'n lang tijd daarna uitgevind het, dit.

In Johannesburg was 'n makelaar met die naam van Smit,

wat bekend was als 'n man wat nie te goed te vertrouwe was nie en als 'n man wat lewe van waaghalsige spekulasies.

Hij het altijd in ander mense se kantore gaan rondsnuffel vir informasie, wat hij krij deur die klerke uit te vra of selfs om te koop, of deur hier en daar 'n brief of iets te sien die hem idee gee van wat op die mark aan die gang is en dan van die informasie tot sij voordeel gebruik te maak.

Soos julle weet, is dit die man wat voorheen weet wat sekere maatskappije gaan doen, of wat met 'n sekere mijn gaan gebeur, of hoe dit met so iets staan, wat weet of die aandele gaan rijs of daal, en die kennis is geld wêrd. Smit het op die manier al tamelik geld gemaak, en hij was wel af.

Toevallig, die dag toen Harvey die telegram van Frits ontvang oor die "Backvelds", was Smit bij hem op kantoor oor een of ander kleinigheid.

Harvey het die telegram uit die koevert gehaal en gelees, en hij sit nog met die gekleurde papiertje in sij hand toe sij klerk vir hem kom roep om naar die telefoon te gaan waar iemand met hem wou praat.

,,Ekskuus, 'n oomblikkie, ek sal nou weer hier wees" en hij gaat uit, terwijl hij, in gedagte die telegram op die tafel neerset. Net toe hij uit was, neem Smit die telegram op, lees dit gou, en set dit weer neer, sodat, Harvey, toen hij terug kom niks merk nie. Kort daarna gaat Smit weg. Hij gaat naar 'n vriend van hem en sê :

,,Jong, ek wil hê jij moet vir mij iets doen. Ek weet dat Harvey 10,000 aandele in die "Backvelds" Maatskappij het. Ek het al begin te wonder waar Kok heen is en nou weet ek. Hij is naar die mijn toe en het 'n rapport gemaak dat dit goed is. Ek het die telegram gesien. Ek wil hê jij moet die aandele vir mij koop. Offereer hem drie shillings 'n aandeel."

Sij vriend belowe hem om dit te doen, maar Smit sê nog : ,,Moet nie vandag gaan nie, anders sal hij lont ruik. En moet nie vir hem sê vir wie jij hulle wil koop nie. Ek weet hulle

het hulle geld nodig en als hij 'n klein profijt kan krij, sal hij verkoop."

Harvey was die dag biesonder besig en had die saak van die likwidasie moet laat vaar, met die mening om dit die volgende dag op touw te set, maar die ander dag morre vroeg kom Smit se vriend en maak hem die aanbod. Harvey het dit so haastig aangeneem, dat die kêrel had begin te denk dat daar iets verkeerd was, maar hij had sij instruksies om die spul te koop en verder had hij daar niks mee te doen. Die transaksie het Smit amper 'n duisend pond gekos, maar Harvey en Frits had hulle geld terug, met 'n kleine profijt daarbij.

---

HOOFSTUK XII.

# BASIE, DIE DOLOS HIJ LIEG NIE.

Frits het natuurlik vir die Mijn Bestuurder, wat nie 'n onaangename jong kêrel was nie vertel hoe dinge staan en toe Frits vir hem sê dat hij weer huistoe gaan, sê hij: ,,Wel, dan veronderstel ek dat ek ook een van die daë sal moet weggaan, maar vóór ek weg gaan, wil ek nog een slag gaan jag. Die volk sê vir mij dat daar 'n klomp koedoes van die berre afgekom het en omtrent ag uur te pêrd hiervandaan wei. Ek wil nog 'n potje met hulle gaan loop voordat ek trek. Hoekom gaan jij nie saam nie?''

,,Ek sou wel graag wil gaan'' antwoord Frits, ,,maar ek weet nie of ek tijd het nie.''

,,A, tijd is niks'' sê hij, ,,dit sal maar drie daë neem. Ek sal jou sê wat ons maak. Als jij wil gaan, dan sal ek meteens gaan. Dan trek ons oormorre oggend weg. 'n Paar daë meer of minder kan bij jou nie skeel nie.''

En Frits, wat nog nooit groot wild geskiet het, besluit om maar 'n paar daë vakansie te neem, en te gaan. En hiervan het grote dinge gekom.

'n Paar daë daarna was Frits en die Mijnbestuurder, soos hul afgespreek het, uit op die jag. Die plek waar hulle moes gaan was noordwestelik van die mijn, in die rigting van die welbekende Wolkberg, wat vanwaar hulle was, in die verte te sien was. Die Bosveld hier is soos 'n grote kom, omtrent 'n honderd mijl van kant tot kant en meer of min rond.

Die was begrens van berre, buite in die suidweste, waar die sogenaamde Springbokvlakte uitstrek sover als die oog kon sien.

Van die Wolkberg tot Bothaberg, 'n distansie van meer dan 'n honderd mijl, strek 'n rij berre in 'n bijna onafgebroke reeks uit en maak die noordelike halfmaan van die berggrens uit, en van Bothasberg, duskant Middelburg voorbij tot bij Kameelpoort, strek die suidelike halfmaan.

Als jij die suidelike berre beklim, kom jij op die plateau of hoë vlakte, bekend als die Hogeveld en die strek tot bij Carolina en Standerton, en als jij die noordelike berre oorgaan, daal jij weer dieper af in die ware Bosveld wat uitstrek tot bij die Limpopo en nog verder.

En deur die kom, wat 'n mens die eerste terras van die Bosveld kan noem, loop die Olifantsrivier, omtrent die enigste water wat daar in die streek is. Dit is behalwe die Elandsrivier en hier en daar 'n watergat. Omtrent in die middel van die kom en sowat vier mijl van die Olifantsrivier staan 'n paar koppies, wat die enigste hoogte is in die kom. Die bodem daarvan is so plat als 'n biljarttafel, maar hulle is so laag, dat als 'n mens 'n paar mijl van hulle af is in die bos, kan jij hulle nie sien nie, en hulle kan nie als baken vir die reisiger dien nie. Die koppies heet Alie-se-koppies. En in die noordelike berre, naar die noord-ooste toe, bo-op die hoogste berre, staan Sekekoen se stad, 'n ware vesting wat die witmense nog nooit perbeer het om te neem omdat dit te sterk beskut is deur natuurlike verdedigings werke.

Een van die ou Transvaalse landdroste, wat 'n grappiesmaker was, was gewoon om te sê, dat toen die duiwel onse Saligmaker die wereld aangebied het, het hij Hem naar Witnek, nabij Middelburg, geneem en Hem daar vandaan laat kijk.

Van hieruit kijk 'n mens oor bijna twee honderd mijl van platte, eentonige, bruin bos, tot waar die berre 'n soort van hoek maak, met die Wolkberg op die spits, wat verder die

uitsig belemmer. Die landdros was gewoon om daarbij te voeg, dat, als jij self die wêreld daar bekijk het, sal jij jou nie verwonder nie dat dit geweier was.

Mense wat nog nooit in die Bosveld gewees het nie, het gewoonlik 'n heeltemaal verkeerde begrip van hoe die wereld daar lijk. Meeste van hulle denk dat daar grote woude is, met kolossale bome, soos 'n mens in prente sien van woude in Europa, waar die bome honderde voet hoog groei en waar partij van hulle so dik is dat 'n mens 'n gat daardeur kan maak en 'n wa en 'n span osse 'n Kaapse draai daarin kan gooi. Hij wat verwag om daar grote skaduwrijke bome te krij, waaronder die grond als met gras tapijt bedek is, sal teleurgestel wees.

Dit is selde, dat enig soort boom daar hoger groei dan dertig voet, en daar is maar min bome wat breë blare het.

Die meeste is doringbome, of bome wat dun, smalle blare het, sodat, als 'n mens skaduw wil hê, moet jij 'n boom uitsoek wat 'n dik stam het, wat die son kan afkeer. Die bome wat grote of digbegroeide blare het, die groei weer so ijl, dat jij vir hulle kan tel. Die boom wat nog die beste skaduw gee is die wag-'n-beetjie, en die groei gewoonlik so laag op die grond, dat 'n mens nie daaronder kan kruip nie, al was dit nogal vrij van sekeltouw, katdoring en andere struikgewasse wat nie presies geskikte substitute uitmaak vir 'n veermatras nie.

En die gras wat daar is, alhoewel dit banja goed is vir vee, is nie eintlik 'n plesier vir die oog nie. Behalwe in die reentijd, wanneer 'n verstandige mens nooit waag om in die Bosveld in te gaan nie, omdat die koors dit te gevaarlik maak, is die gras altijd droog en is vir die oog dor en hard.

Hier en daar, onder die bosse, blij die buffelsgras, 'n gras wat banja lijk op hawer, en wat bijna net so goed is vir perdevoer, 'n tamelike tijd lang groen. Maar, in die tijd wat dit veilig is om in die bos te gaan, (dit is van Junie tot Februarie),

is alles, boom so wel als gras, droog en die wereld, net sover als die oog kan sien, is vaal en eentonig.

Soos ek gesê het, van Witnek af kan 'n mens bijna tweehonderd mijl ver kijk oor 'n platte streek, maar van Agata, op die berre wat ten ooste van die Letaba Rivier lê, kan jij bijna vierhonderd mijl ver tot waar die Limpopo deur die Lebomboberre breek, kijk oor 'n landstreek wat, alhoewel maar 'n paar honderd voet bo die oppervlakte van die see, in voorkome, geaardheid en dier en plantelewe dieselfde is als die hogere kom waarvan ek gepraat het.

Die twee terrasse van die hoëveld maak op 'n mens die indruk dat hulle vroeër met water bedek was en dat, met die ewigdurende woeling van die water, die bodem met sand en grond bedek was en gelijk gespoel het, totdat dit bijna waterpas geword het.

Dit en die feit dat die sand en grond nie klewerig genoeg is nie om 'n blad te vorm wat water kan hou, is die oorsaak, dat dit daar so skaars is van water.

Dit reen daar genoeg, maar die water, behalwe in die paar riviere, wat hulle water van die berre krij en hier en daar 'n afsonderlike watergat, waar die grond 'n beetje harder is, sak weg en loop misskien in onderaardse strome naar die see.

Mij geloof is, dat daar water genoeg is, maar dit moet uitgehaal word, wat die geval is in die meeste dele van Suid Afrika. Tot nou nog toe, egter, word die deel van ons land nie bewerk nie, omdat 'n mens maar 'n gedeelte van die jaar daar kan woon, en dit word uitsluitelik gebruik als winterveld vir vee. Ek sien ook nie kans nie dat die toestand sal verander tot dat 'n middel uitgevind word om die koors onskadelik te maak vir die mens.

Dit was in die half waterlose verlate streek, waar hulle gaan jag het. Hulle kamp het hulle bij 'n kafferstadje, waar daar 'n waterkuil was, opgeslaan, en die aand daar geslaap. Hulle sou die volgende dag te perd uitrij om te kijk of hulle 'n

koedoe in die hande kon krij, en hulle verwagting was groot, want een van die volk van die stad het hulle vertel, dat die koedoes nog 'n paar daë te vore daar was. As dit hulle dan geluk om een of twee te skiet, sou hulle die kaffer terug stuur om die veerwa, waarmee hulle gekom het, te gaan haal om die wild te kom oplaai.

Die ander dag vroeg, met dagbreek en nadat hulle 'n koppie koffie gedrink en iets geëet het, was hulle met 'n kaffer op weg. Hulle had niks meer bij hulle dan 'n waterbottel en hulle geweers en patrone. Frits hád, veiligheidshalwe 'n blikkie vlees in sij saalsak geset, hoewel hulle nooit dag dat hulle dit sou nodig krij, want hulle het gereken om twaalf uur weer bij die wa te wees.

Dit was omtrent nege uur toe hulle die koedoes gewaar. Daar was sewe van hulle en dit was 'n pragtige gesig. 'n Koedoe is een van die mooiste bokke wat die vaderland vir die voortrekker gewijs het. Met sij lang gedraaide horings, gestreepte rug, en parmantige houding, lijk hij 'n ware heer en sieraad van die Afrikaanse veld.

Hulle het toe haastig 'n kajuitraad gehou en besluit om, om die wild onder die wind te rij en hulle verder te bekruip.

Hulle het toe uitmekaar gegaan en die kaffer gaat met die Mijnbestuurder, die sij baas was. Frits het sij perd aan 'n boom vasgemaak om nader te kruip, maar toe hij nog omtrent tweehonderd tree van die wild was, hoor hij 'n skoot en een Koedoe val, terwijl die andere die loop neem en bijna reguit naar hem toe kom.

Hij was nie veel van 'n skutter nie maar, daar hij misskien nie weer die kans sou krij nie, het hij besluit om maar halftoe-oë te perbeer en 'n bok in die loop te skiet.

Toe die voorste Koedoe omtrent vijftig tree van hem was agter 'n bos waar hij lê en skuil, lê hij virsigtig aan en trek af. En werkelik, dit geluk hem om die dier te tref.

Die Koedoe val op sij neus en blij 'n tijdjie so op sij knieë lê, terwijl Frits naar hem toe loop.

Maar omdat hij nie veel van die jag afweet nie, het hij vergeet om weer sij geweer te laai, en toe hij omtrent tien tree van die bok kom beur hij hom kreunend weer op sij bene en neem die loop.

Toe denk Frits eers daaraan om te laai, maar hoewel hij 'n paar skote met die oë op 'n skrevie naar die bok geskiet het, was dit te vergeeefs.

Hij hardloop toe naar sij perd toe, spring in die saal en sit die bok agterna. Die Koedoe moet swaar gekwes gewees hê, want als hij 'n end geloop het gaat hij staan, maar net soos Frits afklim om te skiet, neem hij weer die loop.

So het Frits hem vir baing mijle ver geja, tot waar die bos al dikker en dikker word en hij eindelik tot stilstand kom.

Frits, die in 'n stad groot geword het en vir wie die vaderlandse vlaktes gou malkop sal maak, het gou die spoor bijster geraak, en, nadat hij nog 'n tijd lang daar rond gesoek het, moes hij dit opgee. Toe hij op sij oorlosie kijk was dit twaalf uur.

Hij het toe daar 'n uur lang afgesaal om sij perd te laat rus, en die laaste beetjie water, die nog in sij kan was uitgedrink. Die toestand lijk vir hem bepaald ernstig.

Toe hij weer in die saal klim toe kom die vraag : Waarnatoe nou?

Hij het toe gerij in die rigting van waar hij meen dat hij gekom het, maar, daar die bos en die ligging van die land vir mijle ver bijna eners lijk, was dit vir hem onmoontlik om te sê of hij reg rij of nie, en die kring berre om die kom was vir hem tenminste, ook maar alles eners.

Hij het gerij en gerij tot vieruur die middag en toe weer afgesaal, want sij perd was moeg. Na 'n uur het hij weer opgesaal en verder gerij, maar die donker het hem einde-

lik gevang. Hij kon naderhand nie meer sien nie waar hij heengaan en sij perd was bijna flou.

Hij het toe maar besluit om af te saal en die nag, so goed als hij kon, maar in die veld deur te breng. Hij het toe 'n groot vuur gemaak want dit was koud en ook met die floue hoop, dat iemand die vuur sou sien en kom kijk wat dit was.

Hij het die blikkie vlees opegesnij en een deel daarvan geeet, want hij was honger. Dit was 'n grote fout, want die vlees was sout en Frits had vir die oomblik vergeet, dat hij in waterlose vlaktes was en die skrik van die jagter en reisiger in die woestijn het hem dadelik begin te knaag.

Daar het hij gesit bij die vuur, terwijl hij die perd met die teuels op touw geset het, dat hij tenminste kon roer in die buffelsgras onder die boom, die ganse nag gesit.

Hij het eers 'n paar pijpe gerook, maar het toe uitgevinde, dat sij mond daarvan al droër word en het die pijp en tabaksak agteloos langs hem op die grond neergeset.

Half dood van die koue en dors, het hij nie kon slaap nie. Hij het sij skoene ook uitgetrek om sij voete bij die vuur warm te maak, maar dit het nie veel gehelp nie.

Die jakhalse het rond om hem begin te huil en toe kom die vrees vir wilde diere, want hij wis nie wat daar vir roofdiere in die gedeelte van die Bosveld nog te vinde was. So het hij troosteloos, ontmoedig die nag daar deurgebreng. Nou en dan val hij in 'n dromerige slaap, maar dit duur nie lang nie, want die koueë en die dors maak hem weer wakker.

En dan ook, dis bijna sonder een uitsondering die geval, dat wanneer jij so verlate en verslaë voel en die wêreld bo-op nog so stil en eensaam is, dat jij terugdenk waar diegene is wat jou lief het of lief had. Als dit nie naar die eië gesellige woning en vrouw en kinders is nie, dan is dit naar 'n godsalige en liefderijke moeder en vader of 'n ander geliefde, aan wie die hart verkleef is en dan sê jij bij jouself: Als hulle tog weet in welke toestand hulle geliefde kind sig nou bevind!

En dan word die gedagtes nog droewiger. Sal hij hulle ooit weer sien?

Eenmaal, toen hij weer in 'n halwe slaap was, droom hij dat Maria weer so bleek en ernstig voor hem staan en haar rug vir hem eindelik toekeer en hij het gesoek en gesoek en hij kon sij sterretje nie weer krij nie en hij was droewig baing droewig toen 'n snork van die perd hem regop op sij bene het laat spring.

Hij kon ook nie meer slaap nie en voordat die dag breek, was die wereld stiller dan ooit te vore en onwillekeurig val hem Elia se verlatenheid te binne. Geen wonder, die profeet wou maar liewer dood gaan.

Hij besef sij posisie ten volle. Als hij nie sorg dra nie om water te krij sou dit klaar wees met hem en selfs sij lijk sou nimmer gevonde worde.

Als hij maar net bij water kon kom sou alles reg wees, want waar 'n waterkuil is daar is 'n kafferkraaltje.

So angstig was die man geworde vir die vooruitsig wat hem wag, dat hij sij perd opgesaal en opgeklim het sonder om aan sij spore, sij pijp en sij tabaksak te denk en, sover hij weet, lê hulle vandag nog daar.

Hij het maar aangerij in die rigting van waar die son opkom. Hij wis dat hulle gister uit die Ooste gekom het, en die beste plan was om weer naar die ooste-toe te rij. Dit was al leiddraad wat hij kon uitdenk, maar daar hij 'n dorpenaar was, het hij daar nooit aan gedenk nie dat die son in somer en winter nie op dieselfde plek opkom nie, en in plaas van naar die ooste toe te rij, rij hij al die tijd noord-oos, want dit was winter.

Maar, alhoewel dit winter was, word dit oordaags in die bosveld ook regtig warm en so teen ag uur al word sij dors bijna ondragelik. Sij tong werd dik en kleef aan sij verhemelte vas.

Hij het nie meer gedenk aan afsaal nie en het bijna bewus-

teloos, op die perd gesit. Die teuels hang los op die perd se nek, en dit lijk of die perd self moed opgegee het.

Hij loop op 'n stadige stap en sij kop hang of hij ook nie om gee nie waarheen hij gaan. Nou en dan gaat hij vir 'n rukkie stil staan sonder dat Frits dit merk en dan, sonder om sij kop te lig, gaat hij weer aan. Die perd was so nabij flou als hij kon kom.

Skielik, omtrent elf uur, voel Frits, die al bijna kranksinnig was van dors en moeheid, dat die perd kortom links wegdraai en 'n beetje vinniger stap.

Hij kijk op en waarlik hulle is in 'n voetpad.

Dit was 'n goeie teken, want die pad moet naar 'n kafferkraal lei, maar—en toe kom die vraag, gaan die perd in die regte rigting, want hij gaat nou reg noord.

Maar hij wis dit ten minste nog dat hij eenmaal gehoor het, dat 'n perd wonderlike vermoge het om die regte weg te vinde en dat dit die beste ding is om, als jij verdwaal is, hem te laat loop waarheen hij wil. Had hij maar gistermiddag al daaraan gedenk, dan was hij misskien nou al bij die kamp. Hij laat die perd dus maar begaan op sij koers.

En dit was alsof die perd self nuwe moed geskep het. Hij loop nou met sij kop in die lug en dit was alsof Frits kon voel dat die dier sij laaste beetjie krag bijmekaar maak om vinniger oor die pad te kom.

Dit het nie te lang geduur nie, of Frits sien vee, en toe wis hij dat hulle gered was, want waar vee is, moet 'n Kafferstad wees, en daar is natuurlik ook water.

Die perd had die regte koers gekies. Nog 'n kwartiertjie en toe kom hij skielik op 'n waterkuil af en die perd kom op 'n draf. Frits wou nog stil hou om af te klim, maar die perd wou nie stop nie voordat hij in die water was, met sij kop diep in die koue, verfrissende water. Frits het toe ook maar somaar in die water afgeglei en langs die perd staan en drink.

Gelukkig het hij toe iets onthou wat hij vroeër gehoor het,

namelik dat dit gevaarlik is om te veel te drink nadat jij baing dors gelij het en hij het toe opgehou en die perd, wat nie wou ophou nie, met geweld van die water weggeslaan.

Hij het toe afgesaal en na 'n tijdjie weer 'n beetjie gedrink en die perd weer 'n beetje laat drink. So beetjie vir beetjie, het hij en die perd albei naderhand genoeg gehad.

Hij maak toe die perd los om te wei. Dat hij sou wegloop had hij geen vrees, want die dier was moeg en daar was grassies genoeg om die water heen.

Frits wis dat daar in die nabijheid 'n kafferkraal moes wees, maar hij was te moeg en afgemat om hem op die oomblik daaroor te bekommer. Hij het onder 'n boom gaan lê, en dit was nie te lang nie of hij was vas aan die slaap.

Toe hij weer wakker word, was dit al laat in die namiddag. Hij sit op en kijk rond, nog half deurmekaar van die slaap, en toe hoor hij 'n stem agter hem:

„Die dolos hij lieg nie! Dag mij basie."

Verskrik kijk Frits om, en dáár, sowaar die son skijn, staan Jonas, sij ou jong van die delwerij met sij hoed in die hand te ginnegap, alsof hij Frits op 'n diefstal betrap het.

Hij had in sij hande 'n skotel koue, gekookte groen mielies. Toe Frits dit sien, val dit hem bij dat hij tamelik honger het en hij sê:

„Dag Jonas. Alle wereld ou jong is daardie mielies vir mij bedoel?"

„Ja, baas. Ek het gereken die basie hij sal honger wees als hij wakker word en toe het ek hul gaan haal."

„Dankie Jonas. Ou jong jij is bij mij kool meer wêrd dan diamante," en Frits begin te eet.

Toe sij honger 'n beetje bedaar het val die woorde van Jonas se groet hem bij, en hij sê:

„Maar Jonas, ek moet vir jou als die ware Kafferprofeet verklaar. Jou Moses het nog nooit geleef nie...... Maar waar is die ander witman?"

„Ek weet nie, baas, maar hij sal kom."

En wonderlik genoeg, hij het skaars uitgepraat, toe hoor hulle perdepote klap en hulle kijk om, en daar, omtrent 'n honderd tree, uit 'n noordoostelike rigting, kom 'n man te perd aan.

Frits kon dadelik sien dat daar iets verkeerd was, want hij sit nie regop in die saal nie maar hang half op die perd se nek.

Toe hij bij hulle kom gaat die perd van self staan en die man glij van die saal af en val in 'n hoop op die grond neer.

Sij hemp agter sij linker skouer was swart van ou bloed en sij klere en selfs die saal waaraan die baatjie vasgemaak was, was met dieselfde donker vlekke bedek. Hij had baing lang nie geskeer nie en sij gesig was bleek, maar toe Frits hem goed bekijk, ken hij hem dadelik. Dit was verrassing op verrassing. Dit was Collins. Hij had glad vergeet dat daar so iemand als Jonas was toen hij weer die onheilspellende woorde hoor: Ja basie, die dolos hij lieg nie!

## HOOFSTUK XIII.

# NAAR SEKEKOEN SE STAD.

Skulpadfontein, wat, soos ik denk, die grootste kafferstad in Suid Afrika is, lê omtrent ag uur te perd van Nijlstroom en in die middel van die Springbokvlakte. Die kafferstad is, om so te sê, die metropolis, en rondom, waar water te vinde is, lê andere kafferkrale, amper net so groot als die hoofstad self, en daar, op die dorre, plat, wijd uitgestrekte vlakte, op 'n verhevenheid, woon duisende en duisende van kaffers.

Hulle lewe van die veeteel en van mielies en kafferkoring boerderij. 'n Mens kan daar vir ure te perd rij en dit is bijna niks anders dan grote mielie- en kafferkoring velde. Bijna die helfte van die Springbokvlakte is teenswoordig bewerk, en dit strek van Pienaarsrivier, ten noorde van Pretoria uit tot waar die Olifantsrivier en Makkepaanspoort Bosveld begin.

In Skuldpadfontein woon destijds sover dit witmense betref, net die Duitse sendeling en sij familie, en Hooper, wat ons al ken. Hij had daar 'n winkel en het met die kaffers in graan en velle gehandel, waarvoor hij hulle weer negosieware, gewoonlik van die slegste kwaliteit, in ruil gee, en, vir 'n tijd het hij 'n tamelik goeie besigheid gedrijwe.

Maar die kaffers het die jaar 'n slegte oes gehad en geld had hulle nie, sodat die besigheid nie vorder nie. Die meeste van die volk het, na die slegte oes, naar die mijne gegaan om iets te gaan verdien, maar hulle was nog nie terug nie, sodat hulle nog

nie nuwe geld gebreng het nie en, wat bij Hooper ook nog al 'n tamelike verskil maak, geen gestole goud of diamante.

Daarom was dit, dat hij, toe Collins hem die voorstel maak van die berugte diamante van Sekekoen, dit aangeneem het. Hij was naastebij bankrot, en die krediteure en die groothandelshuise, waar hij sij negosie van krij begin hem te pla, en hij kon nie meer negosie op krediet krij nie. Hij moes in elk geval 'n plan maak om sij finansies weer reg te ruk, en, of die middel nou eerlik was of nie, maak bij hem net so min saak als dit bij Collins van gewig sou gewees hê.

Hooper was, soos die meeste mense gedink het 'n Amerikaner, maar niemand wis seker wat hij was, en sij vroeëre geskiedenis is aan niemand bekend.

Die enigste man wat iets van hem wis, was Collins, maar hij was nie die soort van man nie om oor hulle vroeëre omgang te praat. Hulle het vroeër saam gesmokkel en geweers en ammunisie met die kaffers gehandel, en I.D.B. was een van hulle werksaamhede. Hulle was twee van één soort, en ek glo nie daar was iets waarvoor hulle nie kapabel was nie.

Skulpadfontein is omtrent vier daë met die ossewa van Sekekoen se stad en 'n hele end verder dan Middelburg, maar hulle moes van daar uitgaan, want hulle moes onder die dek mantel van 'n smoustog trek.

Hulle het een aand met maanskijn weggetrek, sonder om iets te laat weet aan die kaffers. Hooper se winkel was dolleeg, want die beetjie negosie wat hij nog had, had hij, met 'n klompie nuwe goed wat hij in Nijlstroom met Collins se geld gekoop het, op die wa gelaai.

Die hele lot goed was nie veel wêrd nie, want hulle wou nie teveel daaraan spandeer nie.

Als hulle die diamante krij sou hulle die wa moet laat staan. Hulle wou dus so min mogelik verlies. Hulle had elkeen 'n goeië perd en daarbij nog 'n ekstra perd saam geneem vir Petrus, want hulle moes hem daarom 'n kans gee om uit te kom.

Of hij uitkom of nie, sou bij hulle minder wees, maar hij was 'n handige kaffer, en hulle kon hem misskien weer nodig krij.

Hulle had elkeen 'n groot revolwer en 'n goeië mauser bij sig. Als hulle uitgevinde word, sou hulle moet baklei om daaruit te kom en of hulle nou 'n stuk of wat kaffers doodskiet is minder.

Dit sou nie die eerste maal wees nie en hulle was die soort van ding gewoon. Hul had so min osse mogelik voor die wa, want die sou ook misskien moet agterblij. Dit was 'n ligte, half-tent wa met ag osse en, die hele affêre met negosie en al was nie meer wêrd nie dan drie honderd pond. Dit sou egter 'n kleinigheid wees als hulle die diamante krij en daarmee kon uitkom.

Dit was om die minste daarvan te sê, 'n gevaarlike ekspedisie, want als die kaffers net 'n suspisie krij waarom hulle daar kom, sou niks hulle red. Hulle was net twee mense wat niemand agterlaat wat sig oor hulle sou bekommer en daar kom misskien eenmaal in 'n jaar 'n witman in Sekekoen se stad.

Als die kaffers hulle daar doodmaak, sal geen haan daarna kraai, en geen mens sal misskien ooit iets daarvan ter ore kom. Die kaffers, als dit op 'n doodmakerij afkom, verrig nie halwe werk nie, en dit was waarskijnlik, dat die twee volk wat hulle meeneem als drijwers om naar die osse te kijk, ook in die slag sal blij.

Collins en Hooper het gemeen, dat, als hulle ekspedisie geluk, sou hulle te perd so gou als mogelik naar Middelburg gaan en daarvandaan naar Delagoabaai vanwaar hulle met die eerste die beste skip sou wegkom, waar die skip ook mag heengaan. Om in Suid Afrika met so banja diamante te blij wat hulle nie op 'n wettige wijse in die hande gekrij het nie, was 'n beetjie te gevaarlik. Die diamantwette is so streng, dat I.D.B. op so'n grote skaal nooit ongemerk sou kan deurgaan. En vir die meeste mense is vijftien jaar in die Breekwater maar 'n treurige vooruitsig.

Mij roer is skaars van patrone" en hij wijs hul 'n Wesley-Richards wat hij het.

„Maar", sê Hooper, „ek sal hem dalk self wil gebruik."

„Waar, baas?" vra die kaffer.

„Ek kan misskien bo-op die berg 'n reebok wil skiet."

„Maar baas kan nie die roer saam neem nie."

„Nie saam neem nie?" vra Hooper, „waarom nie?"

„Kijk, baas, 'n paar maande gelede was hier 'n witman, en hij had 'n roer bij hem. Een dag het die geweer in die stad afgegaan en 'n man in die been geskiet. Hij het gesê, dit was 'n ongeluk, maar die Koning was kwaad en hij het georder, dat vreemde mense wat naar die stad toe kom nie meer wapens mag saam breng nie. Daarom sal baas die geweers hier bij die wa moet laat blij totdat baas weer uitkom."

„So?" sê Hooper, „is dit so?"

„Ja, baas. Kan ik hom vat?"

„Ja, toe dan maar", antwoord Hooper, en hij gee die kaffer vijf patrone.

Hij wou nie die kaffer laat agterdog krij nie, en hij dag dat die kanse maar klein was, dat hij ooit die geweer weer sou sien, maar tog laat hij dit krij.

Nadat die kaffer weg was het hulle oor die kwessie raad gehou. Daar was nie meer kans nie om die geweers in te smokkel, want die kaffers het hul al gesien. En tog, die rewolwers het hulle in 'n negosiekis, met die gordels en patroon sakkies weggesteek, sodat hulle daarom 'n soort van wapen bij hulle kon hê. Op die manier het hulle daarom nie ongewapen die stad ingegaan nie toe hulle eindelik daar kom.

Die middag, teen sononder, kom die bode terug, en met hem was 'n kaffer, gekleed in die witmense se stijl, met rijbroek en kamaste, en 'n wit boordje aan. Hij kon goed Hollands en Engels op sij manier praat en skrijwe en dit blijk dat hij Sekekoen se sekretaris is.

Hij sê Sekekoen het hem gestuur om te kijk wie die vreem-

delinge is en wat hulle kom maak. Hij het naar hulle pas gekijk en het dit in orde gevind. Dit was maar natuurlik, want hij het dit self geskrijwe. Hij was uiters beleef, maar Collins en sij maat het gou opgemerk, dat hij nie net gekom het om naar die pas te kijk nie, maar ook om te sien of daar alles in orde was.

Alhoewel Sekekoen misskien nooit kon denk dat iemand so waaghalsig sou wees om daar te kom met die doel om hem te besteel, het hij tog nooit volgens 'n oue gewoonte die vrede vertrouw als daar vreemdelinge in sij stad wou kom.

Die kaffer het om die wa gesnuffel en 'n massa vraë gestel, maar hij het niks verkeerd kon uitvinde. Collins en Hooper is nie die soort mens nie wat hulle laat leegpomp van enige mens, en nog minder van 'n kaffer.

Hij het toe eindelik vir hulle gesê dat hulle maar die volgende oggend kon verder gaan, maar hulle moes hulle geweers bij die wag laat blij. Hij het toe verdwijn, maar hij is nie terug naar die stad toe gegaan nie, want, toe hul die volgende oggend, met dagbreek, laat inspan, en opsaal, was hij ook daar, en, gesete op 'n eerste klas ponie, het hij bij hulle gerij totdat hulle in die stad kom. Die geweers het hulle afgegee, maar die patrone het die kaffer gesê kon hulle saam neem, want daar was banja mense in die stad wat patrone nodig het, en die sou goeie prijse daarvoor betaal.

Die pad was swaar en die berg steil, sodat, wegens gebroke jukskeie en die feit dat hulle 'n heel paar maal moes uitspan om die osse te laat rus, dit laat in die middag was toe hul daar aankom, en eindelik op 'n plek, omtrent 'n honderd tree van die Koning se ringmuur, wat die sekretaris hulle aangewijs het, kon uitspan.

Kort daarna kom daar weer 'n induna, gevolg van twee meide wat kos dra. Die een had 'n gebraaide os-hart, en die ander groenmielies en kafferbier. Die induna sê hij, is gestuur deur die Koning om die witmense welkom te heet, en te sê,

dat hij hulle morre self sou sien. Hul het die induna toe 'n paar presente gegee, en hem gesê, hij moet die Koning dankie sê vir sij welkom, en dat hulle graag die Koning self sou wil sien en dat hulle 'n persent vir hem saam gebreng het.

Dit is iets wat hulle verwag het, en hulle het gehoop, dat hij hulle sou ontvang binne sij ringmuur, sodat hulle kon sien hoe die plek daar ingerig is.

Met hulle aankoms was daar duisende kaffers wat langs die pad of die strate van die dorp naar hulle het kom kijk, en daar was nou nog, terwijl hulle eet, banja wat uit nuwsgierigheid naar hulle kom kijk, maar Petrus het hulle nie raak gesien nie, en, om die waarheid te sê, hul het hem nie verwag nie.

Petrus was oulik, en hulle dag hij sou minstens 'n dag of wat wag voordat hij hem laat sien of dit waag om met hulle te kom praat.

Na 'n paar daë sal die volk nie so nuwsgierig meer wees nie en dan sou dit veiliger gaan.

Die Induna het hulle 'n hut aangewijs wat hulle kon gebruik, maar hulle het besluit om liewer bij die wa te blij en daar te slaap, om hulle goed en virnamelik hulle wapens op te pas, en ook omdat dit daar makkeliker sou wees vir Petrus om ongesien in die nag naar hulle te kom.

Hulle het toe maar besluit om, solang als dit nodig was, en, ten minste tot Petrus van hom laat hoor, hulle net te gedra of hulle vir niks anders in die wereld hier is, dan om te handel.

Hooper, wat vroeër al in Sekekoen se stad gewees het, wis natuurlik hoe die plek lijk, maar vir Collins was dit 'n tamelike verrassing. Hij was in sij swerwende lewe, dikwels in verskillende kafferstede en krale gewees, maar nog nooit in die stad van 'n Koning of in een van die verskanste krale van krijslistige kaffer stamme. Hij had al meermale prente gesien en beskrijwings gelees van die beroemde hoofstad van Sulu Konings, van die dappere Tjaka, en van die bloeddorstige en verraderlike Dingaan; en hij het verwag om 'n stad te sien omring

van 'n muur en gebouw in die vorm van 'n perdeskoen, met die Koninklike woning in die middel van die halfsirkel.

Hij het verwag om niks te sien als ronde hutte wat lijk soos 'n klomp bijekorwe, met spaans riet windskerms voor die deur. Maar hij het vergeet, (als hij dit ooit geweet het) dat die stijl van krale bouw eigenaardig is aan die Sulus en kafferstamme wat van hul afstam of nou aan hulle verwant is. Sover ek weet, is in die hele Transvaal, met uitsondering van Swasieland en die Suid Oostelike distrikte, wat nou aan Natal gesnij is, geen enkele kafferstad gewees wat gebouw was op die Sulu plan. Daar is wel tekens dat daar vroeër en viral op die hoëveld, 'n menigte van die versterkte krale of vestingstede was, en op banja koppies is nog die oorblijfsels van die muur te sien, wat van losgepakte ijsterklip gebouw was. Maar hulle volg nie almal een stijl nie en is van alle vorme: rond, drie- en vierhoekig, langwerpig en in die meeste gevalle, windskeef.

Die Sulus het 'n tamelike oog vir 'n halfmaan, maar ek het nog nooit 'n kaffer gesien wat 'n sirkel ōf 'n regte lijn kon trek nie.

Sekekoen se hoofstad was, om die waarheid te sê, op glad geen stijl gebouw nie en van vesting- of verdedigingswerke was daar niks te sien. En die hutte was van alle soorte. Daar was rondawels, hutte wat rond of vierkant was gebouw van matte, baksteen of klip. Die invloed van die witman het al veel bijgedra om die kaffer naar betere wonings te laat verlang.

Die stad van Sekekoen, alhoewel een van die oudste kafferstede in die land, lijk vandag net soos 'n groot lokasie bij een van ons eie dorpe. Met die verskil egter, dat die lokasies, wat onder die beheer van witmense staan, uitgelê is in regelmatige strate, terwijl die kafferstede, waar hoegenaamd geen beheer is, geen strate het, en elke man het maar gebouw waar en soos hij wou. Ons het in een van ons stede in Suid Afrika 'n dergelike geval. Toe, in die donker dae, Kimberley

nog 'n delwerij was, het ieder man net waar hij wou 'n kleim afgepen, wat naderhand sij eiendom geworde het, en waarop hij naderhand gebouw het, en die gevolg is, dat die dorp vandag so 'n deurmekaarspul is, dat daar bijna nie in die oorspronkelike dorp, 'n straat is nie wat vir meer dan 'n honderd tree reguit loop. Du Toitspan weg, die virnaamste straat in Kimberley, loop vandag nog net soos die ou transport pad in die dae van die delwerije geloop het.

Wat die rede is, weet ek nie, maar ek denk dit sal wees dat die berre waar Sekekoen se stad op lê, genoeg verdediging is vir die stad, en dit was nooit nodig om die stad self te versterk. En dit is die geval met die meeste van die Transvaalse kafferstede, wat bijna almal in 'n sterke posisie lê. Die enigste-een wat ek van weet wat op 'n onverdedigbare posisie lê, is Skulpadfontein, maar die (alhoewel een van die grootste kafferstede in Transvaal is), is maar 'n stad geworde na die landstreek waar dit in lê, deur die Boere verowerd is, en toe sou die bouw van 'n vestingstad nie meer toegelaat gewees het nie.

Misskien, als Dingaan se stad nie verniel was nie, en vandag nog sou bestaan, sou dit ook nie meer lijk soos dit 'n honderd jaar gelede gelijk het nie. Die tije verander, en die mense en dinge verander bij die kaffers net sowel als bij die Romeine en bij ons.

Die anderdag morre vroeg het die twee langs die wa 'n soort van tent met 'n bokseil en van 'n paar kiste en 'n paar planke 'n soort van 'n toonbank gemaak, waarop hulle toen hulle negosie versprei het, en dit was ook nie te lang nie of hul drijf 'n tamelike besigheid.

Buiten hulle besoek aan die Koning was daar vir 'n paar dae niks van belang, en hulle moes hulle ongeduld maar wegsteek so goed hulle kon. Die virnaamste ding was om nie suspisie te verwek nie. Die enigste ding wat hulle sover gewen

het was, dat hul in die ringmuur was en die ligging van die plek kon uitspioneer.

Die volgende dag, net na die oggend ete, kom die Induna weer en sê dat die Koning nou bereid was om die twee witmense te sien, en hulle moet saam kom. Hulle het toe die persente wat hulle vir Sekekoen gebring het, saam geneem, hulle wa en goed in sorg van hul twee kaffers latende.

Nou moet julle nie verwag nie dat ek julle 'n groot seremonie gaan beskrijwe, want bij Sekekoen was sulke dinge nie die mode nie. Die kniekruiperij en dinge van die geaardheid van die dae van Tjaka en Dingaan was al lang vergeet. Sekekoen het dit witmense gegroet met die hand, en dit was net alsof hulle bij 'n gewone witmens aan huis kom. Die enigste verskil is, dat hij hulle nie in sij huis ontvang het nie, maar vóor die deur, in 'n soort van 'n halfsirkelvormige agterplaas, gevorm aan die een kant deur die halfmaan van vijf rondawels en aan die anderkant van die ringmuur wat agter die rondawels ook in 'n sirkel, maar reguit loop van punt tot punt van die halfmaan, met 'n hek in die middel. En in die middel van die rondawels was die private rondawel van die koning. Die deur staan ope en v o o r, op die harde kleivloer van die plek, wat ons maar die voorhof kan noem, staan 'n tafel, 'n rusbank en 'n paar stoele.

Sekekoen was 'n half beskaafde kaffer en alhoewel hij nie Hollands of Engels goed kon praat nie, het hij tog, deur die Sekretaris, wat als tolk ageer het aan die twee besoekers sulke vraë gestel als wat hulle goed genoeg toon, dat hij bekend is met die loop van gebeurtenisse in die beskaafde wereld.

Collins het hem die persent gegee wat hulle hem gebreng het, en toe praat hulle oor die handel. Sekekoen het hulle bijna 'n uur daar gehou om hulle alles uit te vra en het toe gesê, hij sou een van sij mense stuur om te kom kijk, of hulle negosie had wat hij van node had, en na nog 'n beetje oor dit en dat gepraat te hê, gaan hulle weg.

Mense wat denk dat, als hulle naar Sekekoen se stad gaan en hem sien, hulle die barbaarse kafferkoning van die ou donker dae sal sien, vir wie iedereen wat daar kom op die grond moet neerval, en wat sig klee in 'n stukkie vel en 'n klomp krale en vere, sal verwonder wees met wat hulle sien. Wie die Koning van die stam in vroeër jare gewees het, weet ek nie, maar die teenswoordige een is 'n skrander, waardige ou kaffer, gekleed in gewone klere van onse beskaafdheid en hij leef net soos 'n gewone, maar eenvoudige witman. Sij maaltije neem hij van 'n tafel met borde, messe en vurke, en alles is netjies skoon.

Partij van sij volk weet te vertel, dat soos Peter die Grote van Rusland, hij in sij jeugd die wereld ingegaan en vir 'n tijd in Pretoria als 'n huisjong gewerk het. Dit lijk onwaarskijnlik, te meer daar hij min Engels en minder Hollands kon praat, maar dit is nie onmoontlik nie, want, buiten sij witmens gewoontes en manier van lewe, is dit bij reisigers in kafferlande welbekend, dat, als 'n kaffer in sij eie kraal is en bij sij eie volk, hij dikwels sij kennis van die witmens tale verberg, en hoewel hij jou goed verstaan, kan jij heeldag lang praat en sij enigste antwoord is: ,,Akwa goukeh''. (Ek verstaan jou nie). En die volk van Sekekoen is, hoewel hulle dapper en goeie vegters is, nie wreed of moorddadig in gewone omstandighede nie. Bij die Swasies en Sulus vergeleke, is hulle 'n sagaardige en vredeliewende volk. Hulle gelijk veel, als 'n mens hulle verhouding neem met die andere kafferstamme van Suid Afrika, op die Switsers in Europa. Hulle lewe in vrede in hulle bergvestings en hinder geen mens, maar hulle is altijd bereid om hulle land teen vreemde indringers te verdedig en, gehelp deur die bijna ondeurdringbare berre waarin hulle woon, het dit geen ander kaffer volk of swerwende rowerstam nog ooit geluk om hulle te verras.

Hulle leef van die veeteel, wat op die berre 'n winsgewende boerderij is, en van die mielie en kafferkoring landbouw, wat

in die vrugbare valleie tussen die berre ook 'n tamelike industrie is.

Maar laat ons met ons storie aangaan. Die resultaat van die besoek van Hooper en Collins bij die Koning het nie veel opgelewer nie. Die virnaamste ding wat hul opgemerk het was, dat daar geen wag was. Die enigste konklusie wat hulle kon maak was, dat, daar Petrus gesê het dat daar 'n wag staan en dat hij self eenmaal wag gestaan het, was, dat die wag meer als 'n soort van poliesman, net gedurende die nag daar was.

Die eerste ding wat hulle moes uitvinde was hoe dit hiermee staan, en, terwijl daar altijd die mogelikheid was, dat Petrus iets oorgekom het, of dat hij op een of ander manier sou verhinder wees om te kom, het hulle dieselfde aand nog gaan seker maak van hulle saak. Hulle het, laat in die aand deur die stad geloop en, met die terugkoms, so nabij die muur van die Koning geloop als hulle durf. Hulle het, om nie suspisie te wek nie, en ook om 'n goeie gesig in die ringmuur te krij, voor virbij geloop, en toe hulle net v o o r die hek voorbij kom, sien hulle 'n man binne die muur, bij die hek staan.

Hulle kon in die donker natuurlik nie sien nie wie dit was, maar hulle was oortuig dat dit die wag moes wees, want, met virbijgaan hoor hulle 'n dowwe geluid, wat hul herken als die stamp van 'n geweerkolf op die harde kleivloer van die voorhof.

Verder het hulle die morre opgemerk, dat die ringmuur maar omtrent vijf voet hoog was, sodat, als die wag nie daar was nie, 'n man sonder enige moeite in die voorhof kon kom.

Die hek was 'n gewone hout hek, en had geen slot, en was maar omtrent drie voet ses duim hoog. Dit was geen hindernis, solang als die wag nie daar was nie.

Maar die virnaamste ding, en die een wat hulle naar gekijk het, was die private rondawel. Dit was anders als die ander vier, twee aan elke kant van die private een, en die gewone, maar baing grote kaffer hutte was en van steen gebouw. Dit

had, sover hul kon sien geen venster, en net één deur. Dit was 'n gewone plank deur, en 'n gewone drumpel, nog ongeskilder, net soos 'n mens dit in enige winkel, klaar gemaak, in die Transvaal vir 'n pond en 'n paar shillings kan koop. Die slot was die gewone platdeur slot, iets wat hul veel vreugde gegee het, want Hooper kon bijna enige soort slot met 'n stuk draad opemaak, als hij maar tijd had.

Van waar hulle gesit het, kon hulle in die deur, die ope gestaan het, sien, maar al wat hulle kon sien, was 'n tafel, met so te sê niks daarop, 'n stoel, en, teen die muur geleun, twee geweers, 'n paar assegaaie en 'n sware knopkierie, met 'n knop so groot als 'n pompelmoes.

Verder het hulle niks van belang kon sien, maar toe hulle die aand in die halftentje van die wa lê en fluisterend oor die ding gesels, het hulle besluit dat, als hulle net die wag uit die pad uit kon krij, dit die makkelikste ding van die wereld sou wees om in die rondawel te kom. Wat hulle daarin sou krij, was 'n ander ding, en die toeval moes dit wijs.

Vier dae het hulle in die grootste ongeduld, daar op die gewone manier met die kaffers besigheid gedaan, voordat hulle 'n woord van Petrus hoor of voordat hulle hem sien, en, een oggend toe daar min volk in die nabijheid was, kom hij in die tent wat hulle gemaak het en vir winkel gebruik. Collins was agter die toonbank, maar Hooper was weg om naar 'n klomp velle te gaan kijk, wat 'n kaffer wou verhandel. Collins sien hem en kijk om om te sien of hulle alleen was, maar v o o r die deur staan twee meide en 'n jong kaffer en gesels en mekaar die goed wijs wat hulle gekoop het. Hij sê toe net: „Wel, mij jong, wat wil jij hê?"

„Ek wil sout koop, baas", en toe fluister hij haastig: „Ek kom vanaand."

„Hoeveel", vra Colins, en toe, ook 'n gefluister: „Hoe laat?"

„Ses pond, baas", en weer fluisterend: „Elf uur, baas."

„Drie sillings" antwoord Collins, en toe weer: „Waar?"

„Ja, baas, maak maar die pakkie", sê Petrus luid, en toe laat hij soetjies volg: „Bij die wa. Moet nie die tentklap vas maak nie."

En Petrus neem sij pakkie, betaal sij drie sillings, en gaat uit. Met die uitgaan het hij eers, voordat hij loop, 'n beetjie met die twee meide en die jong staan en gesels, en naar hulle inkope staan en kijk, en toe gaat hij weg.

Die twee volk het gewoonlik, nadat hulle die osse besorre het, weggegaan en errens in die stad gaan slaap, sodat die twee witmans in die nag alleen bij die wa was. Collins en Hooper het die nag, lang vóór die bestelde tijd, in die wa gaan lê. Hulle het die lantern dood gemaak en hulle lê daar in die donker en wag.

Hulle wis nie hoe laat dit was nie en hulle wou nie 'n vuurhoutjie trek nie, want hulle was bang dat iemand sou sien, dat hulle wakker was, en uit nuwsgierigheid daar kom!

'n Kaffer is 'n snaakse soort mens en, als een gemerk het, dat die twee witmense nog wakker was, sou hij daar nabij die wa kom sit het om te sien of hulle nie misskien iets sou doen waar hij naar kon kijk, of misskien louter om te sien hoe lang hulle sou wakker blij. Hulle het so lang daar in die donker gelê, dat dit hulle lijk of dit al moes middernag wees, en hulle het begin te denk, dat Petrus nie meer sou kom nie, toe hulle 'n geruis, gemaak deur die agterklap van die tentje, hoor en hulle gewaar, dat iemand in die wa klim.

„Is dit jij, Petrus?" fluister Collins.

„Ja, baas," was die antwoord.

En Hooper en Collins sit regop en met die kaffer dig bij hulle, begin hulle fluisterend te gesels, sodat, ingeval iemand nabij die wa virbij loop, hij nie iets sou kon hoor nie.

„Wel", vra Collins, „wat het jij ons te vertel?" en Petrus gaat aan.

„Ek is nou al twee maande hier baas, maar ek kan nie veel vertel nie. Ek het vir die Koning die twee diamante gegee en hij was banja tevrede."

Dit was 'n leuen, want hij het maar een gegee, die ander het hij, al voordat hij Johannesburg verlaat het, aan 'n Jood verkoop vir 'n kleinigheid.

„Van die tijd af dat ek hier was, was ek vir drie weke weg om te gaan vee oppas, want, soos baas weet, ons moet almal beurt neem als die Koning se veewagters. Maar dit kan ek die base daarom vertel. Die Koning is bijna heeldag in die rondawel waar die daaimans is, maar in die aand is daar nooit iemand in. Omtrent tussen sewe en ag uur gaan die Koning gewoonlik slaap, en hij sluit self die deur van die rondawel toe en neem die sleutel met hem saam."

Oordags is daar nie 'n wag nie, maar van sononder tot 'n beetje na sonop is daar altijd 'n wag in die voorhof."

„Ja, wag 'n beetjie" val Collins hem in die rede. „Weet jij wie die wagte is?"

„Ja, baas. Als hulle beurt kom, dan word die manne twee dae tevore deur een van die Indunas aangesê, en dan kom ses man wat so aangesê is in die aand en hulle slaap in 'n hut net buite die ringmuur en omtrent dertig tree van die hek. Elke twee uur los hulle mekaar af. So lang als 'n man op wag is moet hij in die voorhof blij."

„En watter Induna sê die wag aan?"

„Dis elke week 'n ander. Hulle neem ook beurte vir daardie diens."

„Kan die wag met mense praat wat virbij loop?"

„Nee baas. Hul mag nie praat nie, want hulle mag nie iets doen wat die Koning uit sij slaap kan hou nie."

„Is daar andere wagte in die dorp?"

„Ja baas, maar nie banja nie. En hulle het nie vaste staanplek nie. Hulle loop rond net om te kijk dat daar niks gebeur

soos vee wat uitbreek of so iets. Ek glo daar loop maar twee in die hele stad."

„Dis goed", en na 'n posie stilte sê Collins: „Kijk Petrus, jij moet nou weggaan en dan kom jij weer oormorre aand hier op dieselfde tijd. Dan sal ons jou sê wat onse planne is." En nadat hulle Petrus 'n sopie gegee het, glij hij uit die wa uit en verdwijn in die donker.

Dit was toe al banja laat, en hulle besluit om die volgende dag hulle planne te bespreek. Hulle het ook, gedurende die middel van die dag, toe die volk meeste lê en slaap in die son, soos 'n kaffer se gewoonte in die winter is, 'n endjie uit die stad geloop, en daar, op 'n plek waar hulle ver rond om hulle kon sien, en seker was dat niemand sonder hulle medewete hulle kon hoor, hulle planne gemaak. Hulle was 'n paar uur daar, en nadat hulle klaar was, was dit die plan wat hulle uitgedenk het.

Hulle besluit hulle sou op die derde nag van toen af hulle poging maak. Dit was die tijd donker maan, en die groot ding was, om die wag uit die pad uit te krij. Hooper, wat met sulke werktuige tevore omgegaan het, en die nodige dinge bij hem had, sou agter die rondawels oor die muur klim, en sij kans afwag. Als die wag, wat daar misskien vijftig jaar lank al virbij gegaan het sonder dat daar iemand durf in die koning se woning kom, gedurende die nag, geen suspisie sou hê, sou hij nabij hem kom in die donker, skielik 'n lap, wat in kloroform gedoop is, onder die neus hou, en hem bedwelm. Daarna, als hulle dit net kon reg krij was hul taak verder makkelik. Hulle had 'n bos valse sleutels meegebreng, en hulle sou geen moeilikheid met die deur hê.

Als die kis waar die diamante in was gesluit was, sou hulle dit wel met die valse sleutels of 'n beitel kon opekrij. Die perde sou hulle klaar opgesaal, bij die wa vasmaak, en, als hulle dan hulle saalsakke vol diamante het, sou hulle weer oor die muur klim en weg rij. Misluk die poging, moet hulle, so

goed hulle kan bij die perde kom, en dan elke man vir hemself, perbeer om 'n weg uit die moeilikheid te krij.

Dit was 'n erg waagsame plan, maar hulle kon aan geen ander denk en hulle tijd word kort. Hulle had maar verlof vir tien dae, en die helfte van die tijd was al virbij. Hulle moes iets doen, want hulle was beslote om nie onverrigter sake weg te gaan nie.

Toe hulle bij die wa terug kom, sit daar drie kaffers vir hul en wag om te handel, en een daarvan was — Petrus.

Toe hulle hem sien, wis hulle, dat daar iets biesonders aan die gang moes wees, anders sou hij nie gekom het nie. Hulle het toe eers die ander twee volk weggehelp, en toe hulle eindelik weg was, vra Collins: „Wat mankeer, Petrus?"

„Ek is aangesê om morre aand op wag te gaan, Baas."

Collins en Hooper staan 'n tijdjie naar mekaar te kijk, en toe sê hij „Goed so. Kom dan vannag naar die wa" en sig naar Hooper wendende voeg hij daarbij: „Die geluk het ons nie verlaat nie."

---

## HOOFSTUK XIV.

# IN DIE LEEUW SE GROT.

Collins en Hooper het toe somaar hulle planne gou verander. Dit sou nie nou nodig wees nie om die wag kloroform te gee, maar hulle kon nou, terwijl Petrus wag hou, somaar oor die muur klim en te werk gaan terwijl hulle in plaas van die Koning, 'n wag sou hê om hulle te waarskuw als daar onraad was.

Toe Petrus dus die nag daar aankom en hulls sê dat hij die volgende aand van nege uur tot elf moet wag staan in die hof van die koninklike woning, gee hul hem die volgende instruksies :

Hij sou hem net so gedra als gewoonlik en op sij beurt gaan wag staan, en als hulle dan kom sou hij op sij pos blij, terwijl hulle aan die werk gaan. Als hulle klaar was, dan moet hij met hulle saam agter die rondawels oor die muur klim en naar die wa toe gaan, waar 'n perd vir hem klaar opgesaal sou staan, en hij kon in die loop van die dag naar hulle perde kijk, dat hij kan weet watter een dit is.

Hulle sou dan saam wegrij en als hulle bij die wag onder aan die berg kom, kan Petrus die wag vertel, dat hij gestuur is om een van die geweers te kom haal als 'n persent vir die Koning en dan, als hulle eenmaal die wag virbij is, kan hij met hulle saam wegrij. Als daar iets gebeur moet elke man vir hemself sorre.

Die volgende dag het hulle alles in orde gemaak vir die nag, en verder net gemaak soos die andere dae, en met die

kaffers gehandel alsof daar niks meer dan vrede en eerlikheid in die wereld was.

Petrus het, om hulle te laat sien dat alles in orde was, laat in die middag met sij geweer en kombers bij die wa virbij gestap en naar die waghut toe gegaan.

Om nege uur die nag, was aller stil en donker. Hulle saal die pêrde op en, met die stijgbeugels opgeslaan om nie te raas nie, maak hulle dit aan die wa vas soos hulle afgespreek het.

Toe het hulle die rewolwers en bandoliers uit die negosie kis gehaal en om die lijf geset. En toe, elkeen met sij spesiale saalsakkie in die hand, en Hooper met die slot opemaak gereedskap, gaan hulle virsigtig naar die woonplek van Sekekoen. Toe hulle agter die middel rondawel uitkom, na 'n beetjie geluister te hê om te hoor of alles stil was, klim Hooper, met die rewolwer in die hand, oor die muur, terwijl Collins nog 'n beetjie wag.

Hij gaat voorsigtig om die rondawel en, toe hij die wag sien, sij rewolwer op hem gerig, loop hij naar hem toe. Die wag staan doodstil, en toe Hooper bij hem kom, fluister hij:

„Petrus".

„Ja, baas."

„Goed, blij hier".

En hij gaat terug om Collins te haal. 'n Paar minute daarna kom hul albei weer om die rondawel en, vóór die deur aangekom, gaat Hooper aan die werk met die valse sleutels, en dit was nie te lang nie of die deur staat ope. Net toe Hooper die deur opedruk, gaat daar, net buite die ringmuur, 'n hond aan huil en hulle skrik hulle amper dood. Vir 'n tijdjie het die hond aangehou en toe was alles weer stil. Petrus staan nog al die tijd waar hij gewees het.

Toe daar weer stilte was, gaan hulle in en hulle stoot weer die deur agter hulle toe. 'n Tijdjie het hulle stilgestaan, en hulle gevoelens was nie van die lekkerste nie. Dit was vir hulle onmogelik om te weet wat vir hulle daar in die noue

kamertjie, sonder vensters en net een deur, wat agter hulle toe is wag. Sou daar misskien strikke, groot slagijsters of gestelde geweers daarin wees om die koninklike skatkis te beskerm? 'n Mens kon nie weet nie.

Eindelik trek Collins 'n vuurhoutje en steek 'n stukkie kers wat hij meegebreng het aan. In die al sterker wordende lig sien hulle niks meer dan net die een die ander wat, in die grootste spanning naar vorentoe staan en kijk.

Skielik kijk hulle mekaar aan en hulle lag bijna hardop. Na die spanning van die laaste halfuur was dit belaglik om te sien hoe makkelik hulle taak gewees het, en nóg sou wees.

In die rondawel was geen lewende ding, en geen strikvalle. Die eenvoudigheid waarmee die Koning se rijkdom beskerm was, was bijna belaglik. In die rondawel was net 'n tafel, wat in die middel staan, 'n stuk of wat stoele, 'n klerekas en 'n wastafel.

Links teen die muur staan die twee geweers, die assegaaië en die knopkierie wat hulle al gesien het. En daar, regs teen die muur staan die kis wat van swarte hout, met ijster beslag en van 'n grote hangslot voorsien was. Dit was belaglik om te denk, dat na die onkoste en moeite wat hulle gehad het om die diamante te krij, daar niks tussen hulle en hulle doel was dan 'n gewone hangslot wat enige man, wat iets van slotte afweet met 'n haarnaald kan ope maak.

Collins blaas weer die kers uit en Hooper, op sij knieë voor die kis, gaat aan werk met sij gereedskap. So stil het hij gewerk dat Collins, die inmiddels weer bij die deur gaan staan het om te luister of alles buite stil is, net nou en dan 'n dowwe geklink hoor.

Omtrent tien minute het dit geduur en toe hoor Collins die kis opegaan. Hij steek toe weer die kers op en gaan kijk.

Dit was vir hem, kenner en liefhebber van diamante als hij was, die pragtigste gesig wat hij nog ooit gesien het. Die kis was tot bijna aan die rante, vol van diamante, groot en

klein, en daar was, sover hij kon sien, nie één slegte bij nie. Die kaffers was gewoon die beste te hou vir die Koning, en die gevolg was 'n skat van onbeskrijfbare waarde.

Dit is moeilik om te skat wat dit wêrd was, maar dit was kolossaal.

Elke handvol wat hulle in die saalsak gooi moet minstens 'n halwe honderdduisend pond wêrd gewees hê. Dit was of hulle hulle hande was in helder, kristalklare water waar die maan op skijn en elke druppel waarvan 'n verskillende tint van skijnsel afgee.

Ek glo nie, dat ergens in die wêreld, of ter enige tijd sinds die wereld se bestaan, daar so'n skat in een skatkis versamel was. Hooper en Collins was verstom, verbluf en masjinaal begin hulle die een saalsak vol te maak.

Als hulle die twee sakke vol gekrij het, sou hulle nog nie die kis half leeg hê nie, en in elk sak sou meer dan 'n miljoen pond aan waarde wees. Kon hulle maar net weg kom daarmee!

Dit was die moeite wêrd om veel te waag daarvoor, en, in hulle gedagte sien hulle vir hulself al, in 'n verre land waar hulle onbekend als miljoenairs woon.

Maar hulle het één fout gemaak. Dit is wonderlik hoe 'n groot ding, wat anders sou geluk, deur een enkele foutje of een dingetjie wat vergeet is, skipbreuk lij.

Ganse oorloge, grote ekspedisies, is al verkeerd gegaan, omdat iemand nie aan iets gedenk het nie of omdat iets, weëns sij nietigheid veronagsaam werd.

Hulle het, toe hulle die verskrikkelike rijkdom in bereik van hulle hande sien, alles vergeet behalwe die rijkdom self en, alhoewel hulle besluit het om die saalsakke in die donker vol te gooi, het Collins, in sij verbasing, die kers op die tafel neergeset en vergeet om dit uit te blaas.

Wat die rede is, sal geen mens ooit weet, en misskien kan die Koning dit self nie verklaar nie, maar, of hij nie kon slaap nie en maar 'n beetje fris lug wou hê, en of hij een

soort van waarskuwing deur gedagte-telegrafie gekrij het, is onmogelik om te weet.

Maar die feit is daar dat hij uit sij hut kom en voor die deur gaan staan. Dit kan wees als die lig nie in die rondawel was nie, dat hij niks sou gemerk het, maar hij was geen halwe minuut daar of sij oog val op 'n dun lijn lig wat tussen die deur en die kosijn deurskijn.

Hij roep iets uit in kaffertaal wat Collins en sij maat nie kon verstaan nie, maar dit was vir hulle genoeg. Hulle wis nou dat dit 'n kwessie was van lewe en dood, te meer daar hulle hoor, dat Petrus, wat net „Pasop, baas" geroep het, agter die rondawel om hardloop, en oor die muur spring. Collins, wat naaste aan die deur was, roep net :—„Kom, gou nou!"

Hij grijp die volle sak en vlieg die deur uit, is in 'n oogwenk om die rondawel, oor die muur, en hij hardloop vir lewe en dood naar die perde toe.

Hooper was minder gelukkig. Met 'n vloek laat hij alles val wat hij het, behalwe sij rewolwer, en spring weg om ook die deur uit te vlieg. Maar, soos ik julle vertel het, hij was 'n biesondere lange man, ses voet ses, en die deur van die rondawel was laag, sodat hij, toe hij uitkom, het moet laag buk om nie sij kop te stamp nie.

Dit het hij vergeet en, toen hij die deur wil uitspring, loop hij met sij voorkop teen die boonste balk van die kosijn met sulk 'n geweld, dat die hele rondawel daarvan dreun en hij terug en bewusteloos op die grond neerslaan.

'n Oogwenk daarna staan Sekekoen, nakend, soos 'n kaffer altijd slaap, in die deur, en dit was 'n wonderlike gesig wat hij voor hem sien. Toe die Koning die lig merk en om hulp roep was Hooper net besig om 'n dubbele handvol diamante in die sak, wat nou nog langs die kis lê te gooi en, in sij haas om sij rewolwer te grijp, het hij die hele lot somaar gelos en, daar 'n diamant ver val en ver rol, lê hulle nou die hele

vloer vol. Hul lijk op die blou-grou klei vloer van die rondawel alsof die vloer vol sterre sit en uit elke hoek van die rondawel skitter dit in die kerslig nes die sterre in 'n heldere nag.

En toe kom weer die bewijs, dat beskaafdheid geslagte en geslagte oud moet wees voordat dit werkelik beskaafdheid genoem kan word.

Om 'n kaffer beskaafdheid te leer, is maar om 'n dunne mantel oor hem te gooi om sij oorspronkelike natuur te dek, want dit is al wat die beskaafdheid in een geslag vir hem kan doen.

Die tijd kom altijd wanneer een of ander hewige gevoel, voornamelik woede, die mantel van beskawing van hem afskud en hij kom weer te voorskijn soos die natuur hem gemaak het, 'n wilde, wrede barbaar.

Die Koning het 'n paar sekondes naar die skouwspel staan en kijk en naar die lang, maër man wat daar bij sij voete lê, en toe, met 'n vreselike skree van woede, grijp hij die groot knopkierie in albei sij hande, swaai dit 'n paar maal rond, en breng dit toe met sulk geweld op Hooper se kop neer, dat die skedel kraak en die harsings verpletter.

Die Koning spring toe uit, luister 'n bietjie, en toe hij die dowwe geklop van twee galopperende perde hoor, roep hij orders uit so luid als hij kan, en in 'n paar minute tijd was die hele stad in rep en roer.

Binne 'n halfuur was daar bodes wat te voet hardloop, maar vlug was als 'n perd op weg om die brandwagte te waarskuw, maar dit was net die halfuur wat Collins nodig had om uit te kom.

Toe hij bij die wa kom en sij perd los ruk, was Pertus al in die saal. Petrus roep net: „Rij agter mij aan, baas, ek ken die pad goed" en hij trek op 'n galop weg. Collins het hem nie aan Hooper gesteur nie. Hulle akkoord was, elke man vir hemself, en elke oomblik wat hij versuim kan sij

lewe kos. Met die sak diamante nog in sij hande spring hij in die saal, vlieg om en ja agter Petrus aan.

Min mense in Suid Afrika het nog ooit so'n rit gerij. Deur die stad, oor die mijl gelijke grond naar die punt waar die pad begin berg-af te gaan, en dan die steile, ruwe pad, berg af.

Tot bij die laaste punt het dit op 'n harde galop gegaan en in die donker het hulle elke sekonde die gevaar geloop, dat die pêrd, in sij malle vaart teen 'n boom sou bons of oor 'n klip struikel.

Vandaar kon hulle nie meer op 'n galop rij nie, want die bergpad was te steil, maar op 'n draf moes dit tog gaan, anders sou die kaffers, wat die koning natuurlik agter hulle aanstuur, hulle vang of na genoeg kom om die brandwag te waarskuw.

Maar tog was die end van die pad gevaarliker dan die vorige. Daar was altijd die gevaar, dat die perd op een van die los klippe sou glij en dan, daar die pad nou was, sou die ruiter, of sij nek breek, of hij sou oor die rand van die pad in 'n afgrond instort.

Nietteenstaande die gevaar, het Collins sij positiewe goed bijmekaar gehou, en onder die rij het hij begin planne te maak. Hij sou, terwijl Hooper hulle pas in sij besit het, die wag een of ander storie moet vertel.

Hij sou dit maar moet probeer, en als dit nie geluk nie, sou hij sij pad moet deurbaklei. Hij had net sij rewolwer in die lijfband, want Petrus het, toe hij op sij perd spring, sij geweer laat val, en hij dag dat die oponthoud om dit weer op te tel, te gevaarlik sou wees en te veel tijd sou mors.

Hij sou die wag vertel, dat hij vooruit moet rij om bij Elandsvlakte, die eerste waterplek als 'n mens eers die wag virbij is, te gaan twee osse koop in plaas van twee van hulle wat hulle die dag verkoop het, en dat hij vannag moet deurrij om die osse weer morre vroeg so teen tien uur, als die wa kom, hier klaar te hê.

Petrus was gestuur om hem die pad te wijs, en Petrus moes die wag dieselfde ding vertel. Hij sou hulle om meer vertroue te verwek, vertel, dat hulle maar die geweers daar moet hou totdat die wa kom, want hij kon sij roers tog nie in die nag gebruik nie, en buitendien, die patrone het bij die wa agtergeblij.

Dit het hem bijgeval dat als die wag hem met die storie deurlaat, en Hooper kom net daarna daar aan met 'n ander storie, sou dit sleg met hem afloop, maar hij het goed geluister en niks agter hem op die pad gehoor, en hij het tot die konklusie gekom, dat of Hooper het 'n ander pad gerij of die kaffers het hem gevang. En buitendien, dit was elke man nou vir hemself.

Omtrent 'n mijl van die pos van die brandwag roep hij Petrus om stil te hou. Hij vertel hem toe sij plan, terwijl hij die saalsak behoorlik aan die saal vasmaak en dat dit hem nie sal belemmer nie ingeval daar gevaar kom, en toe rij hulle op 'n stap aan.

Alhoewel dit 'n kosbare tijd sou kos moes hulle op 'n stap rij, want als hulle bij die brandwag op 'n draf aankom, en dit in die middel van die nag op 'n uiters slegte pad, sou dit agterdog verwek. En so, 'n tien minute daarna kom hulle bij die wag, wat hulle stop.

Daar dit 'n gewone ding was dat mense, en dit te perd, hier in die middel van die nag virbij kom, het die wag al die kaffers wakker gemaak en toe Collins stil hou, staan daar 'n stuk of ses van hulle om die twee reisigers, almal met geweers gewapen.

En hier, net op die kritieke oomblik word weer sij planne verijdel deur iets waar hij nooit aan gedenk het nie, en dit is die sogenaamde bos-telegraaf. Iedereen weet hoe dat die kaffers, van bergtop tot bergtop, oor dal en vallei, op lang afstande met mekaar kan gesels. Mijle ver waar 'n witman net die dofste geklank kan hoor, kan die kaffer wat naar die

eentonige langsame gesang luister, die woorde onderskei en verstaan. En van die vermoge het die kaffers die aand gebruik gemaak.

Collins, wat veiligheidshalwe op sij perd blij sit, wou net begin sij storie te vertel, toe hoor hij, ver agter hem en hoog in die berg die lang uitgestrekte tone van 'n kafferstem. Hij wis dadelik wat dit was.

Nog voor dat die stem geëindig was, sien hij aan die gesigte van die kaffers, dat hulle begin te begrijp, dat daar iets verkeerd was, en, op sij gewone vlugge manier, terwijl sij hand naar sij rewolwer vlieg, en toe die kafferkapitein van die wag sij hand uitsteek naar die toom van Collins se pêrd, het hij al besluit wat om te doen.

## HOOFSTUK XV.

# DIE VLUG.

„Rij, Petrus", skree Collins, terwijl hij die spore skielik in sij perd se blaaie druk. Die perd, verskrik van die skielike pijn, spring vorentoe, terwijl Collins die spore nog dieper druk. Die kapitein van die wag, 'n grote, sterke, kaffer, en rats op sij voete, het die teuël in die hande gekrij en vas gehou, terwijl hij in kaffertaal 'n order skree. Die perd het hem bijna van sij voete geruk maar hij was te rats en hij blij hardloop langs die perd. Toe Collins sien dat hij die kaffer nie kon afskud nie, blits die rewolwer uit, een, twee skote en die grote kaffer sak weg langs hem, die harde, sterke hand laat die teuëls los en slaat die liggaam geweldig teen die aarde neer. Collins was vrij.

Maar onmiddellik daarop breek vijf of ses gewere in 'n sarsie agter hem los. Hij voel 'n geweldige skok in sij skouer en daarop volg 'n brandende pijn. Hij voel sij perd ook steiger en wis dat die ook geraak was, maar hij druk weer die spore in. Hij moet wegkom solang als die perd kan hou. Hij rij nou somaar die bosse in, sodat die kaffers, omdat hulle geen spoor sou kan vinde in die donker, hem nie kan volg nie, tenminste, nie tot die ander dag nie. En al die tijd hoor hij agter hem 'n perd galop, wat hij weet moet die van Petrus wees.

Toe Petrus die stem bo in die berg hoor, het hij, beter dan Collins, geweet dat dit nou 'n kwessie van lewe en dood was, want hij kon verstaan wat die stem sê en hij was dus klaar.

Toe Collins wegspring volg hij sij voorbeeld sonder versuim, en hij jaag agter sij baas aan. Maar hij was agter, en, toe die skote val, krij hij 'n koël bo tussen sij blaaie deur en hij val uit die saal en lê dood op die pad, nie ver van die kaffer kapitein af nie. Sij perd, deur die skrik gejaag, gaat maar op 'n harde galop aan, en soos 'n dier in sulke gevalle maak, volg hij maar die dier wat voor hem loop.

Omtrent 'n mijl het Collins geja, altijd met die ander perd agter hem, toen hij sij perd voel steiger en na 'n paar minute gaan hij staan. Collins klim af en kijk rond vir die ander perd en eindelik krij hij hem, maar daar was niemand in die saal. Hij het nie een oomblik verder gedenk wat van Petrus geword het nie, maar nadat hij haastig die ander perd so goed hij kon in die donker ondersoek en uitgevinde het dat die perd, hoewel erg moeg, nie gekwes was nie, het hij in allerhaas die saalsak met die diamante op die ander saal vasgemaak en weer in die saal geklim. Alhoewel sij wond hem vreeslik het begin te pijnig, kon hij nog die arm lig, en hij het hoewel 'n beetjie moeilik tog in die saal gekom.

Hij het toe verder gerij, maar die pijn begin onuithoudbaar te word. Hij wis egter dat hij verder moes gaan, want, nog so nabij die wag kon hulle met 'n ongeluk op hem afkom. Hij het nog 'n uur verder gegaan en toe hou hij stil en klim af.

Die perd was moeg en hij moes hom eers laat rus, want als die dag breek, moet hij veel verder wees, en dit hang van die perd af.

Sij wond ook begin hem nou moeite te gee en hij moes eers doen wat hij kon om dit te verpleeg.

Nou, na die wond koud geworde het, was sij arm en die boonste gedeelte van sij linker sij heelemaal lam, en terwijl hij die saal met sij swaar pak nie met een hand kon lig nie, het hij nie afgesaal nie. Hij was ook bang dat, als hij die toom afneem, hij hem nie weer met één hand kon aankrij nie.

Hij het toe maar die perd aan 'n boom vasgemaak en so

laat staan. Honger kon hij tog nie wees nie, want hulle had hulle 'n goeie voer gegee toen hulle die perde die aand aan die wâ vasgemaak het.

Daarna het hij, met die grootste moeite van die wereld en met 'n kwellende pijn sij baatjie uitgetrek. Die pijn was baing erg geworde en laat hij die hemp maar aan sij lijf blij.

Maar hij het met sij knipmes 'n skeur oor die wond gesnij, en toe kon hij met die regterhand die wond voel. Dit was 'n tamelike groot gat en die koël het nie vooruit gekom nie.

Dit moet, dag hij, 'n martini-henri koël wees, en die wond sit net onder aan die skouerskenkel.

Deur dat hij nog goed kon asem haal, wis hij dat die koël nie die long kon geraak het nie, maar dit het, vir so'n groot wond, betrekkelik min gebloei, wat 'n slegte teken was.

Die bloed moet naar binne geloop het, en hij weet dat als hij nie gou hulp krij nie sou hij dit nie lang kon uithou nie.

Hij kon niks aan die wond doen. Dit was agter sij rug en hij kon nie sien om daarmee te werk nie en kon nie met gemak met sij regterhand daarbij kom nie Al wat hij kon doen was om 'n beetjie te rus, en ook sij perd die geleentheid daartoe gee.

Hij begin swak te voel, en sou liewer gaan lê het, maar hij durf nie. Hij moet aanrij, want in die oggend sal die kaffers sij spoor vat en, als hij nie roer nie, sal dit nie lang wees nie voordat hulle hem krij.

Hij begin te voel dat die grappie nie die kers wêrd was nie, en als hij met beskaafde mense te doen had, sou hij daar geblij het en maar blij gewees het als hulle hem krij.

Maar hij weet, dat die kaffers, als hulle hem krij, gewond of nie gewond nie en met of sonder diamante sonder verdere seremonie van kant sou maak.

Sij lewe is daarom vir hom nog meer wêrd dan alle rijkdom wat hij in sij saalsak dra, al was dit ook 'n enorme skat.

Omtrent 'n uur en 'n half het hij daar gerus en toe wil hij

weer opklim om te rij. Maar soals hij verwag het was dit onmoontlik om in die saal te kom. Hij was so stijf en afgemat van die bloedverlies dat hij nog skaars kon loop. Hij voel in die rond en, van 'n walletjie af terwijl die hondmakke perd in die laagtetjie staan kon hij sig weer in die saal beur.

Hij het 'n tijd lang op 'n draffie gerij, maar dit had te veel pijn veroorsaak, en om nie uit die saal te geraak nie moes hij die perd op 'n stap trek.

Toe die dag breek, reken hij dat hij sowat vijftien mijl van die voet van die berg af moes wees, en, als die kaffers sij spoor vat, sou hulle terwijl hij maar op 'n stap kan rij, hem gou vang.

Maar toe krij hij 'n geluk.

Daar kom 'n sterke weste wind op, die vir sowat 'n uur gewaai het. Hij het in die donker oor 'n stuk grond van omtrent vier mijl breed gerij wat sagte sand was, en die wind het die spoor doodgewaai.

So het die kaffers sij spoor al vroeg in die dag verlies, en nie weer gekrij nie tot laat in die middag, en toe was dit te laat.

Omtrent tien uur klim hij weer af en het weer die perd aan 'n boom vasgemaak en het toe gaan sit en rus.

Hier het hij omtrent 'n uur en 'n half moet blij want sij wond skijn hem die end te voorspel en die perd was baja moeg.

Dit was nog 'n drie uur te perd naar die naaste water waarvan hij weet, en hij reken om nog halfpad daarheen vir 'n halfuur af te saal.

Maar toe hij eindelik weer wil rij, was hij so afgemat en swak dat hij bijna 'n halfuur moes sukkel voordat hij weer in die saal kon kom.

Eindelik met die hulp van 'n miershoop, geluk dit hem om nogmaals in die saal te kom. Maar die moeite en pijn die hij daarmee had, was 'n waarskuwing dat hij nie weer in die

saal sou kom nie en dat hij, voordat hij bij die water kom, nie weer moes afklim nie.

Hij weet nou dat hij bij menselik hulp moet kom, anders is dit klaar met hem.

Hij sou, dag hij, wel 'n plan krij om die diamante ergens te verberg voordat Sekekoen se kaffers daar kom, en hulle sou nie waag nie om hem dood te maak waar daar vreemde volk bij was.

Hij het toe aangerij op 'n stap, want die perd was bijna gedaan en die pijn raak hem nou baas. Die son brand op sij rug en die wond brand soos vuur.

En nou en dan moet hij met sij regterhand die vlieë en muggies van die wond wegjaag. Die skeur wat hij in sij hemp gesnij het, het wijer geskeur, en sij rug was ope en aan die genade van sonnestrale en insekte oorgelaat. Die drie uur te perd wat hij nog moes afrij, was vir hem of dit drie honderd uur was, en naderhand, nouweliks bij magte om nog in die saal te sit, wis hij bijna nie waarheen hij rij nie.

Eindelik begin die wereld vir hem te draai en hij val vooroor en klou aan die perd se nek vas. Dit was ook nie te lang nie, of hij was heeltemaal bewusteloos.

Die wonder was net, dat hij so lang kon uithou. Die perd het maar aangeloop, en, soos 'n perd se gewoonte in 'n droë land, het hij eindelik bij die water uitgekom en was Frits die eerste man wat hem daar ontmoet het.

Frits het Collins toe ondersoek om te kijk wat hij mankeer. Die hemp het hij van sij lijf los gesnij en toe krij hij die wond. Dit was in 'n akelige toestand en was, rondom die koëlgat in 'n sirkel van 'n paar duim, pikswart geword en verdikte bloed kleef om die rand. Frits wis niks van die snijkunde af, maar dit was makkelik genoeg om te sien, dat die vlees om die wond al dood was, en hij wis ook, dat dooie vlees in so'n plek maar één gevolg kon hê.

En hij kon niks daaraan doen. In die skotel, waar Jonas

die mielies in gebreng het, het hij gaan water haal en toe met die stukke van die geskeurde hemp, het hij, so goed hij kon, die wond gewas, maar verder was hij radeloos.

Hij het toe Jonas naar die kraal gestuur om 'n paar ander kaffers te gaan haal om Collins naar 'n hut te dra, waar hulle hem tenminste onderdak kon breng. Terwijl Jonas weg was, bedenk hij sig, dat hij misskien in Collins se saalsak iets kon krij wat hem kon help, mogelik een of ander huismiddeltje. Hij stap toe naar Collins se perd en gespe die een saalsak ope en steek sij hand daar in en voel, maar al wat hij voel is gladderige klippe.

Verwonder haal hij 'n klein handjie vol uit en kijk daarna. Dit was diamante, reggenoeg.

Frits kon bijna nie sij oë glo nie en hij staan vir 'n tijd als verstomd daarna te kijk.

Toe trek hij die mond van die saalsak ope en kijk daarin en hij sien voor hem meer rijkdom in die een sak dan waarvan hij nog ooit gedroom het.

Als in 'n droom loop hij naar die anderkant van die perd en gespe die ander sak los en kijk daar ook in. Hier was dieselfde ding.

Wat, dag hij, was nou met die wereld verkeerd? Hier, in die dorre, onvrugbare bosveld kom 'n man halfdood aangerij en so te sê in sij sak het hij rijkdom genoeg om 'n stuk van Transvaal daarmee te koop. Hoe kom Collins daaraan, en wat maak hij hier, en dan nogal bijna dood van 'n wond in sij rug.

Hier was seker iets wonderliks aan die gang, en Collins moet, so dag Frits, 'n vreeslike I.D.B. handel gedrijwe het om soveel diamante te hê.

Frits dag eers dit was nagemaakt diamante, maar nadat hij hulle weer goed bekijk het—en hij ken 'n diamant als hij hem sien—kon hij nie twijfel nie of dit was nie alleen egte

diamante nie, maar diamante van die eerste water, en dit nogal uitgesogte juwele.

Soveel diamante so'n onskatbare rijkdom het 'n man in die sondige wêreld nog nooit eerlik bijmekaar gemaak nie, en daar val Frits iets te binne.

Dit was 'n gevaarlike besitting, en sonder verder vorm van proses, gespe hij weer die twee sakke toe, maak dit van die saal los en loop daarmee naar die watergat toe. 'n Oomblik het hij daar gestaan, die sakke in sij hande wegende en toe gooi hij dit in die middel van die watergat. Vir 'n tijdjie, skaars so lang als daar nog rimpels op die water is, borrel die lug nog bo uit, en toe was alles stil, en 'n skat, soos min mense nog nooit van gedroom het, lê daar verborre van die wêreld, gedek deur niks meer dan omtrent tien voet van modderige, koffiekleurige water, waar dit so veilig was alsof dit in die brandkas van die Standaard Bank ter bewaring was geplaas.

Frits saal toe Collins se perd af en laat hem loop, en kort daarna kom Jonas met drie andere kaffers wat 'n soort van 'n katel dra, waarop hulle toe die bewustelose man plaas en hem wegneem. Teen die tijd was dit al bijna donker en al wat hulle vir hem kon doen was, om hem weer 'n slaggie te was, sij klere af te snij, en hem dan in 'n hut te dra en daar met 'n veldkaros sorgvuldig toe te maak. Behalwe vir 'n minuut of so, waarin hij water vra en gretig drink, en dan weer so te sê bewusteloos neersak, het Collins nie weer bijgekom nie.

Toe eers kon Frits aan andere dinge denk. Hij vind toe uit, dat die plek waar sij wa staan, maar omtrent vier uur te perd daarvandaan was, in 'n suid-westelike rigting.

Hij huur een van die jong kaffers om daarheen te gaan om die mijnbestuurder te sê waar hij is, wat gebeur het, en om die wa te laat kom, want hij dag dat als hij Collins onmiddellik kon vervoer naar die mijn, en 'n kaffer vooruit stuur naar Middelburg met 'n boodskap om 'n dokter per motorkar

te bekom, dat daar misskien nog 'n kans sou wees om die man te red.

Hij wou die kaffer een van die perde gee, maar hij wou hem nie hê nie. Hij sê, die perde is moeg en hij kon te voet gouer in die nag deur die bos trek, dan te perd en dit nogal met 'n perd wat half flou is.

Hij neem aan om twaalf uur al daar te wees, en dan als die wa dadelik inspan kan die mijnbestuurder kort na sonop daar wees. Hij is toe op weg gegaan, en, nadat Frits ge-eet het, was alles in die kraal stil.

Frits kon nie slaap nie en het in die hut waar Collins lê, gaan sit en waak, alhoewel hij nou juis ook nie 'n engel was nie. En tog, sij edel hart had hem gesê, dat geen mens selfs sij enigste en grootste vijand hier tussen die onbeskaafde kaffers hulpeloos en bijna sterwende kon agtergelaat worde en mogelik had hij ook gedenk dat aan die kole vuurs wat op die hoof van die vijand moes gehoop worde. Hij sou louter uit medelijke vir hem doen wat hij kon, al was dit nie veel nie.

Sij gedagte was natuurlik meeste van die tijd besig met die diamante. Hoe Collins daaraan gekom het, gaat hem nie aan nie, hoe nuwsgierig hij ook al was om dit te weet, maar wat hem wel aangaan was, wat hij met die goed moet doen.

Jonas het gelukkig, daar hij te veel met die gebeurtenis self ingenome was, nie opgelet nie, dat daar sakke aan die saal gewees het, en hij het hulle nie gemis nie toe hij weer kom, en die saals en tooms naar die kraal gebreng het.

Daar was dus niemand meer dan Frits wat weet waar die juwele is, en Frits besluit om dit geheim te hou totdat Collins beter word en self daarvoor verantwoordelik is, of, als hij nie weer gesond worde nie, totdat hij verder dit alles kon uitdenk.

Intussen moet die ongeloofbare rijkdom blij waar dit is, rijkdom genoeg om twintig mense rijk te maak en om 'n koningskroon te koop. Maar ook genoeg om, onder sekere omstandighede, 'n man vir die res van sij lewe naar die breekwater te stuur. Nee, bepaald, dit was veel beter om dit vireers te laat lê waar dit was.

---

## HOOFSTUK XVI.

# COLLINS EN FRITS.

Frits het lang daar in die hut gesit en oor dinge nagedenk en het bijna al in die slaap geraak, toe hij 'n geluid van die kant waar Collins lê hoor, nes soos iemand wat perbeer om uit 'n bed op te staan.

Hij neem die lantern en gaat naar die bed toe, en daar vind hij dat Collins weer wakker is en dat hij probeer om te sit. Hij was egter te swak, en, net toe Frits bij hem kom, sak hij weer op die bed neer en roep net in 'n nouweliks hoorbare stem: „water".

Frits het toe 'n beker water gaan haal en, solang hij Collins oorend hou met die beker aan sij lippe, sit Collins hem met groot oë te kijk alsof hij 'n spook was. Lang en gierig het hij aan die water gedrink en toe laat Frits hem weer op die katel neersak. Eindelik sê hij met 'n half fluisterende stem:

„Is dit jij, Kok?"

„Ja", antwoord Frits, „dis ek."

„En wat maak jij hier?"

„Ek is hier op 'n jagpartij. Ek moet liewer vir jou vra wat jij hier maak?"

„Ek is hier vir besigheid," sê hij, en, na 'n posie herinner hij sig iets en, terwijl hij perbeer om weer te sit, sê hij verder: „Waar's mij perd?"

„Jou perd is hier", sê Frits, „en jou saal en toom ook."

„En die saalsak?" vra Collins, en hij kijk Frits ernstig aan.

„Die saalsakke het ek geberre", sê Frits. „Jij moet jou nou nie daarom bekommer nie. Als jij beter is sal ek jou wijs waar dit is. Nou moet jij stil lê, want dit is nie goed vir jou nie om te veel te praat. Ek het 'n wâ laat haal, en die sal morre vroeg hier wees, dan kan ons jou naar die dokter toe laat neem. Lê nou maar stil en rus."

Collins blij toe stil en lê vir Frits nog aandagtig te kijk, maar na 'n tijd gaan sij oë toe, en Frits dag hij was weer aan die slaap. Hij gaat toe weer naar sij stoel terug, maar hij het skaars gaan sit, toe hoor hij:

„Kok".

Frits loop naar Collins terug en vra: „Ja, wat is dit?"

„Weet jij wat in die saalsakke is?"

„Ja", sê Frits, „ek weet dit."

„En sal jij dit werkelik weer vir mij teruggee?"

„Ja, natuurlik."

„H'm", sê Collins. „Ja, ek glo jij is eerlik genoeg, en dom genoeg ook om dit te doen."

„Wat jij nou glo", antwoord Frits, „maak nou minder saak, maar jij moet nou stil lê, en nie meer praat nie. Dit kan jou kwaad doen."

„O!" hervat Collins, „dit maak nie saak nie. Mij tijd is gekom. Of ek praat of nie, sal nie verskil maak nie. Die wereld gaan mij nou ook uitskuif in die duisternis."

„Nonsens", sê Frits. „Als ons jou bij die dokter krij, is jij netnou weer perdfris."

„Dit kan wees", antwoord Collins, „maar julle sal mij nooit bij die dokter krij. Ek voel dit dat ek klaar is. Het ek 'n beetjie vroeër gekom, kon jij mij nog gehelp het, maar nou is dit te laat. 'n Mens mag baja foute maak, maar met die dood maak jij nie fout nie."

Frits, wat in sij hart wis dat Collins reg was, kon niks sê en vir 'n tijd was daar stilte in die hut. Eindelik praat Collins weer.

„Kok", sê hij.

„Ja."

„Ek het jou banja kwaad gedaan."

„Ja, ek weet", sê Frits.

„Wel", sê Collins, „ek kan nie sê nie dat ek daarvan spijt het, jij het mij besigheid op die delwerij bederwe en ek het jou daarvoor iets geskuld. Jij het ook tussen mij en Maria gekom. Ek sou alles gewaag het om jou daar weg te hou."

Frits had daarop niks te sê en was daar 'n rukkie stilte.

„Kijk hier, els ek leef, sal ek jou nog meer kwaad doen als ek kan, maar ek vrees dis met mij klaar."......

„Wat het jij met die diamante gedaan?"

„Ek het hulle weggesteek."

„Weet die volk waar dit is?"

„Nee", antwoord Frits, „ek is die enigste wat dit weet."

Vir 'n tijd lang was daar weer stilte, en toe kon Frits dit nie laat nie om te vra:

„Maar man, waar kom jij aan al die diamante?"

Collins kijk hem met 'n glimlag aan en sê toe:—„Wel, ek verwonder mij nie dat jij dit wil weet. Omdat dit nou klaar is met mij, en dit mij nie meer kan kwaad doen nie, sal ek jou vertel."

En langsaam, en met moeite het hij Frits die hele geskiedenis vertel. Frits was daaroor so verwonderd, dat hij daarna stil het sit en luister, en skoon vergeet het, dat hij Collins gesê het om nie te praat nie.

Teen die end van sij verhaal sê hij: „En nou is al die moeite virniet. Ek het oor die algemeen 'n wonderlike lewe gelei, maar dis nou op 'n end. Maar denk net hoe lekker dit vir mij sou gewees hê als ek geslaag het. Mij lewe lang het ek in armoede gesukkel en ek het die hoop gehad om eenmaal mij nie meer nie oor geld te bekommer. Ja en so is dit nou, maar nie soos 'n sondaar soos ek verwag of gewens het nie."

„En wat", vra Frits, „moet van al die diamante word?"

„Ek weet nie", antwoord Collins. „Ek het geen familie, anders sou ek jou vra om dit vir hulle te gee, dit wil sê, als jij mij nog die diens wou doen. Maar nou weet ek nie. Ek sal daaroor moet denk."

Weer was daar stilte, en toe vra Collins water, wat Frits hem toe gee. Daarna sê hij dat hij wil slaap, en Frits, na hij hem so gemakkelik gemaak het als hij kon, laat hem toe alleen en hij gaat self lê. Hij was nog moeg van sij rit en deur dat hij die ganse nag wakker gesit het, was hij ook vaak, en dit was nie te lang nie of hij raak aan slaap.

Dit was al dagbreek toe hij wakker word, en hij staat op om naar Collins te gaan kijk. Hij staan nog vóór die katel naar hem te kijk en dit lijk vir hem of Collins slaap. Maar, terwijl hij nog daar staan, gaat die deur van die hut ope en Jonas kom in. Hij kom langs Frits bij die katel staan, en na hij 'n tijdjie naar Collins het staan en kijk, sê hij:—

„Ja baas, die Dolos hij lieg nie."

En dit was waar, want Collins was dood. Soos hij sê: „Die wereld het hem in die duisternis ingeskuif."

Frits het toe die lijk bedek met 'n kombers en hij gaat uit die hut uit.

Hij het nog nie verder met Jonas gepraat nie, en was dus verwonder, toe hij buite kom om te sien dat daar omtrent dertig kaffers, almal gewapend in 'n halfmaan om die deur van die hut sit.

Dit was of hulle daar wag hou of afwag wat uit die hut sou kom.

Frits verstaan toe dadelik wat dit was. Dit was die kaffers van Sekekoen, wat hij uitgestuur het om Collins en die diamante te soek, en hulle het op sij spoor gesnij tot bij die kraal.

Toe Frits uit die hut uitkom, staan hulle almal op en groet hem.

Frits groet hulle ook en vra toe: „Wie is julle en wat wil julle hê?"

Een van die oudste van die kaffers, wat blijkbaar 'n Induna was, staan toe vorentoe, en sê: „Baas, ons wil die baas sien wat gister hier gekom het."

„Watter een?" vra Frits. „Ek het ook gister hier gekom."

„Nee, baas", sê hij, „nie jij nie. Die ander baas."

Hulle het natuurlik van Jonas gehoor wie of wie was.

„So", sê Frits. „Baas Collins, nê?"

„Ja, baas."

„Wel", antwoord Frits, terwijl hij naar die kaffers kijk, „julle kan hem sien als julle wil, maar hij is dood."

„Au!" sê die kaffers en hulle staan 'n tijd naar mekaar te kijk. Eindelik vra die Induna weer: „Kan ons die lijk sien, baas."

„Ja", sê Frits, „gaat maar in."

En die Induna met twee andere kaffers gaan in die hut.

Frits het buite geblij, en het toe gaan sit en eet van kos wat Jonas hem gebring het. Die kaffers was omtrent 'n halfuur in die hut, maar Frits het sig nie daar aan gesteur nie, want hij dag dit heel waarskijnlik, dat hulle die diamante soek. Hij was tevrede om hulle maar te laat begaan, want hoe meer of hulle soek, hoe meer bewijs dit dat hulle geen idee had waar die diamante werkelik was en dit sou hem help met 'n plan wat hij al gemaak had.

Frits het, terwijl hij sit en eet, oor die diamante gedenk. Hij wou niks met die diamante self te doen hê want die kaffers sou, daar hij bij Collins was, op hem let en dit sou vir hem onmoontlik wees om die goed weg te krij en al krij hij hulle weg, sou dit te gevaarlik wees.

Hij wou wel graag rijk wees, maar hij was nie bereid nie om 'n paar jaar van sij lewe op die breekwater te waag.

Maar tog, daar was geen rede, waarom die hele geskiedenis nie tot sij nut sou strek nie. Die diamante het Sekekoen niks

gekos, en hij kon gerus iets betaal om hulle weer terug te krij.

Buitendien, behalwe die verskrikkelike skat wat die diamante wêrd was, was hij 'n rijk kaffer, en had duisende stuks beeste en 'n massa skape en perde.

Hij redeneer so: Sekekoen het iets van waarde verloor en sou 'n beloning moet betaal om dit terug te krij en hij, Frits, was die enigste persoon wat wis waar dit was, en hij moet natuurlik die beloning krij. Hij het gereken dat, daar hij met die hele ding niks te doen had, hij nie oneerlik sou wees nie, om 'n beloning te eis. Hij het toe besluit om 'n voorstel aan die Induna te maak.

Die Induna, met sij kaffers, wat tamelik politiek kon gebruik, als hulle wou, het niks gesê, en het hulle klaar gemaak om weer te vertrek. Hoe ver hulle sou gegaan hê was 'n ander kwessie, maar Frits was oortuig, dat hulle nie te ver sou gaan nie en dat, waar hij ook gaan, hulle nie veraf sou wees nie, en wat hij ook doen, sou hulle daarvan afweet. Net toe hulle op die punt staan om te vertrek, roep hij die Induna opsij en sê: „Het jij daaimans gekrij?"

„Au", sê die ou, „wat weet baas van die daaimans?"

„Baas Collins het mij alles vertel."

„En het baas die daaimans?" vra die Induna ernstig.

„Nee, ik het hulle nie", antwoord Frits, terwijl die Induna hem ernstig staan en aankijk. „Wat was hulle werd?"

„Ek weet nie, baas", sê hij, „maar hulle was 'n heel klomp."

„En wat sal die koning mij gee als ek hem sê waar hulle is?"

„Ai, baas," sê die Induna, terwijl hij, van opgewondenheid vir Frits bij die arm vat, „weet baas dan waar hulle is?"

„Ja, baas Collins het mij gesê waar hij hulle weggesteek het."

„Dan moet basie mij sê, waar is hulle."

„Nee ou, wag 'n bietjie. Jij gaan te vinnig. Ek sal julle

wijs waar hulle is maar dan moet die koning mij vijf duisend pond gee."

,,Ag, basie, en waar sal die koning die geld krij?"

,,Dit weet ek nie. Maar dit weet ek, dat als hij wil weet, waar die goed is, sal hij mij vijf duisend pond moet gee. Ek weet ook, dat als hij dit nie doen nie sal hij hulle nooit weer sien, en hulle kan blij waar hulle is."

Die Induna het 'n tijdjie staan en denk en toe sê hij: ,,Baas, dis 'n groot saak. Ek sal die koning 'n boodskap moet stuur."

,,Nou, dis goed", sê Frits, ,,maak so en sê hem wat ek gesê het en dan kan hij mij laat weet."

,,En, kijk hierso, jij kan hem ook laat weet, dat ek die enigste mens is wat weet waar die goed is en als ek iets oorkom, sal hij hulle nooit krij. Hij moet mij dus nie laat verongeluk nie."

,,Nee, baas," antwoord die Induna met 'n glimlag en hij gaat weg. Kort daarna vertrek twee kaffers met die boodskap, maar die ander blij in die kraal, seker om Frits op te pas en te kijk dat hij nie in tussentijd met die diamante verdwijn nie. Van die tijd af kon hij nergens heengaan of daar is altijd 'n paar kaffers in die nabijheid.

Omtrent tien uur die morre kom die wâ daar aan, maar die mijnbestuurder was nie daarbij nie. Hij het laat weet, dat daar Frits veilig is, sou hij naar die mijn terug gaan, terwijl hij al oor sij tijd weg was, en Frits moes maar met die gewonde man aankom. Hij besluit toe om die wâ daar te hou totdat hij met die kaffers afgereken het.

Met behulp van die kaffers het hij Collins begrawe, en 'n rapport opgetrek, waarin hij alleen vertel dat hij Collins in die bos gevind het, wat sij toestand was en dat hij nou dood was.

Daar dit bijna tien daë sou neem voordat 'n magistraat kon uitkom, het hij hem maar begrawe. Die rapport het hij later aan die magistraat van Middelburg gestuur, en, behalwe dat

hij naderhand 'n ondersoek in die Magistraatshof moes bijwoon, het hij nie verder moeilikheid daarmee gehad nie. Die diamante het hij natuurlik niks van gesê.

Twee dae later teen die middage kom daar bij die kraal drie andere Indunas van Sekekoen aan. Nadat hulle die gewone seremonies van groet deur gegaan het, vra Frits:

„Wel, wat sê julle koning?"

„Baas" antwoord die oudste Induna, „die koning het ons gestuur om met baas te praat."

„Dis goed. Maar wat het julle te sê?"

„Die koning sê, baas, die diamante is sij eie" sê die Induna en hij blij verder stil.

„Ja" antwoord Frits „dit ontken ek ook nie. Wat daarvan?"

„Die koning sal banja blij wees als baas ons wijs waar die diamante is, en hij sal baas 'n persent gee."

„Ja, ja," sê Frits ongeduldig," maar wat vir 'n persent?"

„Die koning het vir mij gesê, Karools gee vir die basie mij beste span rooi Afrikaner osse, en......"

Frits steek ongeduldig sij hand op en sê: „Kijk hier Karools, als dit jou naam is. Ek het die koning laat weet ek wil vijf duisend pond hê. Het hij nie die boodskap gekrij nie?"

„Ja, baas. Die koning het gesê van die span rooi Afrikaner osse en nog van 'n mooi rijperd, met saal en......" en die ou kaffer praat maar aan alsof hij nooit van die vijf duisend pond gehoor het. Frits val hem eindelik weer in die rede.

„Kijk hier ou" sê hij, „mij prijs is vijf duisend pond, en dit is min genoeg. Julle moet blij wees dat ik nie al die diamante vat nie."

En toe glimlag die ou kaffer, soveel als om te sê, dat hulle wel daarvoor sou sorre.

„Julle moet óf sê ja óf sê nee. Wat is julle antwoord?"

„Baas is banja snoep" was die enigste antwoord.

„Snoep, sê jij"? en Frits begin opgewonde te worde. „Is dit wat jij noem snoep, nê? Weet jij wat daardie diamante werd is? Tagtig maal duisend pond, en meer. Met die geld wat 'n mens daarvoor kan krij kan jij al die beeste in Suid Afrika koop, en julle praat van 'n ellendige ou span osse. Dis julle en julle koning wat snoep is. Nie ek nie. Als dit mij diamante is sou ek twintig maal duisend pond wil gee om dit terug te krij. Ek het maar so min gevra omdat ek weet dat julle nie geld het nie, maar die bedrag kan jou koning bijmekaar krij. Hoe hij dit kan doen gaat mij nie aan nie, maar als hij sij diamante wil hê, sal hij dit moet doen. En dit net gou ook Karools."

En Frits draai om en stap weg.

Omtrent 'n uur daarna kom die ou Induna weer bij hem, en sê:

„Baas, ek het met die ander Indunas gepraat en ons het besluit om die vijf duisend pond te betaal."

„So" sê Frits, terwijl sij hart van vreugde klop, en hij met 'n glimlag vra: „En sal die koning tevrede wees?"

„O, baas" sê die ou, terwijl sij geplooide gesig ook in 'n glimlag trek, „ons weet wat die koning mee tevrede sal wees."

Frits was toe jammer dat hij nie meer gevra het nie, want dit was duidelik te sien dat die Indunas orders had om klein te begin, maar om 'n tamelike beloning te belowe om die diamante terug te krij.

„Nou ja" hervat Frits toe „wanneer sal julle die geld bring?"

„Ja baas", sê die ou, „dis nou 'n beetjie moeilik. Baas weet, ons het nie banja kontant nie, en ons sal eers bijmekaar moet maak. Ons kan nie vir baas van die diamante gee nie, want dit is gevaarlik. Ons sal moet die volk oproep om 'n opgaaf te betaal en ons sal moet banja bees verkoop. Als baas ons nou wijs waar die daaimans is, sal ons elke maand 'n klomp geld breng totdat alles betaal is."

„Nee Karools. Mij wet is botter bij die vis. Ek weet julle kan die geld bijmekaar krij als julle koning dit nog nie het nie. Ek het 'n ander plan. Drie weke van vandag af moet julle mij die geld in Middelburg breng en dan sal ik met julle weer saam kom hiernatoe om julle te wijs waar die diamante is."

„Maar vertrouw baas ons dan nie?"

„Nee. Die saak is te groot om daarmee te speul. Als ek julle eers wijs waar die goed is en julle fop mij, dan kan ek niks doen. Ek weet julle is 'n vertrouwbaar kaffer volk, maar ek weet ook dat gierigheid 'n gevaarlike ding is. Julle sal moet maak soos ek sê, of die ding laat staan. Als julle dan die geld gebreng het, sal ek met 'n motorkar hiernatoe kom om julle te wijs waar die goed is."

Hulle het nog 'n lang tijd oor die ding geredeneer, maar Frits het op sij punt gestaan, en eindelik gee die indunas in. Die ding werd toe so afgespreek, en, om kort te wees, so verrig, en, drie weke later was Frits weer op reis naar die kafferkraal met 'n kwitansie van die Nasionale Bank vir 'n oorsending naar Johannesburg van vijf duisend pond in sij sak.

In die motor was ook twee Indunas, een waarvan ou Karools was, wat gekom het om die geld te breng.

Dit het hulle 'n dag en 'n half geneem om bij die kraal te kom, want die paaie was sleg vir'n motor en hulle het tamelik moet sukkel om deur die Olifantsrivier te kom.

Toe hulle bij die kraal kom, was daar bijna twee honderd van Sekekoen se kaffers en Karools vertel aan Frits dat hulle hier was om als wag te staan oor die diamante en hulle naar Sekekoen se stad terug te neem.

Frits het toe, sonder tijdversuim, en gevolg van die hele skare kaffers, vir ou Karools naar die watergat geneem, en daarop wijsende, sê hij: „Daar lê julle diamante."

Karools kijk hem eers verstom aan, en toe sê hij: „Wat, baas, daar in die water?"

„Ja", antwoord Frits, „in die water .Net omtrent daar"

en hij gooi met 'n klip net waar die saalsak verdwijn het. ,,Dit is in 'n saalsaak. Julle moet dit net uithaal."

Een twee, drie, spring 'n paar van die kaffers in die water, want hulle had geen klere om uit te trek nie, en dit was nie lang nie of een van hulle bring die saalsak te voorskijn.

Ou Karools grijp dit, voel dit, maak dit ope en kijk daarin, en sê toe iets aan die ander kaffers, waarop hulle almal begin dans en sing van vreugde.

En hulle had rede daartoe, want hulle het teruggekrij wat feitelik hulle nasionale rijkdom was, 'n rijkdom, wat vele nasies graag in hulle skatkis sou wil hê.

Hulle is toe, kort daarna, weg naar hulle stad en Frits maak sig klaar om ook te vertrek. Terwijl hij besig was om, Jonas bij die motor staan, en sê : ,,Baas!"

,,Ja", sê Frits, ,,wat is dit?"

,,Baas moet mij nou 'n parsela gee."

,,Waarom?" vra Frits.

,,Baas het mos nou banja geld gemaak."

Jonas het natuurlik van een van Sekekoen se volk gehoor wat Frits met hulle afgespreek het, en hij was natuurlik self daarbij toen die diamante weer uit die watergat gehaal was.

Terwijl Jonas daar met 'n glimlag staan en wag vir 'n antwoord het Frits die ding bedenk. Hij was Jonas iets verskuldig vir wat hij vir hem gedaan had. Dit sou beter wees om hem tot vriend te hou, anders sou hij misskien praatjies gaan verstrooi, wat niks meer dan kwaad kon doen. Hij sê toe: ,,Kijk Jonas! Ek is gewillig om jou 'n mooi persent te gee, maar ek het niks bij mij. Hoe sal ons maak?"

,,Baas", antwoord Jonas, wat soos alle kaffers, 'n duisend mijl sal loop als hulle denk om aan die end van die reis 'n goeië persent te krij, ,,ek sal hom kom haal."

„Maar dis ver, Jonas."

„Dis niks, baas", antwoord hij, „ek sal kom. Ek wil ook weet van die laaste ding wat die dolos gesê het."

„En wat is dit?" vra Frits.

„Dis van die vrouw, baas", sê hij, en toe vra hij: „Het baas al die vrouw gesoek?"

En Frits, wat sig herinner, dat Maria blijkbaar niks meer met hem te doen wou hê, sê kortaf „Nee" en klim in die kar. Toe hij wegrij skree Jonas hem agterna: „A nee a baas, die dolos hij lieg nie."

## HOOFSTUK XVII.

# DIE END GOED, ALLES GOED.

Dit was nou ses weke en 'n beetjie meer, dat Frits van Johannesburg weg was, en behalwe 'n paar besigheidsbriewe van Harvey, het hij niks van die wereld waarin hij woon, gehoor. Hervey had hem niks geskrijwe oor Maria en hij wis nie wat aangaan nie.

Soos ons weet, het die brief wat hij aan Maria geskrijwe het haar nooit bereik, en sij het dus ook nie van haar laat hoor nie. Nou dat die gewoel van die besigheid, en die avontuur met Collins en die kaffers oor was, had hij meer tijd om oor sij eie private dinge te denk.

Hij het aan Harvey geskrijwe dat hij nog 'n tijd in die Bosveld sou blij vir besigheid, maar wat of die besigheid was, het hij nie gesê nie, en op 'n brief van Harvey, waarin hij vra wat die besigheid was, het hij nie geantwoord nie.

Al wat hij verder gedaan had was om die dag toe hij van Middelburg vertrek om naar Johannesburg terug te gaan, 'n telegram te stuur dat hij terugkom.

In die trein het hij tijd genoeg gehad om te denk, en hij het die hele middag sit en planne beraam hoe om die hele geskiedenis aan Maria uit te lê. Dit was 'n moeilike storie om te vertel, maar dit sou tog moet gedaan word.

Hij het eers besluit om Harvey met die ganse saak bekend te maak, maar toe dag hij weer, dat dit lafhartig sou wees om dit langs so'n omweg te doen, en dit sou beter wees als hij als 'n man optree, en sij eige moeilikhede uitbaklei.

Hij had geen twijfel dat hij die ding sou kan reg maak, maar die feit, dat Maria nooit sij brief beantwoord het, was vir hem 'n slegte teken. Misskien, dag hij het sij nooit die brief ope gemaak, of, als sij dit gelees het, het sij nie geglo nie wat daarin staan. Maar, daar hij onskuldig was, moet daar 'n middel wees om haar dit te bewijs, en hij begin weer gerus word.

Hij sou, als sij hem nie wou glo nie, en dit was waarskijnlik—want 'n mens is maar al te genege om die slegste te glo—sou hij al die nodige getuigenis bijmekaar maak om vóór haar te lê, en als dit nodig was, sou hij desnoods Nellie, met haar man, self naar Johannesburg laat kom en naar Maria breng.

Intussen wens hij net dat die trein wil vinniger loop sodat hij tuis kan kom en 'n end aan die misverstand maak.

Dieselfde dag sit Harvey in sij kantoor en sij hand was gedurig in sij hare van ongeduld. Daar was verskillende dinge wat hem buitengewone gedagtes gee. Eerstens was daar 'n brief van die bank wat hem meld, dat daar 'n bedrag van vijf duisend pond aangekom het op die krediet van die firma van Harvey en Kok, en wat deur sekere F. Kok van Middelburg gestuur was. Harvey wis natuurlik wie die „sekere F. Kok" was, maar waarvoor die geld was, kon hij nie uitmaak nie.

Frits het hem nie oor die geld geskrijwe nie, daar hij dag dat dit beter sou wees om Harvey self daarvan te vertel, en dat dit veiliger was om nie sulke geskiedenisse op papier te set nie, waar andere mense dit misskien kon sien.

Hij wis heel goed dat Frits nie soveel geld in so'n korte tijd kon verdien nie en hij kon maar nie verstaan nie wat dit alles beteken. Het die geld op hulle Trust Rekening gekom sou hij geweet hê dat dit iemand anders s'n was wat hij gekrij het om uit te lê of op verband uit te set. Maar dit het gekom

op hulle eie rekening, en hij kon die raadsel maar nie oplos nie.

Nog een ding wat hem vreeslik ongerus gemaak het was die rapport wat hij die morre in die koerant gelees het, van die ondersoek naar die dood van Collis ingestel.

Harvey wis heel goed dat hulle vijande was en dat dit Collins was wat die moeilikheid tussen Frits en Maria teweeggebreng het. En hier kom nou 'n wonderlike storie van Frits en Collins alleen in die Bosveld, en Collins met 'n koeël in sij rug.

Die geskiedenis van Hooper en die diamante het natuurlik nie uitgelek nie. Alhoewel Harvey nooit sou gedenk het dat Frits sig aan 'n moord sou skuldig maak, moes hij tog daaraan denk dat als 'n jong man in sij liefdebesigheid gedwarsboom word en hij van 'n slegte karakter is, hij wonderlike dinge kan doen. Maar juis omdat Frits so'n doodeerlike, skoon karakter het is alles so raadselagtig. Maria was die enigste bekend met die vijandskap tussen Collins en Frits, en die Hof van Ondersoek sou natuurlik nie weet dat daar iets agter kon sit nie.

Harvey was nie bereid nie om te glo dat daar iets agter was, maar hij sou ter wille van sij kind van Frits 'n uitleg moet krij.

En dan, hier op sij tafel lê 'n pas ontvange telegram van Frits dat hij met die trein van vijf uur dieselfde middag sou tuis wees. Als Frits, so dag hij, dit waag om naar hem, die van sij rusie met Collins weet, terug te kom en dit so gou na die dood van Collins, en onmiddelik na die ondersoek, dan was hij òf onskuldig, òf hij was een van die brutaalste skelms wat leef.

Hij sit nog en denk, toe daar aan die deur geklop word en hij roep „kom in". Die deur gaat ope en daar kom 'n jong man in wat Harvey heeltemaal onbekend was.

„O! ekskuus", sê hij. „Ek wou meneer Kok gesien hê."

„Hij is nie nou hier nie. Is dit misskien iets wat ek vir jou kan doen? Ek is sij vennoot."

So! Dan is u seker meneer Harvey. Nee, ek wou Kok net groet. Ons is ou maats."

„Dit spijt mij, maar hij is nie vandag hier nie. Wie sal ek sê was hier gewees?"

„Mij naam is De Beer. Jan de Beer."

„Is dit so", sê Harvey, terwijl hij opstaan en Jan sij hand toereik. „Ek is blij om jou te ontmoet. Frits het mij banja van jou vertel. En weet jij, ek wou jou allang gesien hê, maar ek kon jou adres nie krij nie."

„Frits is al ses weke lang weg op besigheid, dus kon ek dit nie van hem krij nie."

„Wat wou jij dan van mij gehad hê?" vra Jan 'n beetjie verwonderd.

„Wel, ek wou jou vra—maar sit neem 'n stoel, dan kan ons beter gesels. Ek wou jou vra, weet jij van 'n—ja, dis 'n beetjie moeilik om te sê—weet jij van 'n meisie af met wie Frits 'n liefdesgeskiedenis had?

„Wat", sê Jan, „Frits?" en hij begin te lag. Als jij soiets gehoor het dan kan jij weet dat dit nonsens is. Frits is nie die soort van kerel nie."

„Maar ek het gehoor van 'n meisie met wie hij so intiem was. Nellie......... ja wat weet ik? Wat is nou die van weer?

.........„Bronkhorst. Dis tog bog die stories" en toen het Jan die ou storietje vir Harvey van a tot z duidelik gemaak.

„So, soo!" sê Harvey is dit nou die geskiedenis!

„Nou ja, mnr. De Beer, dis al wat ek wou weet. Begrijp jou! Die onderskeid is, dat Kok nie die minnaar was nie maar 'n ander en daaroor is nou die praatjie!"

Die aand na die ete het Harvey sij kind op die stoep geroep en daar met haar sit en gesels.

Naderhand sê hij: „En hoe is dit dat mij dogter nog nie van Frits gehoor het nie, of gee sij nie om nie?"

Sij blij stil. Alleenlik set sij haar arm om die nek van die man wat vir haar naas haar moeder die dierbaarste op aarde is.

„Maar gee mij kind nou sulke antwoorde op die vraag van haar vader?" vra hij glimlaggend.

„Dit lijk vir mij of die jonge man jou vergeet het. Hij kon tenminste geskrijf hê?"

Sij blij nog stil. Dit was weer die maanlig skaduwe en die grote blink ster oor Bloemhof en die windroeringkies in die blare en dan hoor sij van „mij sterretje" en sij sien weer vir die man Collins bij die hek instap en onwillekeurig skuif sij teen haar vader vas en sij gee hem 'n soen.

„Ho, ho! Die kind van mij! Dit lijk vir mij bijna of sij met die huisjong nou 'n ander boodskap sal stuur, als die vaalhaar kereltjie weer malle briefies skrijf."

En toen slaat die „sterretje" die ander arm ook om sij nek en sij snik, viral omdat haar moeder nou ook bij haar vader op die rusbank was kom sit. Dit was tog so delikaat vir haar en na die lange weke wat die onrus so groot was, nou kom dit tot 'n punt. Sij voel dit, want waarom gesels haar vader nou weer oor die saak wat vir haar so swaar was?

En hij strijk sij hand saggies oor die golwende hare van sij kind wat die sprekende ewebeeld van haar moeder was.

„Nou, nou mij kind, dit kom alles reg. Vra jou moeder maar. Nie waar nie moeder? Alles was gou reg gekom tussen ons en tot vandaag toe, is sij nog dieselfde gewees. Hij is 'n eerlike jonge man. Sij familie ook is van die fatsoenlikste in die vaderland, hoewel nou juis nie rijk nie."

Nog geen antwoord.

„Mij dogter maak net soos haar moeder. Blij ook maar stil. Het niks te sê."

„Nou dan ook man! Wat sal sij nou ook sê? Sij sê meer deur stil te blij, dan om te praat. Jou vader weet goed genoeg Maria, laat hij maar klaar praat. Hij het dit alles deurgemaak in sij daë."

„Maar moeder hou sij nog van die vaalhaar knapie?"

„Nou, nou Maria! Sê vir jou vader dat jij hem lief het, net so lief het als ik hem hàd en vandaag nog het. Hij verwag tog nie 'n toneelspel hier van jou nie!"

En Maria lag en huil deurmekaar op haar vader se skouer.

„Nou ja, mij kind, jou vader en moeder is helemaal tevrede met jou keuse hoor! Jij was 'n liefste kind vir hulle altijd gewees en ik sal die ou hartjie nou nie meer plaag nie."

En weer strook hij die eiesinnige haargolwinge op sij skouer.

„Maar daar was tog so'n wrijwing tussen julle oor 'n outijse Bloemhof liefdeshistorie. Hoe is dit dan daarmee? Natuurlik hij is onskuldig, so wil jij denk? Jij gee éers jou hart weg en dan skrik jij? Hoe nou gemaak als vader en moeder nou sê daar sal niks van kom?"

En weer skud dit van lag en huil op sij skouer.

„Maar man, waarom die kind nou so tort en terg? Mij kind, jou vader terg vir jou. Steur jou nie daaraan nie."

„Maar...... maar, ik het gehoor wat vadertje"...... en die gemoed loop oor en toen dit weer bedaar het...... „wat vadertje vir moeder van die, die......"

„Hoor jij moeder! Begin ons af te luister. Dit had ik nie van mij kind......"

„Ag man! Waarom so koggel? Maria kom sit hier bij jou moeder."

Maar toen neem die vader sij kind op sij skoot in sij arms, soos hij honderde male in sij lewe gedaan het en hij denk aan die aande toe hij vir haar in sij arms aan slaap gesing het en helaas, helaas, nou sal die ster uit hulle huis gaan verdwijn!

En toen het hij haar die Bloemhof storie vertel en duidelik gemaak wie Collins was en die verhouding tussen hem en Kok en dat die oortjies op sij skoot ope was, kan die leser lig begrijp en toen het hij van Collins se dood vertel sover als hij

dit uit die verslag van die Hof van Ondersoek verstaan het en eindelik het hij gesê: „Morre namiddag is Frits bij die stasie volgens 'n telegram van hem ontvang."

„Moeder, ek wonder of sij daar sal wees?"

En dit was weer die huillaggies van blijdskap.

„Maar ons twee oues sal maar wegblij daar, want onse kind sal ons nie nodig hê nie. Sij wil nou ook haar ouers verlaat."

„Maria, jou vader terg maar. Gaan maar gerus mij kind, en jij blij tog nog altijd onse liewe dogter en sieraad" en daar was moeder toe ook in trane......

En eindelik kom die lange trein tot stilstand en in die gewoel was dit 'n lange tijd voordat Maria Frits sien. Hij was besig om die kruier uit te lê wat met sij bagasie te doen, toen Frits 'n sagte plukkie aan sij mouw voel. Hij kijk verwonderd om en daar staan sij verlege, blosende sterretje.

En sij kon weer niks sê. „Welkom hoor", was al en toen, toen moes sij maar virsigtig wees, want die hart was vol en sij moes maar die grote tevredenheid en salige genot van weer te sien, banja onderdruk.

Frits was ook sprakeloos van blijdskap. En eindelik, na 'n rukkie naar haar gekijk te hê, want hij kon sij oë nie glo nie, het hij gesê: „Waarlik-waar mij sterretje" en toen het hij haar 'n soen gegee, en was die ou wereld weer vir hulle twee so lig om te dra en was alles so helder en lieflik als nooit te vore.

Daar was nog iemand anders wat gewens het dat jonge mense mekaar meer op die perron sou ontmoet met al die fraaie komplimentjes waarvan hij getuië was, en dit was die kruier.

Frits het hom 'n geldstuk in die hand geset en toen hij daarna kijk, was dit 'n pond in plaas van 'n silling en hij was ook blij, want nou kon hij vir sij ou sieke moedertje 'n

winterkombers en warme klere koop wat sij solang al van node had.

Die ou wereld is nie altoos so swart nie, als hij geskilder word.

Frits het natuurlik die volgende dag aan Harvey al die gebeurtenisse van die laaste ses weke vertel. Harvey was nie eers seker of Frits reg gehandel het om Sekekoen die vijf duisend pond te laat betaal nie, maar hij het eindelik tot die besluit gekom dat daarin niks oneerliks gesteek het.

Die firma van Harvey en Kok staan vandag, deur die vermeerdering van bedrijfskapitaal, wat hulle gekrij het, op 'n vaste voet en daar is geen twijfel dat dit nog altoos sal bloei en groei.

En, met plesier kan ons dit melde, het daar onlangs 'n seremonie plaas gevinde, waar Frits en Maria die hoofrol in gespeel het en toen was die gebengel van die kerkklok en oorvloedige limoen bloeisels en konfettie aan die orde van die dag die oggend.

Toe Frits met sij bruid aan sij arm, bij die kerkdeur uitstap, was een van die eerste dinge wat hij sien 'n gebeukte, ouwerwetse pluishoed, onder die randje waarvan die glimlaggende gesig van Jonas sig bevind.

Jonas, bijna meer opgewonde dan die bruidegom self, was bij die bruidsmotor toen hulle opklim, besig om 'n soort van rede te hou, maar al wat Frits kon hoor was:

„Au ! basie die dolos hij lieg nooit."

END.